Drie eeue van onreg

Deur

J P Botha

M.A., B.Ed.,D.Litt.et Phil.

Van dieselfde Skrywer:

Ons Geskiedenis
Elia en Elisa
Met ryperd en Mauser
Voortrekkerpioniers in Oos-Transvaal
Die Mafeking-debakel
Die Bittereinders op die Pad van Suid-Afrika
Paulus, bittereinder vir God
Langs die Toelanie
Adina se briewe
Petrus, die rots
Engelse Skandvlekke
Rut
Josef

Kopiereg voorbehou deur dr J P Botha

Eerste druk Oktober 2005
Tweede druk: Julie 2006

Inhoudsopgawe

1 **Proloog** 3

2 **Voorwoord** 5

3 **Ons voorgeskiedenis** 7

4 **Hollandse gierigheid in die 18e eeu** 22

5 **Engelse arrogansie in die 19e eeu** 57

6 **Skandelike verraad in die 20e eeu** 136

7 **Agtergeblewenes of vooruitgeskowenes?** 186

8 **Quo vadis Suid-Afrika?** 197

9 **Epiloog** 207

10 **Naskrif** 208

1
Proloog

In die begin het die Here die hemel en die aarde geskape. Daarna het Hy die mens gemaak en hom in sy eerste tuiste geplaas in die tuin van Eden, êrens in Klein-Asië. Na die sondeval het die verderf en ongeregtigheid so toegeneem dat Hy dit nodig gevind het om die mens met die sondvloed feitlik van die aarde af te verdelg, met uitsondering van die Noag-gesin. Maar saam met Sem, Gam en Jafet se afstammelinge het die groot verderf maar spoedig weer in volle blom gestaan toe die mens in sy grootheidswaan homself wou herskep in ‘n reënboognasie, wat in staat moes wees om by die toring van Babel sy Skepper uit te daag.

Die almagtige God het hulle met taalverwarring uitmekaar gedryf en apartheid ingestel, sodat hulle in verskillende nasies kon ontwikkel, wat in afsondering van mekaar, die gegewe aarde kon bewoon.

Deur die eeue heen is hierdie Godgegewe reëlings deur die Satan teengestaan in sy pogings om die nasies teen mekaar op te rui en hulle aan te hits om mekaar se grondgebied te verower. Die grotes het hulself verlei om in verwoestende oorloë gruwelike onregsdade teenoor die kleiner nasies te pleeg.

Uit die warboel van Europa se kompeterende nasies, het die Here in die 17e eeu ‘n klein groepie Hollanders aan die Kaap gevestig, wat met sy wil daar moes gedy en ontwikkel en groei tot ‘n selfstandige volk, ‘n nuwe nasie in eie reg, met eie grondgebied en eie taal, ‘n volk wat Hom moes dien en eer en

die lig van die Christelike beskawing onder die barbaredom aan die suidpunt van Afrika moes uitdra.

Dit was die geboorte van die Afrikanervolk, wie se vestiging en groei die afgelope drie eeue lank gekenmerk is deur felle stryd teen meedoënlose onreg wat gedurig teen hom gepleeg is met die doel om sy voortbestaan te vernietig.

In hierdie werk word ‘n poging aangewend om uit ons volksgeskiedenis die verhaal te vertel van drie eeue van onreg wat teen die Afrikanervolk gepleeg is en waarvan hy nog steeds die slagoffer is.

2
Voorwoord

In Suid-Afrika staan die jaar 2005 in die teken van al die ellende van ‘n volskaalse kommunistiese revolusie wat voltrek word. Die swart massas word gebruik om die eertydse hoogsontwikkelde eerste-wêreld land tot in die grond af te breek. Dit gaan bepaard met ‘n intense haat teen die witman in die land, veral teen die Afrikanerdom, wie se voortbestaan hulle ten alle koste wil uitwis, omdat hy reeds eeue lank die vernaamste struikelblok vorm in die pad van die wêreldmag wat besig is om Suid-Afrika volkome onder sy hiel te kry, in sy anti-Christelike strewe om ‘n een-wêreldregering tot stand te bring.

Die vyand is besig om op verskeie terreine van ons volkslewe sukses te behaal. Een daarvan is die opvoeding van ons kinders. Hulle gaan op skool eerlank ingeprent word dat Piet Retief ‘n groot skurk was en Dingaan ‘n wonderlike held, dat dr Verwoerd ‘n wrede onderdrukker en Mandela ‘n vermaarde vryheidsvegter was.

Ek glo egter onwrikbaar vas dat die doel van ons volksplanting hier aan die suidpunt van Afrika nog nie verwesenlik is nie en dat die almagtige God nie sal toelaat dat ons sal verdwyn voordat ons godgegewe roeping nie volbring is nie. Daarom glo ek ook onwrikbaar vas dat ons, ons vryheid weer sal herwin, al sou daar net ‘n Gideonsbende oorbly om die puinhope weer te herbou.

Dit is met die geloof in verwesenliking van daardie hoopvolle vooruitsig dat ek met hierdie boek graag ‘n bydrae

wil maak om veral by ons kinders ons veelbewoë volksgeskiedenis weer te laat herleef. Daarom bied ek dit nie op die gewone wyse aan nie, maar beklemtoon in hoofsaak die feit dat die Afrikanervolk sedert sy ontstaan tot vandag voortdurend teen laakbare onreg moes veg. Alhoewel sy vyand oënskynlik elke 100 jaar van gedaante verander het, was en is hy tot vandag toe nog steeds die allesverswelgende en vernietigende anti-christelike wêreldmag wat na wêreldoorheersing streef.

J P Botha
8 Desember 2004

3
Ons voorgeskiedenis

Nadat die mensdom van die hele Europa uiteindelik uit sy middeleeuse slaap wakker geword het en die groot herlewing van die Renaissance momentum gekry het in ‘n poging om weer die vervloë Romeinse en Griekse beskawings te laat herleef, het daar ‘n verfrissende tydperk van ontwikkeling en vooruitgang plaasgevind op wetenskaplike, kulturele en godsdienstige gebied. Nuwe uitvindings en ontdekkings het die Europese nasies in staat gestel om die onbekende Ooste oor land te bereik en met Sjina en Indië veral in speserye handel te dryf. Venisië het hierin die voortou geneem. Die Florentynse handelaars het die speserye van die Arabiere bekom, wat dit in die Ooste gaan haal het. Die Portugese het dit met hulle skepe by Konstantinopel en Alexandrië gaan haal en na Lissabon vervoer, waar dit deur die ander nasies, veral die Engelse en die Hollanders, weer gekoop en oor die res van Noord-Europa versprei is.

Die speseryhandel het floreer, ten spyte van die feit dat dit peperduur was. Te veel belanghebbers, wat almal daaruit wou geldmaak, het die pryse die hoogte laat inskiet. Die roete oor land deur Klein-Asië na Indië, was gevaarlik weens aanvalle deur struikrowers en die vyandigheid van die Mohammedane teenoor hulle tradisionele vyand, die Christene.

Hierdie landroete was baie lank en dit het baie tyd geneem om die gesogte Oosterse handelsware te bekom. Die Turke het Konstantinopel in 1453 ingeneem en later het Alexandrië ook in hulle hande geval. Daarna was die pad na die Ooste vir Europese handeldryf feitlik gesluit.

Prins Hendrik die Seevaarder

Vir Portugal, die ou klein landjie op die Iberiese skiereiland, was dit van lewensbelang om die winsgewende handel in speserye voort te sit en uit te brei. Daarom is ernstig gedink aan die moontlikheid om Indië en die spesery-eilande met ‘n seeroete te bereik, indien ‘n seeweg om die suide van Afrika gevind kon word. Die Portugese prins, Hendrik die Seevaarder, het ‘n groot aandeel gehad in die latere sukses wat die Portugese uiteindelik hiermee behaal het. Hy was ‘n vooruitstrewende en vêrsiende leier. Alhoewel hy tot sy dood in 1460 nooit persoonlik aan enige ontdekkingsreis deelgeneem het nie, het hy veel gedoen om die Portugese belangstelling en strewe te bevorder.

Portugese skepe het al verder suidwaarts langs die weskus van Afrika die onbekende oopgebreek. Hulle het in 1419 tot by Madeira gevorder en dit ingeneem. ‘n Paar jaar later neem hulle die Asore in besit en in 1434 vaar hulle om Kaap Bojader. Twaalf jaar later kom hulle tot by die mond van die Senegal.

Tot hiertoe was daar aan die kuslyn net Saharasand, maar toe kom hulle by ‘n pragtige groen streek en noem dit Cabo Verde. In 1471 het hulle die ewenaar oorgesteek en in 1484 het Diego Cam die mond van die Kongo bereik. Toe hulle by die Slawekus en Nigermond verby is, het hulle vasgestel dat die kus weer suidwaarts.loop.

Daarna het die Portugese probeer om Guinee as handelsentrum in te rig, want daar kon peper gekweek word. Maar hierdie poging het misluk en daarna is ‘n ernstige poging aangewend om verder suid om Afrika die seeweg na Indië te probeer vind.

Bartholomeus Diaz

Die seevaarders het nie in die noordelike halfrond probleme met koersbepaling ondervind nie. Hulle het deur middel van die poolster vasgestel op watter breedtegraad hulle hul bevind het, maar in die suidelike halfrond het die ster ontbreek. Die stand van die suiderkruis was aan hulle nog onbekend. ‘n Neurenbergse kosmograaf, Martin Behaim, het egter aan die einde van die vyftiende eeu ‘n instrument, die astrolabium, uitgevind waarmee met behulp van die hoogtehoek van die middagson, die breedtegraad waar hulle hul bevind het, bepaal kon word.

Toe koning Johan II van Portugal dus in 1487 aan die jong edelman, Bartholomeus Diaz, wat die opsigter van die koninklike Guinee-pakhuise in Lissabon was, opdrag gee om ‘n ekspedisie te organiseer met die uitsluitlike doel om ‘n poging aan te wend om om die suidpunt van Afrika te vaar en die seeweg na Indië te ontdek, het Diaz sy taak met selfvertroue aangepak. Hy het met twee klein vaartuigies van 50 ton elk en ‘n voorradeskip in Augustus 1487 die mond van die Taagrivier verlaat op sy geskiedkundige tog na die suide.

Diaz het dig by die kus gehou en so ver as wat hy gegaan het aan die kape en baaie, name gegee. Toe hulle uiteindelik by Angra Pequena (Luderitzbucht) kom, het hy daar ‘n klipkruis geplant. Op 26 Desember het sy skepe by die huidige Elizabethbaai verbygevaar. Teen die tyd dat hulle die breedte van St. Helenabaai bereik het, was die land nie meer in sig nie. ‘n Storm het die skepe blykbaar te ver suid gedryf. Toe die storm na ‘n paar dae bedaar, het hulle die land weer gesoek deur ooswaarts te vaar, maar dit het misluk, want hulle was reeds al suid van die suidpunt van Afrika. Hulle het dit besef

en toe in ‘n noordelike rigting begin vaar en by land uitgekom, wat na alle waarskynlikheid die huidige Visbaai was.

Hier het die eerste Blankes in die geskiedenis op Suid-Afrikaanse bodem getrap. Omdat hier geen vars water was om in te neem nie, het hulle verder gevaar tot by die waterryke Mosselbaai. ‘n Aantal matrose het hier aan wal gegaan. ‘n Klompie Hottentotte wat daar rondgedwaal het, het hulle gesien en die bosse ingevlug, maar ‘n rukkie later het hulle teruggekeer toe die Portugese besig was om water in te neem en hulle met klippe begin bestook. In die skermutseling wat gevolg het, is ‘n Hottentot doodgeskiet. Dit was die eerste bloed wat gevloei het in die stryd tussen wit en swart in Suid-Afrika.

Diaz-hulle het die tog voortgesit tot by Algoabaai. Hier het die matrose by hom aangedring om om te draai en na die vaderland terug te keer, want hulle was moeg geveg teen die see en die storms en die gevreesde skeurbuiksiekte, wat onder hulle geledere gemaai het en veroorsaak word deur die gebrek aan vars voedsel op die skepe. Na onderhandeling het Diaz hulle oorreed om nog drie dae lank verder ooswaarts te vaar. Hulle het die “Infante”-rivier bereik. Waarskynlik was dit die Keiskama. Hier het Diaz baie teen sy sin maar omgedraai en die lang seepad terug huis toe aangepak.

Hy het besef dat hy die groot Afrika-versperring op die seeweg na die Ooste baasgeraak het en dat hy reeds al ver om die suidpunt van die groot kontinent gevorder het, want die kuslyn het nou in ‘n noord-oostelike rigting gestrek, terwyl hulle in ‘n warm seestroom gevaar het. Hy het geweet dat hy die seeweg na Indië ontdek het.

Op sy terugreis het Diaz in April 1488 ‘n kaap ontdek wat hy Cabo Tormentoso (Stormkaap) genoem het, maar later verdoop het tot Cabo de Boa Esperanca, Kaap van Goeie Hoop, want sy ontdekkings het goeie hoop vir die seeweg na Indië gebring.

Nadat hulle ook op die lang terugreis groot ontberings gely en baie gevare trotseer het, waarin die voorradeskip nie die tog oorleef het nie, het Diaz met sy twee skepe na afwesigheid van ‘n jaar en ‘n half in Desember 1488 weer in sy vaderland teruggekeer. Portugal se droom kon nou verwesenlik word, want die suidpunt van Afrika is ontdek en die seeverkeer tussen die Weste en die Ooste kon nou ‘n werklikheid word, maar daar het byna tien jaar verloop voordat daar weer aandag aan hierdie groot onderneming bestee is.

Vasco da Gama

Intussen het Christoforus Columbus in 1493 op ‘n weswaartse oseaanvaart vanaf Spanje wat hom geborg het, Amerika ontdek. Hy het vas geglo dat hy al om die ronde aarde geseil het en by Indië uitgekom het. Dit was vir die Portugese ‘n ernstige aansporing om Bartholomeus Diaz se ontdekkings op te volg en langs die seeweg om die suidpunt van Afrika met die Ooste handel te dryf.

Die man wat koning Manuel I in 1497 met ‘n vloot van 4 skepe en ‘n bemanning van 170 uitgestuur het om Diaz se werk te gaan voltooi, was die 38-jarige Vasco da Gama (1460-1524), ‘n vrygesel en seun van ‘n magistraat. Hy was van ‘n ander stoffasie as die sagmoedige Diaz. Hy het nie veel seevaartkennis gehad nie en moes maar op sy loodse staatmaak, maar hy was streng, ferm, onbuigbaar en opvlieënd van aard en

sou nie maklik voor ‘n vyand swig of die aftog blaas nie. Hy het voor Manuel ‘n eed afgelê “om uit te gaan om die oseane en lande van Indië en die Ooste te ontdek.”

Sy vloot het op 8 Julie 1497 vertrek. Een van die matrose, Petro de Alanquer, was Diaz se loods op sy ontdekkingsreis. Diaz se broer Diego Diaz, het die tog meegemaak as Da Gama se sekretaris. Bartholomeus Diaz self, het ook ‘n entjie met hulle saamgegaan om Da Gama “op die regte koers te bring.” Waarom hy met sy kennis en ervaring nie die tog enduit meegemaak het nie, is ‘n onbeantwoorde vraag.

Nadat hulle die Kanariese en Kaap Verdiese Eilande verby is, het hulle eers suidoos gevaar, maar daarna het hulle die kuslyn verlaat en in ‘n suidwestelike rigting die eentonigheid van die Atlantiese Oseaan 96 dae lank verduur. Hulle wou die storms en seestrome vermy wat Diaz naby die land moes trotseer. Op 4 November het daar weer land sigbaar geword.

‘n Paar dae later vaar hulle St. Helenabaai binne en vertoef daar ‘n week om die skepe se seile te herstel en brandhout en water in te neem. Dáár het ‘n botsing plaasgevind met ‘n klompie strandloper-Hottentotte, waartydens Da Gama self en ‘n paar van sy manskappe gewond is.

Die vloot het op 22 November om die Kaap van Goeie Hoop gevaar en drie dae later in Sao Bras (Mosselbaai) aangekom. Daar het hulle die voorradeskip opgebreek en sy lading op die ander skepe gelaai. Hulle het hier ook strandloper-Hottentotte raakgeloop en ‘n bietjie ruilhandel aangegaan en ‘n bees of meer bekom vir snuisterye soos krale en koperdraad.

Toe die Portugese begin om water vir die skepe in te neem, het die Swartes skielik vyandig geword. Hulle beskou die water as hulle eiendom wat nie van die land af weggedra mag word nie! Toe Da Gama op die eiland in die baai 'n kruis inplant, het die Hottentotte begin om dit te verniel, maar 'n paar skote wat op hulle gelos is, het hulle die land laat invlug.

Die skepe het hul vaart voortgesit en aangesukkel in die storms en teen die warm Agulhasstroom, maar op 25 Desember het hulle behoue aangekom by 'n pragtige, bosryke kus, waarskynlik dié van Pondoland. Da Gama het dit Terra de Natal genoem, ter herinnering aan Kersdag. Hulle is verder langs die kus op en kom op 11 Januarie 1498 by die mond van 'n riviertjie wat hulle Rio do Cobre (Koperrivier) genoem het, want die Swartes wat
hulle hier aangetref het, was nie Hottentotte nie maar Bantoes, wat allerhande koper-voorwerpe by hulle gehad het.

Op 25 Februarie 1498 het Da Gama by Kilimane aangekom en persoonlik kennis gemaak met hulle tradisionele godsdiens- en handelsvyand, die Mohammedane. Hulle was 'n gemengde ras van Bantoes, Arabiere en Perse, wat vanaf Mosambiek met die Ooste handelgedryf het.

Da Gama het 32 dae by Kilimane vertoef om sy gehawende skepe weer op te knap. Die inwoners was aanvanklik vriendelik, maar toe hulle later besef dat die Portugese as handelsmededingers gekom het, was hulle oral waar Da Gama gekom het, vyandiggesind. Portugal het later daarin geslaag om die handelstryd in die Indiese Oseaan teen die Arabiere te wen.

Da Gama het Mombasa besoek en by Malindi aangedoen, waar hy gelukkig die diens van 'n inheemse stuurman verkry het, wat hom oor die Adriatiese See na Kalikoet vergesel het. Hy het met die Hindoevors van Kalikoet 'n handelsverdrag gesluit en in Augustus 1498 die terugreis aanvaar en in September 1499 weer in die vaderland aangekom, na afwesigheid van twee jaar, met net twee van die vier skepe en net een derde van die bemanning, wat nie hul lewens weens skeurbuik en ander oorsake verloor het nie.

Stigting van die Portugese koloniale ryk

Da Gama is met groot eerbetoon weer in sy vaderland terug ontvang. Hy is tot edelman en admiraal verhef en in 1503 is die hele Portugese vloot aan sy sorg toevertrou. Deur sy werk en dié van manne soos Petro Cabral, Francisco d' Albuquerque (spreek uit: De Alboekerk) en Francisco d' Almeida, het die Portugese nie net die Arabiere se mag in die Ooste gebreek nie, maar vir hulle self 'n uitgebreide koloniale ryk in die Indiese Oseaan, langs die Ooskus van Afrika en in Indië opgebou. In hierdie gebiede het die kruis uiteindelik oor die halwe maan geseëvier.

Die Portugese besettings het egter nooit verder as die kuslyn gestrek nie. Toe hulle agterkom dat hulle nie winsgewend met die Swartes kon handeldryf nie, het hulle hul links laat lê en hulle op hul Oosterse handel toegespits. Buitendien was elke kontak wat hulle met die Swartes gemaak het, onaangenaam. Francisco d' Almeida, die eerste onderkoning van Indië, het in die Tafelbaaise strand saam met 50 matrose 'n roemlose dood gesterf in 'n geveg met misrabele barbaarse Hottentotte. Dit het die Portugese afgeskrik. Die

Kaap was vir hulle net ‘n lastige hindernis, wat die seeverkeer na Indië baie verleng en gevaarlik gemaak het. Daarom het hulle hierdie suidpunt van Afrika, met sy gevaarlike storms en seestrome en gebrek aan natuurlike hawens liewer vermy en hulle vars vleis, groente en vrugte by Mosambiek en St. Helenabaai ingeneem.

Die opkoms van Nederland

Die Portugese het byna ‘n eeu lank die wêreldhandel beheer. Speserye en ander handelsware wat in die Ooste bekom is, is vanaf Lissabon oor Noord- en Suid-Europa versprei. Ander nasies, hoofsaaklik die Nederlanders, het dit gretig daar kom koop en dit winsgewend aan die Westerse wêreld voorsien. Die Nederlande is geografies baie gunstig geleë langs die besige seeroete tussen Noord- en Suid-Europa. Die bevaarbare waterweë van die groot riviere, die Ryn, Meuse en Scheldt, het die handelsmoontlikhede met die res van Europa bevorder.

Die Nederlandse handel het vroeg in die 16e eeu begin bloei, ten spyte van die feit dat hulle vanaf 1568 ‘n dralende oorlog wat 80 jaar geduur het, teen Spanje moes veg. Hierdie lang stryd tussen Rooms-Katolieke Spanje en die Protestantse Nederlanders het ontwikkel in ‘n nasionale oorlog, waarin die vasberade Hollandse Geuse nie tou opgegooi het voordat hulle hul vryheid in 1648 met die Vrede van Munster ontvang het nie. Die sewe noordelike provinsies, Holland, Zeeland, Utrecht, Friesland, Groningen, Overysel en Gelderland, het tydens die langdurige oorlog alreeds in 1579 die Unie van Utrecht gesluit en daarmee die Republiek van die Nederlande in die lewe geroep. Suid-Nederland het België geword en

Amsterdam het belangriker as Antwerpen en Brugge geword en ontwikkel in ‘n reusagtige handelsentrum.

Die Nederlandse handel het bly ontwikkel en begin om te floreer ten spyte van hul langdurige stryd teen Spanje. Van hul skepe het naderhand selfs handelsware wat die vyand nodig gehad het, aan hulle gaan verkoop! Die Hollandse ondernemingsgees en handelsvernuf het geen perke geken nie. Hulle het elke moontlike geleentheid gebruik en suksesvol ontwikkel. So het daar ‘n florerende visnywerheid ontstaan. Die Hollandse riviere en kuste is vol van allerhande eetbare vis. Die Nederlandse haringhandel het geweldig uitgebrei. Die sout vir hierdie nywerheid het hulle in Frankryk en Spanje gaan haal.

Sedert die middeleeue was die Nederlandse tekstielnywerheid al in Europa bekend weens die hoë gehalte van hul laken- en linnewewery. Na die Spaanse verowering van die Suid-Nederlande, het die laken- en linnewewers hulle in Leiden en Haarlem gevestig. Daarna het laken en linne van die allerbeste en fynste soorte, kosbare artikels vir die binnelandse en buitelandse handel geword.

Die Nederlanders was van oudsher reeds selfversorgend aan lewensmiddele soos graan, groente, slagvee, kaas en botter. Hulle het hul veral met erns toegespits op suiwelproduksie, en roem oor die hele Europa ingeoes vir die lekker smaak van hul kaas en botter wat uitgevoer is.

Die Hollanders, wat maar in ‘n ou klein landjie gewoon het, het na mate hul boerdery, landbou en veeteelt toegeneem het, behoefte aan meer grond gehad. Hulle het groot moeite gedoen om land in te dyk en droog te lê. Die oppervlakte van

Noord-Holland en Zeeland is byna onherkenbaar verander en die plattelandse bevolking het aansienlik toegeneem.

Die opbloei en sukses van die Nederlandse handel is grootliks bevorder deur die verligte en verstandige handelsbeleid waarmee hulle dit bedryf het. Die handelaars is nie gekniehalter deur diskriminerende tolle en belastings nie. Selfs vreemdelinge is toegelaat om onbelemmerd in Nederlandse hawens en stede handel te dryf. Die Stategeneraal en die Provinsiale State het hulle geensins met die handel ingelaat nie, sodat gesonde ondernemingsgees nie gekortwiek is nie.

Die Nederlanders het by uitstek Europa se vragvaarders geword. Hulle skepe het nie net die Oosterse produkte wat deur die Portugese tot by Lissabon gebring is, deur Europa versprei nie, maar was nodig om eie produkte uit te voer en die nodige grondstowwe vir hul nywerhede te gaan haal. Daarvoor was baie skepe nodig. Die ondernemende Hollanders het self hulle skepe gebou. Hulle het die nodige timmerhout in Noorweë gaan haal, by die Zaanrivier houtsaagmeulens opgerig en hul skeepsbouery daar ingerig. Teen 1640 het die Hollandse skeepswerwe nie minder nie as 2 000 skepe per jaar gebou. Hulle het ook nie soos die Engelse en Franse net een tipe skip gebou nie. Hulle het een vir militêre doeleindes ontwerp en ‘n vragskip vir handeldryf gebou.

Die gevoel van samehorigheid wat gedurende die Tagtigjarige Oorlog tussen die Hollanders gegroei het, is deur hul handelsukses bevorder. Dit het ontwikkel in ‘n gesonde patriotisme, ‘n vaderlandsliefde wat geseëvier het met die Vrede van Munster in 1648, toe die Republiek van die Nederlande deur vriend en vyand erken is.

Die Hollanders het onverskrokkenheid, deursettingsvermoë en ondernemingsgees van die hoogste gehalte aan die dag gelê. Portugal het agter geraak. Sy verouderde skepe en korrupte administrasie het daartoe bygedra. Spanje het net oë gehad vir Suid-Amerika. Duitsland was na die Dertigjarige Oorlog van 1618-1648 totaal versnipper. Frankryk was verswak deur al sy godsdiensoorloë, maar Engeland het ‘n bloeityd belewe onder regering van koningin Elizabeth I. Hulle handel en seevaart het sterk toegeneem. Die Engelse het dan ook later die Hollanders se gedugte mededingers geword.

Toe dit vir die Hollanders gevaarlik word om die vyandige Spaanse en Portugese hawens binne te vaar, het hulle ander weivelde gaan soek. Dit was nie lank nie of hulle skepe vaar deur die Middellandse See na Italië en tot by Konstantinopel en ander Turkse hawens. Hulle gaan haal sout by die Kaap Verdiese Eilande en vaar tot by Guinee aan die Goudkus en tot by die Ivoorkus. Hulle het selfs ‘n poging aangewend om die Ooste oor Noord-Europa te bereik en daarin geslaag om die handel met Noord-Rusland van die Engelse af te neem. Hulle vaar selfs na die Portugese kolonie, Brasilië, ten einde die gesogte brasiel-hout te bekom.

Stormkaap word halfwegstasie

Aan die einde van die 16e eeu was die Hollanders nie meer tevrede om bloot vragvaarders vir die Portugese te wees nie. Hulle het besluit om self die rykdomme in Oos-Indië te gaan haal. Hulle het ‘n maatskappy gestig en op 2 April 1595 het hulle vanaf Teksel met die vier skepe, die Hollandia, die Mauritius, die Amsterdammer en die Duifken *in den naeme des Heeren*, onder leiding van Jan Huyghen van Linschoten en Cornelis de Houtman, om die Kaap gevaar tot by Madagaskar.

Hier het hulle twee weke lank vertoef om die gehawende skepe weer seevaardig te kry en die bemanning wat nog geleef het, geleentheid te gee om van die skeurbuik-siekte te herstel. Hulle het op 23 Julie 1596 by Bantam, op Java aangekom en keer weer op 15 Augustus 1597 te Teksel terug, nadat hulle byna 2½ jaar weg was.

Dit was ‘n rampspoedige reis. Ongeveer 150 man het gedurende die reis aan skeurbuik omgekom. Die 100 man wat oorgebly het, was te min en te swak om die vier skepe weer tuis te besorg. Daarom het hulle die Amsterdammer, wat een van hul beste skepe was maar tydens die reis onklaar geraak het en nie meer seevaardig was nie, aan die brand gesteek om te verhoed dat hy in Portugese hande val.

Hierdie eerste tog van die Hollanders was nie juis ‘n handelsukses nie, maar hulle het nou gesien dat hulle in staat was om self na die Ooste te vaar en was vasbeslote om met beter voorbereiding, meer oorleg en meer ervaring, ‘n winsgewende handel met die verre Ooste op te bou. Hulle het dadelik nog drie maatskappye in Amsterdam gestig, in Rotterdam twee, in Seeland twee en in Delft een. Die handel het begin om te floreer.

In 1598 het daar 28 groot skepe vir drie van hierdie maatskappye na Indië gevaar, maar die winste het intussen onrusbarend begin daal, omdat die verskillende maatskappye genadeloos met mekaar begin wedywer het. Dit het die winste soveel laat daal dat van die kleiner maatskappye bankrot gespeel het en die groot Hollandse en Seeuse maatskappye feitlik voortdurend in ‘n handeloorlog teen mekaar verkeer het. Die belowende Hollandse handel met die Ooste het gevaar geloop om ‘n ernstige knou te kry, maar vêrsiende en

invloedryke manne soos Oldenbarnevelt en Prins Maurits het met die Stategeneraal se hulp daarin geslaag om die maatskappye te verenig in één sentrale liggaam, die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie.

Hierdie HOIK is bestuur deur 17 direkteure, wat die hoogste mag besit het en die monopolie ontvang het van die algehele handel met die Ooste vanaf Kaap die Goeie Hoop, in die Indiese Oseaan, tot selfs oor die groot Stille Oseaan, tot by die Straat van Magellaan. Hulle skepe het die speseryeilande Ambon en Banda en die Molukke besoek en die Portugese daar verdryf. Hulle het ‘n sentrale bestuur in Oos-Indië in die lewe geroep en die Engelse in 1609 uit Djakarta op die eiland Java verjaag en hulle hoofkwartier, Batavia, daar gebou.

Die behoefte aan ‘n verversingspos

Die Kompanjie het van die begin af op hulle reise om die Kaap na Indië ‘n groot behoefte ervaar aan ‘n geskikte verversingspos, waar die skepe vars water en voedsel kon inneem want die gevreesde skeurbuik-siekte het op die lang reise onder die matrose gemaai. Op die heenreis na Indië het die skepe dikwels aan die Kaap water ingeneem en op die terugvaart weer by St. Helena aangegaan.

Om vars vleis in die hande te kry, het hulle ‘n aantal skape op die eiland aangehou. Wanneer die skepe dan daar aandoen, het die matrose van die skape gevang en geslag. Die skape het mettertyd van die alleenbly op die eiland taamlik wild geword. Daar is toe van honde gebruik gemaak om hulle te vang, maar toe gebeur dit dat van die honde op die eiland agtergebly het en ook wild geword het en die skape opgevreet het. Buitendien het Engelse skepe ook begin om die eiland te besoek en die

vrugte en alles wat eetbaar was te stroop. So het St. Helena as verversingspos misluk.

Maar toe strand daar op 25 Maart 1647 ‘n retoerskip, de Nieuwe Haerlem, in Tafelbaai. Die bemanning en die grootste deel van die vrag is gered. Veertig man is deur die retoervloot van Hollebrant de Jongh na Holland geneem. Daar het 60 agtergebly om die voorraad te versorg. Onderwyl hulle gewag het om ook huistoe geneem te word, het hulle in die Tafelvallei ‘n fortjie gebou, met die naam Zandenburgh.

Die skipbreukelinge het bykans ‘n jaar in Tafelbaai gewag op die aankoms van ‘n retoerskip vanaf Batavia, wat hulle weer na Holland geneem het. Twee van hulle, Leendert Janszen en Matthys Proot, het ‘n verslag van hulle verblyf aan die Kaap opgestel en dit voor die Here XVII gelê. Hierin het hulle die stigting van ‘n verversingspos of halfwegstasie in Tafelbaai bepleit. Alhoewel hulle dit baie sterk aanbeveel het en die H O I K dit in beginsel goedgekeur het, het hulle eers vier jaar later sover gekom om vir Jan van Riebeeck Kaap toe te stuur met die opdrag om hier te lande ‘n verversingspos te kom oprig, waar verbyvarende skepe van vars water en voedsel voorsien kon word.

4
Hollandse gierigheid in die 18e Eeu

Toe Jan van Riebeeck met sy gevolg op 6 April 1652 in Tafelbaai aan wal stap, het hy gedink hy kom ‘n verversingstasie aan die Kaap oprig, waar verbyvarende skepe op pad na die Ooste en terug, vars voorrade voedsel en water kon bekom. Hy het nooit kon droom dat hy in die geskiedenis van Suid-Afrika bekend sou staan as volksplanter van die Afrikanernasie nie. Ewemin was dit ook die doel van sy sending deur sy sewentien Hollandse geldbase, wat maar net deur hierdie stap hul florerende handel met die Ooste wou bevorder. Van Riebeeck self het ook van die begin af duidelik laat verstaan dat die Kaap nie sy eind-mikpunt is nie. Hy het tien jaar lank begeer om met bevordering na Batavië oorgeplaas te word, wat toe ook gebeur het.

Gedurende sy verblyf aan die Kaap moes hy noodgedwonge maatreëls tref wat die tydelike verversingstasie aan sy doel moes laat beantwoord. Daar kon nie in die behoeftes van die verbyvarende skepe voorsien word, indien vleis, graan, groente en vrugte nie op eie bodem geproduseer word nie. Daarom het Van Riebeeck reeds in 1657 aan ‘n paar van sy amptenare, met toestemming van die Here XVII, klein stukkies grond toegeken om op te boer. Hulle is “vryburgers” genoem. Hierdie maatreël het van die halfwegstasie ‘n permanente kolonie gemaak.

Onreg teen Van Riebeeck

Die Here XVII het verwag dat die "koopman" wat hulle Kaap toe gestuur het om hier 'n verversingspos te kom stig, dit sonder geld moes kom doen. Van hom is verwag om met 'n klompie siek en honger manskappe dadelik 'n fort te bou wat ongeveer 80 persone kon huisves. Toe hulle agterkom dat hy by geleentheid 'n aantal matrose van besoekende skepe ingespan het om met die fortbou te help, het die Here XVII hom dit belet en vir hom laat weet dat die arme besoekende matrose moet rus, want die Kaap word nie ontwikkel om gesonde mense siek te maak nie, maar juis om siekes gesond te maak!

Van Riebeeck het reeds in sy eerste brief aan die Kompanjie se regering in Batavia geskryf dat daar aan die Kaap genoeg werk vir duisend mense was en dat hy in tye van siekte skaars 50 man op die been gehad het om al die werk te doen. Hy het sy hande vol gehad om met slegs 90 "swacke oncundige" mense die mas op te kom. Hy moes almal van raad bedien en het as boumeester, grawer, tuinier, boer, timmerman, messelaar en smid sy hande vol gehad om almal aan die gang te hou.

Die arbeidstekort, saam met 'n swaar droogte en dan weer die winter se "uijttermaten swaren hagel- en regenbuijen" en siektes, het Van Riebeeck in sy dagregister laat skryf dat hulle besig is om "een arm ende ellendich leven" te lei. In plaas dat hulle die besoekende skepe van kos voorsien het, het die skepe vir hulle kos gebring. Op 15 April 1654 het Van Riebeeck aan die Here XVII geskryf dat hy baie spyt voel dat hulle nog nie daaraan gedink het om hom na Indië te bevorder nie. Hy vra dat sy salaris van 75 gulden tot 150 gulden verhoog moet word. Maar daarvoor het die suinige geldwolwe nie kans gesien nie.

Hulle het hom probeer troos deur hom die titel van Kommandeur aan te bied met 'n salaris van 90 gulden per maand, met die belofte dat hierdie bedrag moontlik in die toekoms verhoog kan word, want hy doen tog sulke goeie werk vir die Kompanjie!

Van Riebeeck is oorspronklik aangestel as koopman en "opperhoofd" van die Kaap. Hy wou egter nie graag "koopman" genoem word nie en het die titel van Kommandeur verwelkom.

Onreg teen die vryburgers

Net so min sorg en aandag as wat die Kompanjie aan Van Riebeeck en sy mense met hul landing en vestiging aan die Kaap gegee het, het die Here XVII ook aan die eerste vryburgers bestee, wat tog met hulle toestemming deur Van Riebeeck van hulle ampspligte vrygestel is en die ou klein stukkies grond ontvang het om op te boer. Daar was darem voorwaardes: Hulle sou 12 jaar lank nie belasting betaal nie en die Kompanjie sou hulle produkte teen vasgestelde pryse koop. Hulle kon darem met die Hottentotte handeldryf en het 'n bedraggie geld ontvang vir die aankoop van implemente, saad, ensovoorts.

Geen aansoek om vryburger aan die Kaap te word, is uit Holland of Batavia ontvang nie. Daarom het Van Riebeeck 'n paar van sy gewillige amptenaartjies van hulle ampspligte onthef. Hulle het toe in 1657 die eerste vryburgers geword. Hierdie datum kan aangeteken word as die geboortejaar van blank Suid-Afrika.

'n Groep van vyf mans het 'n stuk land oorkant die Amstelrivier bekom, sowat drie kilometer vanaf die fort. Hulle

leier was Harmen Remajenne. Hulle nedersetting is *Harmenskolonie* genoem. Hulle is aangesê om graan te produseer. ‘n Groep van vier mans wat ook vrygestel is, het grond bekom by ‘n plek wat *Rondebosch* genoem is. Hulle leier was Steven Jansz en hulle nedersetting het bekend gestaan as *Stevenskolonie.*

Hierdie eerste vryburgers het ‘n harde stryd gevoer om die mas op te kom. Hulle het niks van boerdery geweet nie, maar was darem al ‘n paar jaar lank gewoond aan die grille van die Kaapse klimaat. Toe hulle uiteindelik daarin slaag om ‘n bietjie koring te produseer, het die Kompanjie nog nie eers die prys vasgestel wat hulle daarvoor wou betaal nie. Uiteindelik is dit tog gedoen, maar dit was só laag dat dit nie eers die arme vryburgers se onkoste gedek het nie. Hulle het ‘n petisie opgetrek en aan Van Riebeeck oorhandig. Hy het hulle daaroor geskrobbeer en ‘n sedepreek gelewer en vir hulle vertel hoe gelukkig hulle is om vryburgers aan die Kaap te wees.

Later is meer amptenare toegelaat om vryburgers te word, want die Kompanjie het gemeen dat hierdie persone dan tog van hulle nekke af is en nie meer as amptenare betaal hoef te word nie. Van Riebeeck se strewe om die Kaap deur die vestiging van vryburgers selfversorgend te maak, het maar net ‘n wensdroom gebly, hoofsaaklik as gevolg van die kortsigtige beleid en selfsugtige houding wat die Here XVII teen die vryburgers ingeneem het.

Die vryburgers wat moes boer, het ten spyte van terugslae en mislukkings na ‘n paar jaar tog hul voete gevind, nieteenstaande die wispelturige beleid wat die Kompanjie teenoor hulle gehandhaaf het. Skaars vier jaar na die eerstes se vestiging, word Van Riebeeck aangesê om nie nog meer

persone aan te stel nie. Dit sou dan te gevaarlik wees, sê hulle, want in oorlogstyd sal die koste om hulle te beskerm, te hoog wees!

Skaars vyf jaar later, toe Holland in 1667 in ‘n handelsoorlog met Engeland betrokke raak, was die HereXVII bang dat hulle Kaapse besitting dalk verower kon word. Hulle besluit toe dat dit veel goedkoper is om meer vrybugers aan te stel, wat hulself in ‘n oorlog kon verdedig, as om die garnisoen te versterk!

In antwoord op Van Riebeeck se smeekinge om tog gesonde immigrasie uit die Moederland aan te moedig en om die garnisoen te versterk, het die Kompanjie gemeen dat dit veel goedkoper sou wees om slawe uit die Ooste in te voer en het dit toe gedoen. Maar daar was darem al tien jaar na die stigting van die verversingstasie, buiten die amptenare, slawe en bandiete, ‘n paar vrye vissers, kleremakers, bakkers, timmermans, houtsaers, tuiniers, ploeg- en wamakers, messelaars en jagters aan die Kaap. Vir die klein totale sieletal van die Kaapse bevolking van 144, was dit ‘n merkwaardige verskeidenheid.

Hulle almal, maar veral die landbouers, het die mas moeilik opgekom. Dié wat egter vasberade was, het die Kaapse verversingstasie in ‘n bevolkingskolonie verander. Maar die Nederlanders het nie soos die Engelse, Spanjaarde en Portugese die belangrikheid van ‘n bevolkingskolonie besef nie, omdat Holland al sy koloniale bedrywighede in die hande gestel het van die selfsugtige, kortsigtige, inhalige, hebsugtige, monopolistiese Oos-Indiese Kompanjie, vir wie dit in die eerste en laaste plek net om handelswins gegaan het. Toe hulle noodgedwonge besluit het om die verversingspos ‘n kolonie te

maak, het hulle sy groei en vooruitgang voortdurend gestrem deur die mees enge en selfsugtige ekonomiese beleid wat daar bedink kon word, op hom toe te pas.

Die Kompanjie alleen moes die voordeel trek uit elke sooi wat omgeploeg is, van elke lam wat aangekom het en elke wingerdstok wat geplant is. Hy het die monopolistiese beleid wat hy in die Ooste gevolg het, net so op die Kaap oorgeplant. Dit het die arme inwoners só gewurg dat hulle nooit welvarend kon word nie.

Die Kompanjie het alleen die reg gehad om handel te dryf. Private handel is heeltemal verbied. Die burgers kon ook nie vragvaart beoefen nie, want dit was die Kompanjie se alleenreg. Die burgers is verbied om enigiets van vreemde skepe wat die Kaap aandoen, te koop. Hollanders wat privaat op die Kompanjieskepe gereis het, het ook geen reg gehad om iets aan die burgers te verkoop nie. Die fiskaal is aangesê om die inkomende en vertrekkende skepe te deursoek vir tekens van verbode handel.

Die burgers het geen ekonomiese vryheid besit nie. Die Kompanjie het ‘n ekonomiese pagstelsel ingevoer waarvolgens aan ‘n sekere persoon alleenreg toegeken word om met ‘n sekere produk handel te dryf. Die eerste pag wat uitgegee is, was vir die handel in brood. Alleen die twee persone aan wie dit toegeken is, het die reg gehad om growwe of witbrood, koekies of enige ander gebak te verkoop. Iemand het alleenreg gehad om vleis aan die garnisoen te verkoop. ‘n Ander een kon sterk drank verkoop. Dit het ‘n baantjie vir boeties geword.

Die vryburgers is dus verbied om enigiets van besoekende skepe te koop. Hulle is verbied om vryelik met mekaar en met

die Kompanjie handel te dryf. Hulle is ook verbied om van hulle produkte aan verbygaande skepe te verkoop. Al hulle produkte moes alleen aan die Kompanjie verkoop word, teen pryse wat daarvoor beraam is.

Die normale toedrag van sake in enige gemeenskap behoort tog te wees dat die owerheid wat oor hom gestel is, moet omsien na die behoeftes en welsyn van hulle oor wie regeer word en darem ‘n poging moet aanwend om die probleme wat die onderdane ondervind, uit die weg te ruim. Maar aan die Kaap was dit nie die geval nie. Die vryburgers het baie gesukkel sonder arbeiders. Die lui Hotnots was nie gewoond aan werk nie en kon nie gebruik word nie. Sommige boere het van die soldate gehuur, maar kon skaars sulke duur arbeid bekostig. Die slawe-arbeid het hulle ook duur te staan gekom.

Hoe moet ‘n mens nou suksesvol boer sonder behoorlike implemente en ‘n gebrek aan voldoende trekvee? Daarby was die wispelturige Kaapse klimaat meermale die oorsaak van misoeste. As hulle nog iets wen, ontvang hulle bitter lae pryse van die Kompanjie daarvoor. Hulle het al boerende al dieper in die skuld geraak.

Daar was ‘n gebrek aan goeie vrugbare bougrond naby die fort. Daarom het baie vryburgers die ou swak plasies wat aan hulle toegeken is, verlaat en van werk verander. Hulle het enigiets anders aangepak in ‘n poging om ‘n lewe te maak. Hulle het selfs smokkelhandel met die skepe bedryf en die straf verduur wanneer dit ontdek word.

Daar was feitlik ‘n deurlopende tekort aan vroue in die Kaap. ‘n Poging om weesmeisies uit Holland in te voer, het die

toestand nie veel verlig nie, want daar het heeltemal te min gekom. Burgerskap aan die Kaap is deur die optrede van die Kompanjie só onaantreklik gemaak dat hy maar baie min immigrante uit die moederland getrek het.

Die geledere van die vryburgers is egter tweekeer beduidend versterk met Duitsers wat die ellende van die Dertigjarige Oorlog teen Spanje wou ontvlug. Hulle het ‘n geruime tyd al in Holland gewoon. Baie het as soldate in die Kompanjie se diens gekom en ander het hierheen geëmigreer. Hulle is deur die Hollandse gemeenskap geassimileer. Uiteindelik was daar byna net soveel Duitsers as Hollanders aan die Kaap. Daar is vasgestel dat in Afrikaners, ongeveer 35% Nederlandse en 34% Duitse bloed vloei.

Die Hottentot-plaag

By al die probleme wat die eerste vryburgers ondervind het om ‘n leefbare bestaan te maak, is hulle ook nog sporadies geteister deur moorddadige aanvalle van Hottentotbendes. Hulle het aanvanklik deurgeloop onder die oorlamse Herrie se spul strandlopers en is later deur ander groepe uit die binneland aangeval. Hierdie teistering kon die vryburgers gespaar gebly het, of grootliks verlig geword het indien die Here XVII nie aan Van Riebeeck opdrag gegee het om tog ten alle koste vrede met hierdie ou “natuurvolkie” te handhaaf nie.

Hulle is waarskynlik die produk van verbastering tussen Boesmans en die Hamiete van Etiopië en Somalië. Met hulle suidwaartse beweging was hulle voortdurend in vyandskap met die Boesmans, van wie hulle afgestam het!

Van Riebeeck-hulle se gedwonge vriendskap het nie veel indruk op die Hottentotte gemaak nie. Hulle het na die fort

gekom en ewe doodluiters die grond wat deur die Blankes reeds beset is, as hulle eiendom geëis. Hulle het nooit hierdie eiendom besit nie. Hierdie strandlopers en ook al die ander bendes die binneland in, was alles behalwe landbouers wat enige aanspraak op grondgebied kon maak. Hulle het vee besit en daarmee rondgetrek.

In opdrag van Van Riebeeck se base, is die Hottentotte darem tydelik tevrede gestel met allerlei geskenkies. Hulle het toe onder die indruk gekom dat die Blankes vir hulle bang is. Daarna het die diefstalle begin.

Op Sondag, 9 Oktober 1653 het Herrie en sy maters hulle kans waargeneem toe Van Riebeeck-hulle almal vir ‘n erediens in die fort bymekaar was. Al hulle vee is gesteel. Die Hottentotte het die veewagter, David Jansz, wreed vermoor. Daar het net een os, een melkkoei, 4 kalwers en 60 skape oorgebly. Hierdie roof- en moordtog is heeltemal ongestraf gelaat. Herrie het twee jaar lank weggekruip en toe ewe vroom kom lieg dat hulle heeltemal onskuldig is aan wat gebeur het.

Die vryburgers het toestemming gekry om onder sekere voorwaardes met die Hottentotte handel te dryf, maar dit wou ook nie vlot nie. Omdat daar nooit teen die boosdoeners opgetree is nie, het die vryburgers daarna aanhoudend onder hulle deurgeloop. Moord, roof en doodslag was aan die orde van die dag. Hulle het naderhand nie meer genoeg osse gehad om te ploeg nie. Hulle kon nie die rug draai sonder dat alles gesteel word, buiten die swaar ploeë wat hulle nie kon wegdra nie.

Toe gebeur daar iets was die Politieke Raad van die Kaap darem laat optree het. Op 19 Mei 1659 word Simon In’t Velt aangeval en vermoor en hulle steel 70 skape en 30 beeste. Die

Hottentotte is darem agternagesit, maar geen enkele bees is teruggevind nie. Die kwaaddoeners het glo darem geskrik.

In 1672 het hulle weer ‘n opstal afgebrand, vee geroof en twee mans en een vrou vermoor. Kort daarna het hulle 8 vryburgers wat op ‘n gesamentlike jagtog was, wreedaardig om die lewe gebring. Daarna is nog drie vryburgers naby Saldanhabaai vermoor en kort daarna nog drie by Breederivier. Al hierdie gruwelikhede het uiteindelik in 1676 aanleiding gegee tot ‘n Hottentot-oorlog, waardeur eintlik maar niks bereik is nie.

Die HOIK se versuim om teen die Hottentotte op te tree en die inperkende maatreëls teenoor die vryburgers, het by hulle ‘n gevoel van samehorigheid geskep en die besef dat hulle op hulself aangewese is om saam te staan en hul probleme self op te los en dat hulle nie op die owerheid daarvoor kon steun nie. Die VOC (Verenigde Oost-Indiese Compagnie) (HOIK) was besig om ‘n kolonie te skep, omdat die onkoste aan die verversingspos te hoog was, maar die uitbou van die kolonie het nog meer onkoste geverg wat hulle nie wou betaal nie. Die ontwikkeling van die kolonie en die welsyn van sy koloniste het veel te wense oorgelaat, weens die suinige houding van die Maatskappy, wie se enigste oogmerk was om soveel wins as moontlik met so min onkoste as moontlik te maak. Die Afrikanervolk het nie as gevolg van hulle optrede ontstaan nie, maar ten spyte daarvan.

Wat het van die Hottentotte geword?

Na die oorlog van 1676 teen die Hottentotte het daar nog steeds diefstalle voorgekom deur die klein nomadiese stammetjies wat met hulle vee rondgetrek het. ‘n Aantal Hottentotte het naderhand die teenwoordigheid van die

vryburgers verwelkom, omdat hulle die Boesmans uit die noorde en die Kôsas uit die ooste gevrees het. Teen die einde van die 17e eeu is die Hottentotte tweekeer deur die Kôsas beslissend verslaan en op die vlug gedryf. Daarom het hulle veiligheid by die vryburgers begin soek.

Die koms van die Europese beskawing het siektes na die Kaap gebring wat vir die Hottentotte onbekend was. In 1713 het ‘n groot pokke-epidemie hulle getref. Daar is ook meer as 1 000 vryburgers aan die siekte dood. Die Hottentotte het baie erger deurgeloop weens die onhigiëniese toestande waarvolgens hulle geleef het. In 1755 het ‘n tweede epidemie die lewens van ‘n verdere 500 vryburgers geëis en groot verwoesting in die Hottentot-geledere gesaai. In 1767 het ‘n derde epidemie aan die Kaap gewoed. Daar het 179 vryburgers gesterf. ‘n Klompie van die Hottentotte wat oor was, het by die vryburgers in diens getree, maar ‘n aantal van hulle het - soos die Boesmans - ‘n rowersbestaan begin voer. Dié aan die Kaap het ‘n gebroke Hollands begin praat en met die slawe ondertrou, veral toe die slawe later deur die Engelse vrygelaat is. In 1795 was daar sowat 18 000 slawe aan die Kaap teenoor naastenby 14 000 Hottentotte. Hulle vermenging staan vandag bekend as die Kaapse kleurlinge.

Maar daar is twee Hottentotstamme wat eers in die omgewing van die Kaapse skiereiland gedeeltelik verwesters is voordat hulle uit die Kolonie padgegee het. Met gebroke Nederlands, perd en geweer het hulle noordwaarts oor die grense van die Kolonie uitgewyk en hulle noord van die Oranjerivier gaan vestig. Daar het hulle hul teen die Boesmans en ander Swartes gehandhaaf en ‘n gedugte mag gevorm waarmee die Engelse en die Voortrekkers later moes rekening hou. Hulle is die Griekwas en Korannas genoem.

Die Boesman-plaag

Die andersoortige lewenswyse van die Boesmans het verhoed dat hulle so kwaai soos die Hottentotte deur die pokke-epidemies afgemaai is. Hulle het in klein geïsoleerde groepies beweeg en kon nie die siekte so maklik aan ‘n groot getal oordra nie.

Hierdie klein ligvoetige mense het nie gesaai of geplant of enige vee aangehou nie. Hulle het van veldkos en van wildsvleis gelewe. Hulle het met pyl en boog gejag en die diere met gifpyle doodgeskiet. In droogtetye wanneer veldkos maar skaars was, moes hulle die mae inbind, want dan was die wild ook skaarser as gewoonlik. Hulle was van oudsher af geswore vyande van die Hottentotte, want as daar nie wild was om te jag nie, was die Hottentotte se vee maklike skywe vir hul pyle.

Met verloop van tyd het die vryburgers al hoe meer ooswaarts beweeg en veeboere geword. In noordelike rigting het hulle uitbreiding teen die weerstand van die Boesmans gebots. Die rondtrekkende groepe het op afgebakende jagvelde aanspraak gemaak, wat nou stadigaan deur die vryburgers met hul veestapels beset is. Die boere het dus onwetend die Boesmans van hulle beste jagvelde beroof en hulle het probeer om die blanke indringers terug te dryf.

Daar het onsinnige wreedhede plaasgevind. Die Boesmans het gereeld die skaap- en beeswagters in die veld bygekom en wreedaardig vermoor. Dan het hulle die veetrop nie vir voedsel weggevoer nie, maar die diere doodgeskiet of hul hakskeensenings afgesny, hulle vermink en daar laat lê.

Hierdie wreedheid teenoor hul diere en die grusame moorde wat plaasgevind het, het die lewens en besittings van

die vryburgers baie onveilig gemaak. Hulle moes dit veral in die Nuweveld en die Sneeuberge ontgeld. Daar was ernstige roofaanvalle in 1715, 1731, 1738 en 1754. Dit is bereken dat in die twee jaar van 1786 tot 1788 daar 107 veewagters vermoor is en 99 perde, 6 299 beeste en 17 970 stuks kleinvee geroof of gedood is. Daar was naderhand ‘n voortdurende querrilla-oorlog aan die gang. Die Boesmans het sporadies vee geroof en vernietig, plaashuise afgebrand en boere en beeswagters vermoor. Die boere het elke Boesman wat hulle onder skoot kon kry, doodgeskiet en kommando’s teen hulle laat optrek. Die regering het in 1777 ‘n verdelgingsoorlog teen hulle geloods. Daarna kon die vryburgers op die grens begin asemhaal. Dit was egter van korte duur, want twee jaar later het hulle aan die oosgrens teen die grootste plaag van almal te staan gekom, toe hulle by die Visrivier teen een van die groot swart stamme, die Kôsas, gebots het.

Hebsug en korrupsie

Ten einde ‘n duidelike beeld te verkry van die vryburgers se worstelstryd om vir hulself ‘n lewensvatbare en selfstandige bestaan uit te werk, is ons genoodsaak om van 1779 af die jare weer ‘n bietjie terug te draai tot die jaar 1700, skaars ‘n halfeeu nadat Jan van Riebeeck die verversingspos aan die Kaap kom stig het. Vanaf 1679 tot 1699 het die goeie en bekwame goewerneur Simon van der Stel ‘n groter buigbaarheid in die starre beleidsrigtings van die Kompanjie aangebring. Hy het die graanpryse verhoog en die vryburgers toegelaat om onder sekere voorwaardes met die besoekende skepe handel te dryf. So kon die vryburgers vir die eerste keer teen ‘n wins produseer.

Simon van der Stel moes die koms van die Franse Hugenote na die Kaap hanteer. Hulle koms het die geledere

van die vryburgers versterk in hulle verset teen die onregverdige behandeling wat hulle van die owerheid moes verduur. Dit het ‘n hoogtepunt bereik gedurende die regering van Simon se seun, Willem Adriaan van der Stel, wat hom in 1699 opgevolg het as goewerneur van die Kaap.

Simon van der Stel het gedurende sy bewind probeer keer dat die vryburgers die landbou versaak ter wille van veeboerdery wat vir hulle meer betalend was. Toe Willem Adriaan goewerneur word, het hy veeboerdery aangemoedig en die verspreiding van die veeboere in die binneland verdedig. Hy het nuwe plase aan nuwe immigrante toegeken in die vrugbare vallei tussen die Obikwa- en die Witsenberge en dit die “Land van Waveren” genoem. Dit was aanvanklik moeilik om hier landbou te beoefen, sodat feitlik almal na veeboerdery oorgeslaan het. Willem Adriaan het toe die grootste veeboer van hulle almal geword.

Sonder dat hy enigsins daartoe volmag gehad het, het ‘n kommissaris van die Kompanjie, Wouter Valkenier, aan Willem ‘n stuk grond van 400 morge in Hottentots-Holland toegeken. Van der Stel het toe as goewerneur ‘n stuk grond van 117 morge wat langs syne geleë was, aan Jan Hartog toegeken. ‘n Bietjie later het hy dit weer van Hartog gekoop en sodoende sy eiendom aansienlik vergroot, alles wederregterlik, want die Here XVII het in 1668 die amptenare belet om grond te besit en grootskaals te boer.

Kommissaris Valkenier het ook aan ander amptenare stukke grond toegeken. Die sekunde, Samuel Elsevier, die fiskaal, Johan Blessius en ds Petrus Kalden het groot plase gekry, maar die gewone amptenare, soos Starrenburg, De Wet en Ten Damme het die gewone plase van 60 morg ontvang.

Die amptenare het saam bykans die helfte soveel grond as die vryburgers besit. Hulle was flukse boere wat net so veel as wat hulle kon, geproduseer het en gesorg het dat hulle produkte eerste aan die besoekende skepe verkoop word. So het hulle die enigste mark wat vir die vryburgers beskikbaar was, gemonopoliseer. Hulle het ook aan die Kompanjie self verkoop. Die pakhuise is met hulle produkte gevul. Hulle kon dit verkoop teen pryse wat hulle self vasgestel het. Gewoonlik het hulle twee maal soveel as die boere vir hul graan gekry, want die pryse wat die Kompanjie aan die boere betaal het, was uiters laag.

Wanneer daar vreemde skepe in die hawe opdaag, moes die boere spesiale verlof van die goewerneur kry om hul produkte aan hierdie skepe te verkoop. Sulke verlof is gewoonlik nie toegestaan voordat die amptenare nie al hul produkte aan die skepe verkoop het nie. Die vermetele amptenare het hulself as die egte kinders van die Kompanjie bestempel en die koloniste (die vryburger-boere) as die onegtes. Die wrywing tussen amptenare en boere het groot afmetings aangeneem.

Die doen en late van die goewerneur, Willem Adriaan, het die wantoestande aan die Kaap in ‘n krisis laat ontwikkel. Hy het sy groot plaas, wat hy Vergelegen genoem het, bewerk soos wat min boere dit kon doen. Hy het daar ‘n pragtige woonhuis op gebou en baie buitegeboue laat oprig, onderwyl hy intussen daar met mening laat boer het. Binne ‘n jaar of wat het hy reeds 61 morg onder wingerd gehad. Dit was meer as ‘n halfmiljoen stokke, ‘n kwart soveel as wat daar in die hele Kolonie was. Daarmee kon hy 600 lêer wyn in ‘n jaar lewer.

Hy het ook baie koring gesaai. In 1705-06 het hy 1 100 sakke koring geproduseer, terwyl die totaal vir die Kolonie

daardie jaar 4331 sakke was. Hy het ook grootskaals met vee begin boer. Daar word beweer dat hy uiteindelik 18 000 skape en 1 000 beeste gehad het.

Willem Adriaan het baie arbeiders nodig gehad om die werk op Vergelegen te doen. Hy het 200 slawe besit, maar saam met hulle het hy nog ‘n aantal kompanjieslawe gebruik. Daarby het hy 60 blanke knegte, wat deur die Kompanjie betaal is, op die plaas laat werk. Jan Hartog, die baastuinier, moes Vergelegen se tuine uitlê en oor die ander toesig hou. Al die hout, yster en ander boumateriaal wat gebruik is, het uit die Kompanjie se pakhuise gekom. Niemand weet of hy daarvoor iets betaal het nie. Om die materiaal na Vergelegen te vervoer, het hy eenvoudig ‘n paar boere opgekommandeer sodat dit hom niks gekos het nie. Sodoende het hy Vergelegen in ‘n modelplaas omskep. Die Here XVII het egter niks van sy bedrywighede, of van dié van die ander amptenare geweet nie.

Die Goewerneur het weke aaneen op Vergelegen deurgebring en hom hoegenaamd nie bekommer oor wat in die Kaap aangaan nie. Die vryburgers het gekla dat ds Kalden ook sy werk verwaarloos, want hy het hom baie meer “met sy landerye bemoei as met die preekstoel”. Hy het hom later probeer verontskuldig deur te beweer dat hy sy plaas, Zandvliet, nie net besoek het ter wille van sy boerdery nie, maar hy wou dan kwansuis die Hottentotte geleer het met die oog op sendingwerk!

Die Goewerneur en die amptenare het lustig voortgegaan om met hul korruptiewe bedrywighede hulself te verryk en die vryburgers gruwelik te veronreg. Die amptenare het op so ’n groot skaal begin boer, dat hulle die hele mark alleen kon voorsien, sonder die boere. Die sekunde Elsevier het in 1705 vir die Goewerneur gesê dat daar oor drie of vier jaar nie meer

vryburgers aan die Kaap nodig sal wees nie, want hulle paar amptenare sal in staat wees om aan die Maatskappy en aan die Kaap alles te voorsien wat nodig was. So min het die welsyn van die vryburgers getel. Hulle is eenvoudig nie ‘n selfstandige bestaan gegun nie. Dit het tot bittere ontevredenheid gelei.

In 1705 het Van der Stel die skroef nog ‘n entjie aangedraai. Hy het besluit om die wynpag, die reg om wyn aan die skepe te verkoop, nie meer aan vier persone toe te ken nie, maar net aan een alleen. Toe het hy gesorg dat een van sy gunstelinge dit kry, ene Johannes Phyffer, ‘n bekende skelm, wat al vir wangedrag gegesel en vir ses jaar verban was.

Dit het die vryburgers se beker laat oorloop. Hulle het besef daar word ‘n poging aangewend om hulle van alle bestaansmoontlikhede te beroof en hulle uiteindelik dan uit die Kaap uit te werk. Hulle het ‘n klagskrif deurgesmokkel gekry na die Raad van Indië, in Batavia. Onderwyl hulle op ‘n antwoord uit die Ooste gewag het, het hulle ‘n tweede klagskrif opgestel wat hulle met ‘n persoonlike afvaardiging aan die Here XVII in Holland wou besorg. Intussen het ‘n retoervloot uit Indië in 1706 in die Kaap aangekom en ‘n brief gebring waarin die Raad vir Van der Stel versoek om op die klagtes wat die burgers teen hom het, te antwoord.

Die Goewerneur het vermoed dat hy ook in Holland aangekla gaan word. Hy het onmiddellik vir homself ‘n vleiende getuigskrif opgestel waarin hy voorgestel word as ‘n eerbare, deugsame en godsdienstige man, ‘n goeie regeerder wat altyd in belang van die Kolonie optree en die boere help om ‘n afsetgebied vir hulle produkte te kry. Toe het hy die Kapenaars, arbeiders, slawe en vissers na die kasteel genooi en hulle daar kwistig onthaal op tabak, wyn en bier en hulle

versoek om die stuk te teken. Die meeste het geteken, want hulle het nie mooi begryp waaroor dit gaan nie.

Daarna stuur hy vir landdros Starrenburg met die stuk die distrik in sodat die "buiteliede" dit ook moes onderteken. Die burgers het feitlik almal geweier, maar uiteindelik het Van der Stel 240 handtekeninge gehad, waarvan sommige vervals is.

Hy het vasgestel dat Adam Tas die opsteller was van die burgers se griewe en toe vir Tas onverwags gevange laat neem en beslag gelê op sy skryftafel. Daarin het hy afskrifte gekry van dele van die klagskrif wat hulle teen hom opgestel het. Hy het nog 'n paar ander gearresteer en was van plan om vyf van hulle na Holland te stuur, waar hulle aangekla moes word van sedisie en rebellie. Toe stel hy ook nog 'n kommissie aan uit die amptenare wat deur die koloniste verkla word, onder voorsitterskap van Starrenburg, wat 'n regbank moes vorm om die opstandige koloniste te verhoor. Die meeste het geweier om voor hierdie inkwisisiehof te verskyn.

Die toestand het feitlik in 'n burgeroorlog ontwikkel. Hy het mense voor hierdie "hof" van hom laat sleep, hulle gevonnis en in die kasteel in die donker gat laat aanhou, of hulle verban. Intussen was die retoervloot op pad na Holland, met Van der Stel se getuigskrif oor homself, maar ook met vier burgers aan boord, wat hul klagskrif teen die Goewerneur persoonlik aan die Here XVII sou gaan voorlê.

Stryd met oorwinning beloon

Na ontvangs van die klagskrif en die aanhoor van die onomstootlike getuienis van die afgevaardigdes, het die Here XVII nie gehuiwer om vir Willem Adriaan van der Stel te ontslaan nie. Saam met die skraapsugtige en tirannieke

Goewerneur, is ook sy amptenare-kliek, sekunde Samuel Elsevier, ds Petrus Kalden en landdros Starrenburg uit hulle ampte ontslaan en na Holland teruggeroep. Die burgers is vrygespreek van die aanklag van sedisie, muitery en rebellie en die Politieke Raad van die Kaap is beveel om die gevange burgers onmiddellik vry te laat en die wynpag en die vleispag weer soos vroeër onder verskillende burgers te verdeel. Die Goewerneur se plaas moes in vier dele verdeel en verkoop word.

Stryd bevorder eenwording

Die ontevredenheid oor die wanbestuur van WA van der Stel het die twee bevolkingsgroepe nader aan mekaar gebring. Die Hugenote en die Hollandse koloniste het tot hiertoe nooit veel vir mekaar te sê gehad nie, maar in die stryd teen Van der Stel het hulle skouer aan skouer gestaan om korrupsie en tirannie te beveg. Van die 63 burgers wat die klagskrif onderteken het, was 31 Franse. Daar was goeie samewerking tussen die twee groepe met hulle verset teen Van der Stel. Hy was hulle gemeenskaplike vyand wat beveg moes word. Dit het hulle die verskille laat vergeet en hulle geleer om saam te staan. Dit het daartoe bygedra dat die Hugenote en die ou Hollandse koloniste mettertyd tot een nasie saamgesmelt het.

Die stiefmoederlike behandeling duur voort

Nadat die koloniste - ons kan hulle hierna nie meer vryburgers noem nie - hulle stryd teen Willem Adriaan van der Stel gewen het, het die son van geregtigheid nie meteens oor hulle opgekom nie. Die meeste van hulle was nog landbouers wat uit die Kaapse aarde 'n bestaan moes maak. Daar was lank reeds 'n oorproduksie van landbouprodukte. Indien hulle talryker in geledere was, kon die Kaapse mark self

die aanbod absorbeer, maar die plaaslike mark was beperk en sy uitbreidingsmoontlikhede was gering. Die Kaapse wyn was op hierdie stadium nog nie vir uitvoer geskik nie weens die swak gehalte daarvan. Hulle graan kon nie op die Europese mark meeding nie. Die boere was afhanklik van die beperkte uitvoer wat na Batavia plaasgevind het. Die Oos-Indiese regering het in 1695 geweier om die Kaap se oorskotgraan te koop want hulle kon goedkoper voorsien word uit die Ooste. Groot hoeveelhede graan het toe in die Kompanjie se skure in die Kaap begin bederf.

Veeboerdery ontwikkel

Met so ‘n beperkte mark vir landbouprodukte, het baie koloniste wat as landbouers begin het, hulle meer op veeboerdery begin toelê. Die grondslag waarop kolonisasie en uitbreiding aan die Kaap plaasgevind het, het geleidelik verander. In die 17e eeu het die landbouer die uitbreiding na die binneland gelei. Die veeboer het egter ongemerk op die voorgrond getree en die pionierstipe geword wat gedurende die 18e eeu die uitbreiding na die binneland sou lei.

Goewerneur Simon van der Stel wou graag sien dat die Kaap ‘n digbewoonde en maklik verdedigbare landboukolonie word, maar toe neem sy seun, Willem Adriaan, die voortou met die uitbreiding van die kolonie. Sy amptenare het in 1703 begin om wettige weilisensies uit te reik aan almal wat oor die bestaande grens wou beweeg. Die jonger geslag het gretig van hierdie vergunning gebruik gemaak, want hulle het geen ander keuse as veeboerdery gehad om aan die lewe te bly nie. Die seun van die landbouer het dan met sy klein klompie vee en sy weilisensie binne in sy Bybel in die wakis, oor die grense van die kolonie na die dieper hinterland getrek om ‘n selfstandige bestaan te gaan uitkap. By die veepos is aanvanklik net

skaapwagtershutte gebou, maar geleidelik het dit in voltyds bewoonde veeplase verander. Hulle het vir hulle vroue in die Kaap gaan haal en permanente woonhuise gebou. Al wat betaal moes word, was ‘n jaarlikse huur van 24 riksdaalders.

Elke veeboer het homself so ver as moontlik anderkant sy buurman gaan vestig, omdat die weiding daar nog ongeskonde sou wees en hulle nie mekaar se skoorsteenrook sou sien nie.

Die geleidelike uitbreiding het voortgegaan totdat hulle voor natuurlike hindernisse te staan gekom het. Al noordwaartse langs die weskus op, is die wêreld droog en sanderig en is die water brak en skaars. Ooswaarts met die kusstrook langs, is hulle deur die digte Knysnabosse gestuit. Hulle moes naderhand maar deur die berge breek om uit te brei.

In 1743 het hulle ‘n kerk gestig in die Land van Waveren, op die plek waar vandag die dorp Tulbagh is. In 1745 het hulle ‘n kerk in die Swartland gestig. In 1743 het daar ‘n drosdy op Kliprivier tot stand gekom. In 1748 het dit die naam Swellendam gekry.

Na 1750 het die grootskaalse trekboer-beweging onverpoosd voortgeduur. In die noorde het verskeie boere die droë Karooveld oorgesteek en hulle teen die hange van die Bokkeveld en die Roggeveldberge gevestig. Teen 1760 was hulle alreeds aan die Sneeuberge en teen 1768 het hulle die Kamdeboo (Graaff-Reinet) binnegetrek. In 1750 was hulle al waar Calvinië vandag is.

Met die ooswaartse trek is spoedig plase aangelê teen die Lange- en Swartberge. Teen 1765 het die voorposte tot aan die Gamtoosrivier gelê en is plase steeds verder ooswaarts

uitgegee. Goewerneur Van Plettenberg het in 1779 ‘n reis na die binneland onderneem, met die veeboere gesels en hulle klagtes oor verwaarlosing aangehoor. Hulle wou ‘n drosdy en ‘n kerk gehad het. Die Here XVII het dit ses jaar later eers aan hulle toegestaan en die dorp Graaff-Reinet gestig.

Die oosgrens van die kolonie is in 1780 weer bepaal en vasgestel as die Visrivier. Almal is ten strengste verbied om dit oor te steek. Die voorhoede van die trekboere het toe al 1 200 km noordwes en 600 km oos van Kaapstad af gestaan. Die hele gebied is deur minder as 20 000 koloniste bewoon.

Die ooswaartse uitbreiding van die Kolonie het vroeg na 1780 tot ‘n einde gekom toe die voorste boere aan die Visrivier die eerste keer teen die swart negroïede ras, die Bantoes, se Kôsastam te staan gekom het. Hulle was ook veeboere wat ‘n klein bietjie landbou beoefen het. Hulle was die mees-vooruitgeskowe Bantoestam, wat reeds honderde jare lank vanaf hulle herkoms in Midde-Afrika, besig was om voetjie vir voetjie suidwaarts te versit. Hulle het die grootste plaag geword wat die koloniste nog getref het.

Die onmoontlike regering

Gedurende die lang beheer wat die HOIK oor die Kaap uitgeoefen het, het die koloniste nooit enige politieke of selfs ekonomiese regte bekom nie. ‘n Politieke Raad, onder voorsitterskap van die goewerneur, het die kolonie regeer. Die Here XVII het so af en toe ‘n kommissaris Kaap toe gestuur, wat allerlei bevele aan die goewerneur kom uitreik het. Dit het òf uit Holland òf uit Batavia gekom. So het die Kaap eintlik twee base gehad wat soms teenstrydige bevele uitgereik het. Albei hierdie gesagsoorde was nooit haastig om tot ‘n beslissing oor Kaapse aangeleenthede te kom nie.

Alleen die amptenare van die Kompanjie aan die Kaap het sitting op die Politieke Raad gehad. Geen vryburger het ooit gedurende die eeu en ‘n half wat hierdie handelsmaatskappy die Kaap besit het, enige verteenwoordiging daarop gehad nie. Die Politieke Raad was die wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag, sommer alles in een. ‘n Meer outokratiese regering, wat boonop nie veel vir die belange van sy onderdane omgegee het nie, is moeilik om te bedink. Korttermyn-winste was die belangrikste oogmerk, wat korrupsie en ander vergrype in die hand gewerk het. Die Here XVII het dikwels ‘n spesifieke amptenaar in ‘n belangrike pos aangestel, sonder dat hy sy dade aan die Politieke Raad of die goewerneur moes verantwoord. Die koloniste het swaar onder sulke persone gely, wat hulle gewoonlik ook nog vyandiggesind was.

Die V O C het hard probeer om die Kaap van die res van die wêreld te isoleer, maar die koloniste het die vryheidswinde van die Amerikaanse Rewolusie, die politieke stryd in Nederland en die Franse Rewolusie opgevang. Dit het ‘n vlammetjie van politieke bewussyn by hulle aangesteek en ‘n behoefte laat groei om iets te doen wat hulle haglike posisie kon verbeter.

Die gehate Willem Boers

Na die Willem van der Stel-debakel het die amptenare hulle nog maar steeds die reg toegeëien om die handel te monopoliseer en die koloniste uit te sluit. Die Here XVII het egter ‘n poging aangewend om die korrupsie en wanpraktyke te beveg deur ‘n Onafhanklike Fiskaal aan te stel wat ‘n ogie oor die sake aan die Kaap moes hou. Hy was volkome onafhanklik om te doen wat hy wou.

Dit het ‘n rukkie goed gegaan totdat hulle vir Willem Cornelis Boers aangestel het. Onder hom het korrupsie ‘n ander betekenis gekry. Die enigste mark wat die boere vir hulle produkte gehad het, was die Kompanjie self. Boers het hulle gedwing om vals kwitansies te onderteken, waarop baie hoër pryse aangebring is as dié wat hulle ontvang het. ‘n Paar van hulle het geweier om dit te doen. Hulle ontdek toe dat die Kompanjie nie meer hulle produkte wil koop nie; die gehalte daarvan was kastig te laag.

Boers het begin om heffings te vorder op alles wat die koloniste gedoen het. Hulle het skielik ontdek dat hulle een Kaapse Gulden aan die Fiskaal moes betaal vir elke 45 kg meel, beskuit of vet of vir elke sak koring of gars wat hulle aan vreemde skepe verkoop het. Daarby het hy die kassier opdrag gegee om ‘n ekstra half persent van alle gelde terug te hou wat aan boere betaal moes word vir produkte wat hulle gelewer het, bo en behalwe die 10% heffing wat reeds vir die Kompanjie afgetrek is. Toe stel Boers nog verdere heffings in van 6 riksdaalders per jaar op mense wat skuite aangehou het en ook op mense wat tente langs die strand opgeslaan het om eetware te verkoop. Die koloniste het naderhand nie meer geweet watter heffings wettig is en watter eenvoudig maar net in die sakke van die amptenare verdwyn nie.

Aan die Fiskaal is ook magtiging verleen om vir klein oortredings boetes op te lê wat nie 200 riksdaalders mag oorskry nie. Fiskaal Boers het egter begin om boetes op te lê van 1 200, 1 500 en selfs 5 000 riksdaalders. Hierdie manewales van Boers het selfs vir die onbekwame goewerneur Van Plettenberg dwars in die krop gesteek, maar hy kon daar niks aan doen nie, want die onafhanklike Fiskaal was geen verantwoording aan hom verskuldig nie.

Boers het al hoe astranter geword. In een of ander regterlike beslissing het hy ‘n burger, Jan Jurriaansz, met 5 000 riksdaalders beboet en hom ‘n skuldbewys ten gunste van Boers self, laat teken. Sy meerderwaardigheidskompleks het gevaarlik gegroei. Vir hom was die Kompanjie-amptenare die eerste, vernaamste en noodsaaklikste persone in die samelewing en die burgers het geen bestaansreg nie, vergeet nog van enige reg om handel te dryf.

Boers se vergrype en buitensporighede het al hoe erger geword. Hy het by geleentheid swaarde gekruis met ‘n burger, Carel Buytendach, teen wie hy ‘n grief gekoester het. In Januarie 1779 het hy vir Buytendach hardhandig uit sy huis laat verwyder en sonder enige verhoor na Batavia verban

Die poppe begin dans

Dit was die laaste strooi. Die burgers het begin vergaderings hou en het ‘n klagskrif opgestel, genoem die “Burgerpetisie” en dit deur ‘n afvaardiging self in Holland gaan aflewer. Toe die Here XVII in 1782 nog nie uitspraak oor hulle klagtes en versoeke gegee het nie, het hulle ‘n nadere versoekskrif ingedien om die oorspronklike petisie aan te vul. Trou aan hulle aard, het die Here XVII in 1785 eers so ver gegaan om uitsluitsel te gee oor al die klagtes, versoeke en voorstelle in die burgers se twee petisies. Daar het nie veel van gekom nie.

Toe Boers se ontslag weens die klagtes teen hom onderhewig gemaak is aan ‘n borgtog van 5 000 riksdaalders, het hy gou sy bedanking ingedien weens “partikuliere omstandigheden”. Die Here XVII het later hierdie ou straffie opgehef. ‘n Paar ander amptenare, soos majoor Van Prehn,

hoof van die milisie aan die Kaap en die ekwipasiemeester, Damien Hugo Staring, Boers se intieme vriend, wat deur die burgers "die bloedsuier" genoem is, het ook onverwyld hulle bedankings ingedien en na Nederland teruggekeer.

Vryheidswinde steek op

Alhoewel die selfsugtige Oos-Indiese Kompanjie 'n beleid van isolasie met die Kaap gevolg het, het buitelandse gebeurtenisse tog 'n beduidende invloed op die feitlik verskanste Kolonie begin uitoefen. Besoekende skepe het die burgers op die hoogte gehou van wat in die Amerikaanse Vryheidsoorlog met die dertien kolonies plaasvind en hulle het ook gehoor en gelees van die Franse filosowe se stories oor vryheid, voor die uitbreek van die Franse Rewolusie. Daardie invloede het na die Kaap oorgewaai en by die burgers 'n politieke bewussyn laat ontwikkel. Daar het by hulle 'n behoefte ontstaan om iets te doen wat hulle posisie sou verbeter. Die voorbeeld van die moederland, waar 'n Patriotte-beweging ontstaan het in opposisie tot die Oranjemanne, het die burgers nou vir hulleself 'n Patriotte-beweging gestig. Hulle het nou al hoe meer die gesag van die VOC verwerp en probeer om al hul griewe aan die Stategeneraal voor te lê. Die Kompanjie het hulle eerste poging om dit te doen, in die wiele gery. 'n Tweede poging het geslaag, maar die koloniste was bitter teleurgesteld toe hierdie regeringsliggaam van Holland nie kans sien om iets vir hulle te doen nie. Hulle wou hulle nie bemoei met die Kaapse besitting van die Kompanjie nie.

Vergane glorie

Holland was nie meer die lewenskragtige moondheid wat hy in die 17e eeu was nie. Teen die einde van die 18e eeu het daar

niks van oorgebly nie. Die Franse en die Engelse het hom lank reeds verbygeskiet op koloniale gebied. Die feit dat hy sy koloniale nedersettings oorsee uitsluitlik laat bedryf het deur 'n kortsigtige, inhalige handelsmaatskappy, wat niks omgegee het vir die welsyn van die inwoners nie, het al hierdie gebiede laat kwyn, soos Australië, Nieu Zeeland, Oos-Indië en Suid-Amerika. Uiteindelik het net die Kaap oorgebly, ten spyte van hul selfsugtige en kortsigtige bestuur.

Holland was jarelank 'n bondgenoot van Engeland. Die Amerikaanse Vryheidsoorlog het dit tydelik beëindig toe Engeland Hollandse skepe aangeval het wat met die dertien kolonies handel gedryf het. Tydens die Franse Rewolusie het Frankryk Holland verower en hom 'n vasalstaat gemaak wat toe die Bataafse Republiek genoem is. Prins Willem van Oranje het na Engeland gevlug en vir hulle gevra om tog die Kaap te gaan beskerm teen 'n moontlike Franse aanval. Dis hoe die eerste Britse verowering in 1795 plaasgevind het.

Eerste treetjies van die Afrikanervolk

Die bakermat van die Afrikanervolk lê nie in die westelike distrikte van die Kaapkolonie, waar die koloniste die landbou en ander beroepe beoefen het en 'n worstelstryd gevoer het om aan die lewe te bly nie. Hy het sy eerste weifelende treetjies gegee aan die Oos-Kaap, waar hy tree vir tree besig was om vir hom 'n nuwe vaderland op Suid-Afrikaanse bodem te ontworstel. Eers is hy die *vryburger* wat 'n stukkie grond ontvang het om daarop te probeer boer. Toe is hy die *kolonis* by sy veepos, wat die grense van sy veeplaas al verder verskuif op sy ooswaartse trek, totdat die Swartes daar perk en paal aan stel. Daarna word hy die *Voortrekker* wat die Engelse juk afskud en sy wawiele noordwaarts laat rol na die vryheidslig

wat voor in die wapad brand. Dan word hy die *Boer* van die Vrystaat en Transvaal, wat tot die dood toe moes veg teen die grypsug van die Britse wêreldmag, om uiteindelik as gelouterde *Afrikaner* sy land te ontvang en sy roeping te aanvaar wat God vir hom hier aan die suidpunt van Afrika beskik het.

Wanneer jy daar aan die Kaapse oosgrens in die laaste helfte van die 18e eeu sou kon luister hoe hulle praat, kon jy reeds in hulle taal iets fris en vinnigs gewaar, so asof daar nie nog tyd is om al die naamvalle en verbindings van die mooi Nederlands in die golwe van die Noordsee heen en weer te laat rol nie, en dit maar liewer kwyt te raak en ‘n nuwe klank teen die berge en oor die vlaktes van die harde Suid-Afrika te laat eggo. Afrikaans was reeds al stadig maar seker besig om te ontwikkel.

Nog meer beproewings

Teen die einde van die 18e eeu het die volksplanting al oor vier distrikte gestrek. Die eerste was die Kaap, vanaf St. Helenabaai, ‘n smal strook tot by Valsbaai. Die tweede was Stellenbosch, geweldig groot, vanaf die Buffelsrivier in die weste, oor die bergreekse in die noorde tot aan die Groot Karoo. Die derde was Swellendam, ‘n strook tussen die Klein-Karoo en die suidelike kus, ongeveer 500 kilometer lank. Laastens was dit Graaff-Reinet, die uitgestrekte oostelike gebied vanaf Plettenbergsbaken in die noorde, tot aan Swellendam en die suidooskus.

Die koloniste se pionierslewe in veral die twee oostelike distrikte was vol ontberings sonder kerke en skole en ‘n bekombare mark om hulle produkte te verhandel weens die lang afstande. Aan die oosgrens het hulle by die Visrivier teen die groot swart gevaar te staan gekom. Op daardie stadium het

die Boesmanplaag ook nog gewoed. Hulle het saam met die Kôsas gespan en veral aan die grensboere ontsettende skade berokken, soos wat reeds vroeër in hierdie hoofstuk beskryf is. Sedert die bymekaarkomslag van die burgers en die Kôsas by die Visrivier in 1778, wat die grenslyn tussen wit en swart sou wees, was daar steeds moeilikheid..

Hierdie groot stam het baie vee aangehou en feitlik geen landbou beoefen nie. Hulle het wild gejag vir die gebruik van die velle en nie vir die vleis nie. Hulle het met begerige oë na die veestapels van die boere gekyk. Hulle was gewoond om alles wat hulle wou hê, met geweld te vat en het hoegenaamd niks verkeerd daarin gesien nie. Hulle was goed georganiseer onder tradisionele kapteins en was met hulle werp- en steekassegaaie ‘n groot bedreiging vir die grensboere.

Die veediefstalle het gedurende 1778 langs die Vis- en Boesmansriviere so toegeneem, dat baie grensboere hulle plase ontruim het. Die boere het geweet dat daar geen hulp vanaf die Kaap te wagte was nie. Hulle het toe self ‘n kommando saamgestel onder kommandant Adriaan van Jaarsveld, om die Swartes te gaan straf en terug te dryf.

Van Jaarsveld en ‘n vriend van hom, Willem Prinsloo, en nog ‘n paar ander koloniste, het toe reeds oos van die Visrivier gewoon. Die Kaapse regering was nie in staat om hulle dit te belet nie. Goewerneur Van Plettenberg en sy Politieke Raad het feitlik niks vir die welsyn van die grensbewoners gedoen nie. Hulle was meer begaan oor die insameling van rekognisiegeld as oor die instelling van ‘n behoorlike administrasie. Van Jaarsveld-hulle het gevra dat in hulle oostelike grensgebied ‘n administratiewe sentrum opgerig moet word en ‘n kerk en ‘n skool gebou word. Van Plettenberg het

toe ‘n reis na die binneland onderneem. Toe die grensboere hom vertel hoe die Kôsas moor en hulle vee roof, het hy gaan mooipraat met hulle opperhoof, Kobe. Dié het toe beloof om sy onderdane in toom te hou en die grens te eerbiedig.

Adriaan van Jaarsveld vertel self wat verder gebeur het: “Ons het die vrede nie vertrou nie. Kon die Goewerneur werklik so liggelowig wees dat hy hierdie barbaar geglo het? Die Swartes het enige toegewing van die Blankes as swakheid beskou. Dit was ook weer so. Eers nadat die Kôsas ons onherstelbare verliese en ontsettende skades berokken het, het die Politieke Raad in 1779 so ver gekom om my toe te laat om ‘n kommando op die been te bring om hulle te gaan straf.

“Ek het my medeburgers opgeroep. Teen die winter van 1781 het ons al ‘n klein kommando’tjie op die grens saamgetrek gehad. Ek het vir die Kôsa-hoofde laat weet dat ek elke Swarte wat ek aan hierdie kant van die grens aantref, gewapen of ongewapen, as ‘n vyand sou behandel, want ek het liewers te gou as te laat geskiet.

“Onderwyl ons daar besig was, gewaar ek ‘n groot klomp Swartes wat naderkom en met hul assegaaie tussen die burgers indring, onder die voorwendsel dat hulle tabak kom vra. Ek het dadelik oneaad vermoed en my manne in ‘n lyn laat opstel, sodat hulle vorentoe en agtertoe kon skiet. Toe het ek gou ‘n paar rolle tabak in stukkies laat kerf en dit ‘n ent van hulle af op die grond laat strooi. Hulle het daarop toegesak en dit begin optel, want skielik was dit vir elkeen baie belangrik om eers al hierdie heerlike lekkernye in die hande te kry voordat hulle begin om die witmense dood te maak.

“Toe gee ek bevel om te vuur. Wat ‘n konsternasie! ‘n Klompie slaan neer en bly lê en die ander vlieg om en hardloop sonder hulle assegaaie deur die bosse langs die rivier af. Hulle bloedstollende gille en krete weergalm teen die rantjies, terwyl ons nog ‘n paar lopers agterna stuur totdat hulle uit die gesig verdwyn.”

Van Jaarsveld het met sy kommando vanaf 1779 tot 1781 die Suurveld tussen die Vis- en die Boesmansrivier skoongevee van die Kôsas en baie van hulle geroofde vee teruggebuit. Dit het gelyk of die oosgrensboere die stryd teen hulle nuwe swart vyand gaan wen. Maar toe stel die onbekwame goewerneur Van Plettenberg in 1785 vir Mauritz Woeke as landdros aan van die nuutgeproklameerde distrik van Graaff-Reinet, genoem na die volgende onbekwame goewerneur en sy vrou, Reinet.

Woeke het opdrag gekry om al die Kôsa-hoofde te besoek en hulle vriendskap met allerhande presentjies te koop. Hy moes ook sorg dat die koloniste nie oor die Visrivier trek nie. Hulle het hulle nie daaraan gesteur nie en die Swartes nog minder. In Maart 1789 het ‘n groot aantal Kôsas die Suurveld binnegestroom. ‘n Aantal boere moes daar uitvlug. Baie van hul vee het in die slag gebly. Van Jaarsveld was magteloos, want sonder Woeke se toestemming het hy geen reg gehad om weer ‘n kommando op te roep om die barbare te verdryf nie.

Om alles te kroon het Woeke in Graaff-Reinet ‘n sekretaris gekry met die naam Honoratius Maynier. Hierdie kêrel was ‘n filantroop wat geglo het dat die Swartes onskuldige natuurkinders en edele barbare was.

Toe die rooftogte te erg word, het Van Jaarsveld daarin geslaag om weer ‘n kommando teen die stropers op die been te

bring en hulle teen die walle van die vol Visrivier vas te keer, maar toe ontvang hy ‘n dringende bevel om die kommando te ontbind, sonder dat daar ‘n enkele skoot op die indringers gevuur is.

Goewerneur Van de Graaff het daarna vir Woeke en Maynier na die grens toe gestuur om met hulle presentjies, soos krale en stukkies geelkoperdraad, die Kôsas te paai. Die Kaapse owerheid en al sy amptenare het nie die vaagste benul gehad van wat in die koppe van hierdie swart barbare geleef het nie. Hulle het hul gladnie meer aan die toestand op die oosgrens gesteur, of oor die behoeftes en veiligheid van die grensboere bekommer nie. In werklikheid kon hulle ook nie meer vir die koloniste iets doen nie, want die HOIK was bankrot. Hulle glorieryke beheer van die wêreldhandel in die 17e eeu het in die 18e eeu gekwyn weens hulle kortsigtige beleid, wat meegehelp het om Holland self ekonomies te verswak, sodat hy gedurende die Napoleontiese oorloë homself nie polities en militêr teen Frankryk en Engeland kon verweer nie. Die H O I K se Kaapse besitting - al wat hulle nog oorgehad het - het in 1795 weerloos aan die suidpunt van Afrika gelê.

Die koloniste in die vier distrikte het weerloos gevoel by gebrek aan ‘n regering om hulle te beskerm en weens al die onreg wat so voortdurend teen hulle gepleeg is. Die onsimpatieke Kaapse goewerneurs en die Politieke Raad het saam met die ander amptenare deurgaans ‘n beleid van groot verkwisting gevolg en hulle eie sakke deur woekertransaksies gevul. Dit het die HOIK se bankrotskap aangehelp.

Die boere in die binneland se belange het vir hulle geen saak meer gemaak nie. Hulle het geen mark vir hulle produkte

gehad nie en het geen reg gehad om die Swartes te straf vir al die plundertogte en moordaanvalle waarmee hulle geteister is nie. Maynier het vir Woeke in 1793 as landdros van Graaff-Reinet opgevolg. Hy was ‘n geesdriftige aanhanger van Rousseau se idees en het elke Swarte “in sy natuurlike, onbedorwe toestand” as die toonbeeld van onskuld en deug aangesien.

Teen 1793 het ‘n groot aantal Kôsas wederregterlik wes van die grens tussen die boere ingedring. Vertoë aan Maynier, die nuwe landdros, om op te tree, het niks gehelp nie. Die Kôsas het die hele landstreek tussen die Swartkops- en die Visrivier beset, baie vee gebuit, plaashuise afgebrand, ‘n aantal boere en bediendes gedood en 120 plase verwoes. Maynier het die boere belet om teen die Kôsas op te tree. Hy het tussen hulle gaan rondry en probeer om vrede te maak. Die Kôsas het nie weer verhuis nie en die veediefstalle het toegeneem. Die owerheid het bepaal dat gebiedskeiding “met alle mogelijke zagtzinnigheid” moet plaasvind. Die landdros sou, deur jaarliks geskenke aan die Kôsas uit te deel, probeer om hulle vriendskap te wen.

Die boere se posisie was ondraaglik. Die owerheid wou hulle nie beskerm nie en wou hulle ook nie toelaat om hulself te beskerm nie. Al wat vir hulle oorgebly het, was die afwerping van die gesag van hul onsimpatieke owerheid. Die stiefmoederlike behandeling het nie hulle moed gebreek en moreel afgetakel nie. Hulle het besef dat hulle nie doelloos die binneland geleidelik binnetrek nie. Hulle eenderse belange in hulle stryd teen ‘n onsimpatieke owerheid, het hulle in ‘n eenheidsband saamgesnoer, onder die besef dat hulle hul eie heil moes uitwerk. Stadig maar seker het daar onder hulle ‘n eie volksgevoel ontwikkel. Hulle was lankal nie meer

Hollanders of Duitsers of Franse nie, maar burgers van ‘n nuwe land aan die suidpunt van Afrika, wat reeds veel opgeoffer het om huis en haard teen die barbare se aanvalle te beveilig. Hulle het besef dat hulle alleen vir hul eie belange se beskerming sal moet veg. Die wete dat hulle vir hul voortbestaan net op hulself aangewese was, het die eenheidsband tussen hulle versterk, in die wete dat hulle die eerste Afrikaners was wat besig was om die beskawing op die voorposte van hierdie pragtige suidland in te dra.

Die Kôsa-inval van 1793 se verwoestende plunder-, roof- en moordtogte was die laaste strooi op die gemoedere van die geteisterde inwoners van die distrikte van Graaff-Reinet en Swellendam. Onder Maynier het die ou probleem van korrupsie ook weer kop uitgesteek. Hy het kwitansies vervals en homself ten koste van die arm burgers verryk. Hy het ‘n baasspelerige houding teenoor hulle ingeslaan. Hy het vir hulle gesê hy is nie net die landdros nie, maar ook die weesmeester en die vendusiemeester. Hy is die koning van Graaff-Reinet. Woeke kon nie doen wat hy wou nie, maar hy, Maynier, sal doen net wat hy wil en die vlerke van die Patriotte knip, al moet hy dit deur die heidene laat doen.

Die Graaff-Reinetters het op 29 Januarie 1795 ‘n petisie teen Maynier opgetrek en op 6 Februarie ‘n stormagtige vergadering gehou. Hulle het Maynier aangesê om die drosdy onmiddellik te verlaat en twee heemrade en ‘n burgeroffisier wat met Maynier bevriend was, saam met hom Kaap toe gepos. Daarna het hulle onder leiding van Marthinus Prinsloo vir hulle ‘n eie regering van sewe persone saamgestel. Hulle het ook hul eie landdros, sekretaris en bode aangestel. Wanneer hierdie raad byeenkom en heenraadsaangeleenthede bespreek word,

sou Jan Booysen voorsit, maar as krygsake bespreek word, sou Adriaan van Jaarsveld as president die leiding neem.

Die inwoners van die ander buitedistrik, Swellendam, het die voorbeeld van die Graaff-Reinetters gevolg. Sestig gewapende manskappe het onder hulle “selfverkose nasionale kommandant,” Petrus Delport, die drosdy van Swellendam beset en die landdros, Anthonie Faure, en drie heemrade verplig om hul ampte neer te lê. Delport-hulle het ander administratiewe beamptes aangestel. Daarna het hulle vir hulle ‘n raad, genoem die Nasionale Konvensie, onder presidentskap van Hermanus Steyn saamgestel.

Die burgers van albei distrikte het alle bande met die Kaapse regering en die Kompanjie verbreek. Hulle was gewillig om hulle “laatste droppel bloed te presenteeren voor onze vrijheid, om onder onze vrije Republiecq te sorteeren.” Daarmee het hulle nie bedoel om twee onafhanklike republieke te stig nie, maar dat hulle hulself eintlik onder die gesag van die Stategeneraal van Holland geplaas het.

So is die diktatoriale gesag van die H O I K, wat ‘n eeu en ‘n half lank die koloniste geteister het en hul vooruitgang gestrem en belemmer het, afgewerp en beëindig, om net onmiddellik weer vervang te word met ‘n langdurige Engelse arrogante verdrukking en agtervolging van die ergste graad, toe die tweede eeu van onreg teen die Afrikanervolk aangebreek het.

5
Engelse arrogansie in die 19e Eeu

Die H O I K se swanesang

In 1785 het luitenant-kolonel Jacob van de Graaff vir Joachim van Plettenberg as goewerneur opgevolg. Gedurende sy bewind aan die Kaap, het die uitgawes van die HOIK so reusagtig toegeneem weens sy buitensporige verkwisting en dié van die ander amptenare, dat hulle hom in 1791 teruggeroep het na Holland. Die Kompanjie het onder 'n enorme skuldlas gebuk gegaan en het 'n gewisse bankrotskap en ondergang in die gesig gestaar. Die Here XVII het twee kommissarisse, Nederburgh en Frykenius, na die Kaap gestuur. Hulle het probeer om verbeteringe aan te bring, maar al hulle pogings was blote lapwerk. Hulle het in 1793 na Batavia vertrek en die bestuur van die Kaap oorgedra aan Abraham Sluysken, 'n hooggeplaaste amptenaar, wat moes probeer red wat daar nog te redde was, te midde van die beroeringe wat besig was om in die oostelike distrikte plaas te vind.

Die Kaap word Engels

Die Britte het lank reeds met begerige oë na die Kaap gekyk. Gedurende die Amerikaanse Vryheidsoorlog het die vinnige optrede van 'n Franse vlooteskader verhoed dat die Kaap in Engelse hande val. Na die oorlog het Holland sy bondgenootskap met Engeland weer hernu. Daarna is hy stadigaan fyngemaal in die Frans-Britse tweestryd. Toe dit naderhand lyk of Holland óf 'n kolonie van Engeland, óf van

Frankryk gaan word, val die nuwe republikeinse Frankryk die Brits-Nederlandse bondgenootskap aan. 'n Reuse Franse leër het die grens oorgesteek op pad na Amsterdam en Den Haag. Holland het op 16 Mei 1795 oorgegee en 'n vasalstaat van Frankryk geword, met die naam, die Bataafse Republiek. Prins Willem V van Oranje het na Engeland gevlug en gaan vra dat hulle tog asseblief die Kaap moet gaan beskerm teen 'n moontlike Franse besetting daarvan.

Die Engelse het dit met groot plesier gedoen, want hulle het lankal die waarde van die Kaap besef. Met 'n brief van Willem van Oranje aan Abraham Sluysken, om die Kaap aan die vriendelike Engelse te oorhandig, het admiraal Elphinstone in Junie 1795 met 6 000 troepe aan boord onder generaal Craig, in Simonsbaai anker gegooi. Kommissaris Sluysken het probeer om die Kaap te verdedig, maar sy twee senior militêre offisiere, kolonel Robert Gordon en die lafhartige luitenant-kolonel De Lille, wat kastig die Franse "beginsels" verafsku het, het 'n fiasko van die verdediging gemaak. Die Kaap is deur die seëvierende Britte geannekseer.

Die Engelse en die Kaapse bevolking

Die groeiende aantal Kaapse kleurlinge - kruisings tussen Hottentotte en slawe - was nie veel gepla deur die koms van die Engelse nie. In Kaapstad self was baie van die inwoners en ook die meeste amptenare van die Kompanjie ten gunste van die prins van Oranje en selfs pro-Brits, op grond van eie belange. Hulle het in Kaapstad en sy hinterland - die Boland - met hulle gesigte na die see geleef. Hulle bestaan was van die skeepsverkeer afhanklik, waardeur hulle kontak met die buitewêreld gehou het. Alhoewel hulle Hollands bly praat het, het hulle kosmopolities geword deur hulle gereelde kontak met Nederlandse, Franse en Britse besoekers. Hulle het nie die

stryd geken van die binnelanders nie en het nooit verinheems nie. Dit is die Kaapse koloniste, wat die koms van die Engelse feitlik verwelkom het.

Die derde groep inwoners was die veeboere in die binneland, wat byna geen kontak met die buitewêreld gehad het nie. Hulle het totaal verinheems en is deur die voortdurende stryd teen die natuur, die Boesmans en die Kôsas geslyp.

Swellendam word onderwerp

Onderwyl hulle in Swellendam en Graaff-Reinet besig was om die knellende juk van die Hollandse Kompanjie finaal van hul skouers af te werp, het die Engelse met ‘n veel meedoënloser een in Kaapstad aan wal gestap. Van al die inwoners van die Kaap is verwag om die eed van getrouheid aan die Engelse koning af te lê. Die westelike distrikte se inwoners het geen probleem daarmee gehad nie, maar die burgers van Graaff-Reinet en Swellendam was nie geneë om die vryheid wat hulle pas verwerf het, aan die Engelse af te staan nie. Die burgers van Swellendam het egter na oorweging maar besluit om toe te gee, op enkele uitsonderings na. Een van hulle was die nasionale kommandant, Petrus Delport. Die Engelse goewerneur McCartney het hom na Holland verban.

Graaff-Reinet in opstand

In Graaff-Reinet was die weerstand teen die Engelse besetting veel groter as in Swellendam. Generaal Craig het ‘n sekere Bresler as hulle nuwe landdros na hulle gestuur. Toe hy die Union Jack hys, het die burgers hom neergehaal en weer die Nederlandse vlag gehys. Hulle het geweier om die eed van getrouheid af te lê en het vir Bresler na Kaapstad teruggestuur. Toe Bresler in die Kaap aankom, het hy al die skuld vir die opstandigheid van die burgers op Graaff-Reinet se

distriksgeneesheer, dokter Jan Woyer, gepak. Daarna is Woyer voëlvry verklaar. Hy het gevlug, in ‘n Deense skip vanaf Algoabaai na Batavia ontsnap en die Hollandse goewerneur-generaal omgehaal om hulp vir die Graaff-Reinetters teen die Engelse te stuur. Die goewerneur het ‘n brik, Het Haasje, vol wapens en ammunisie en 8 kanonne laat laai en onder bevel van Jan de Freyn suidwaarts gestuur. ‘n Kwaai storm het die skip in Delagoabaai laat skuiling soek. Daar het die Portugese hom verraai en vir die bemanning van die Engelse skip, Hope, gehelp om sy bemanning gevange te neem.

Intussen was die Graaff-Reinetters nog opstandig genoeg om hul “eed voor de Stategeneraal” te hernu. Hulle was nie van plan om onder die Britse juk te swig nie en het gemeen dat hulle in staat sou wees om vry van die Britse bestuur te bly. Toe het generaal Craig die vervoer van wapens en ammunisie en alle lewensmiddele na Graaff-Reinet afgesny. Daarsonder kon hulle op die oosgrens nie leef nie en het toe maar besluit om hulle aan die kroon van Engeland te onderwerp.

Die arrogante John Barrow

Frans Bresler het weer as landdros in die drosdy die leisels in die hande gehad. Goewerneur Macartney het hom oosgrens toe gestuur om die toestande aldaar te gaan ondersoek en ‘n sekere John Barrow saamgestuur om hom te help. Hierdie John het die grootste vooroordeel en minagting vir die grensboere gekoester. Hy het nie hulle taal verstaan nie. Volgens hom kon hulle maklik met Sjinese landbouers vervang word.

Nadat hy ‘n draai saam met Bresler tot aan die Keiskamma gemaak het, het hy genoeg slegmaak-materiaal versamel gehad vir sy boek *Travels into the Interior of Southern Africa.* Dit is vol halwe waarhede, verdigsels en leuens. Die gesagvoerders

het hom egter geglo, nie net in die Kaap nie, maar ook in Engeland waar sy stories verkoop is. Hy het die goewerneurs se optrede teenoor die Kôsas en die grensboere, oor ‘n lang tydperk bitter nadelig beïnvloed. Dit het geduur tot in die Bataafse tydperk, toe De Mist onder Barrow se invloed beveel het dat daar sagkens met die onskuldige natuurkinders te werk gegaan moet word.

Graaff-Reinet weer in opstand

Die gedwonge “vrede” het nie baie lank in Graaf-Reinet geduur nie. Dit het ekonomies baie moeilik met die burgers hier op die oosgrens gegaan, weens die gebrek aan ‘n mark of afsetgebied vir hulle produkte en weens die plundertogte van die Swartes. Om te oorleef, het hulle begin om belastings te ontduik, want hulle het geen geld gehad nie. Toe Adriaan van Jaarsveld met die betaling daarvan agterstallig raak, het hulle hom voor die geregshof gedaag, maar hy het nie gegaan nie. Op 17 Januarie 1799, toe hy niksvermoedend op Graaff-Reinet aangery kom, word hy deur landdros Bresler in hegtenis geneem en die volgende môre Kaap toe gestuur, vergesel van ‘n sekere Oertel, die distriksekretaris, en drie soldate. Sy vriend, Marthinus Prinsloo, het daarvan gehoor en gou ‘n perdekommando van 40 man by Bruintjieshoogte bymekaar gemaak en vir Oertel agternagesit en hulle op 21 Januarie ingehaal. Hulle het Van Jaarsveld bevry en hom na Graaff-Reinet teruggeneem, terwyl Oertel en sy drie soldate hul reis na Kaapstad voortgesit het. Bresler het daarna ‘n benoude tydjie in Graaff-Reinet beleef.

Goewerneur Dundas het op 17 Februarie 1799 ‘n troepemag onder bevel van generaal Vandeleur van Kaapstad af na Graaff-Reinet laat opruk om die opstandelinge te gaan straf. Hy het nog ‘n tweede mag by Algoabaai laat land, om

daarvandaan na Graaff-Reinet te marsjeer. Toe die kommando wat intussen tot 160 aangegroei het, van die oormag verneem wat teen hulle opruk, het hulle maar vergiffenis vir hulle opstand gevra en hulle onvoorwaardelik onderwerp en hulle wapens by Bruintjieshoogte neergelê.

Die meeste van die burgers is met klein boetes gestraf, maar Van Jaarsveld en Prinsloo en 16 van die manne is na Kaapstad geneem en in die kasteel opgesluit. Adriaan van Jaarsveld en Marthinus Prinsloo is tot die dood veroordeel. Van die ander manne is verban en twee het ‘n paar jaar tronkstraf gekry. Die regering het probleme ondervind om die twee doodvonnisse te bekragtig en het toe sommer maar vir Van Jaarsveld en Prinsloo onbepaald in die donker gat in die kasteel opgesluit. Die bittere ontbering en foltering het vir Adriaan van Jaarsveld te veel geword. Hy het na ‘n noodlottige val daaronder beswyk en gesterf. So is die eerste ernstige offers vir vryheid gebring.

Die ewige Maynier

Maar die “boors” moes nog verder gestraf word. Daarom is die kreatuur Honoratius Maynier weer oor hulle aangestel! Daarna is ‘n klomp Hottentotte bymekaar gemaak en bewapen, om Maynier by te staan. Om die burgers verder te terg, is hulle kerk as onderdak aan hierdie Pandoers gegee.

Toe Vandeleur met sy troepemag na Bruintjieshoogte marsjeer om die Graaff-Reinetters te gaan onderwerp, het daar ‘n klomp Hottentotte langs die pad by sy troepe aangesluit. Vandeleur het hulle ontwapen, want hulle het gewere gehad, maar hulle toegelaat om by sy troepe te bly. Maar hulle het die Engelse nou gewantrou en almal na die Kôsas toe weggeloop om met hulle saam te span teen die Blankes.

Op Vandeleur se terugreis na Kaapstad, is hy deur ‘n Kôsa-hoof aangeval wat gedink het die Engelse gaan hom oor die Visrivier terugdryf. Die ontstoke Vandeleur wou hieroor die Kôsas ‘n deeglike les leer, maar die gesagvoerders in Kaapstad was volkome onder invloed van Maynier en Barrow, wat vir hulle wysgemaak het dat al die onluste veroorsaak is deur onderdrukking, onreg en tergery deur die Blankes. Vandeleur het opdrag gekry om die toestand te red deur ‘n versoenende houding met geskenke en beloftes.

Daarna het die Kôsas in 1801 die hele suidelike Graaff-Reinet oorstroom en verskriklike verwoesting aangerig. Goewerneur Dundas verskyn toe self op die oosgrens, vergesel van Maynier, om hulle versoeningspolitiek deur te voer. Die Kôsas het presentjies gekry en beloof om nie verder te plunder nie. Hulle is toegelaat om in die Suurveld te bly.

Maynier is aangestel as resident-kommissaris van albei grensdistrikte. Hy was nou beklee met nog groter gesag as voorheen, wat hy na hartelus probeer uitvoer en misbruik het, naamlik met streng bevele dat die Hottentotte baie goed behandel moes word en ‘n drastiese verbod op gewapende optrede teen die veerowers.

In Oktober 1801 was daar gerugte dat die regering die boere as soldate wil oproep. In die chaos wat gevolg het, het hulle die gehate Maynier in sy drosdy gaan beleër en sterk-bewoorde petisies teen hom opgetrek. Majoor Sherlock is met ‘n troepe-afdeling na Graaff-Reinet gestuur en Maynier is na Kaapstad teruggeroep, waar hy vrygespreek is en weer in ‘n ander pos aangestel is.

Groot ellende aan die oosgrens

Maynier was nou weg, maar die probleme aan die oosgrens was nog daar. Die boere was erg gedemoraliseer. Hulle kon nie hul gesinne verlaat om op kommando te gaan om die stropers te gaan straf nie. Die distrikte het soos ‘n verowerde land gelyk. Honderde huise en plase het afgebrand gelê en die Kôsas het uitgebreide dele van die Blanke se gebied in besit geneem. Baie boere is al verder weswaarts gedwing en het met hul huisgesinne en vee ‘n rondswerwende bestaan begin voer.

Nie een van die vier Engelse goewerneurs wat die Kaap gedurende die eerste Britse besetting vanaf 1795 tot 1803 regeer het, het iets gedoen om die boere se beproewings op die oosgrens te verlig nie. Generaal Craig, graaff McCartney, Francis Dundas en sir George Yonge, het hulle laat lei deur persone soos Maynier en Bresler. Hulle het voortgegaan om die gruwelike onreg wat reeds meer as ‘n eeu al teenoor die wordende groepie Afrikaners gepleeg is, voort te sit, deur hulle nie te beskerm teen die invalle van die swart barbare op die grens nie. Die ergste van alles was dat hulle boonop ook nog belet is om hulleself te beskerm.

Die Bataafse tydperk

Volgens ooreenkoms tussen Engeland en Frankryk in 1801, moes die Nederlandse regering die kolonies wat Engeland van hom verower het, terugkry. Holland was toe die Bataafse Republiek. Kommissaris-generaal J A de Mist het op 21 Februarie 1803 die Hollandse driekleur by die kasteel gehys. Hy het twee jaar lank aan die Kaap gebly en die regering op ‘n gesonde grondslag geplaas. Daarna het goewerneur Janssens die regering oorgeneem totdat die Engelse die Kaap in 1806 weer ‘n tweede keer kom verower het.

Gedurende die Bataafse tydperk was daar al verskeie sendinggenootskappe aan die Kaap bedrywig. De Mist het vaste stasies aangewys aan die Hernhutters se Morawiese Sending. Die Rotterdamse Sendinggenootskap het plek gekry aan die Sakrivier en die Londense Sendinggenootskap onder Van der Kemp en Read, het met hul leeglêer-Hottentotte na Bethelsdorp aan die oosgrens verhuis.

De Mist se houding ten opsigte van die oosgrens-probleem, was kerngesond. Alle Bantoes moes uit die Suurveld, oor die Visrivier, na hulle eie gebied gedryf word. Daar mag geen kontak tussen die koloniste en die Swartes wees nie. Daarom sou niemand toegelaat word om heen en weer oor die grens te beweeg nie, want die kern van al die moeilikheid ontstaan uit die feit dat die Bantoes geen besef van "myne" en "joune" gehad het nie. Twee honderd jaar later het hulle dit nog steeds nie.

De Mist en Janssens sou hierdie beleid kon uitvoer met 'n sterk krygsmag, wat die Bataafse regering nie gehad het nie. Daarbenewens het die heruitbreek van die oorlog in Europa verhoed dat 'n kragtige beleid toegepas kon word. Intussen het die koloniste wat moes vlug, begin om na hulle plase terug te keer, maar die Kôsas is nie uit die Suurveld verwyder nie.

Die Kaap word vir goed Engels

Toe die oorlog weer in Europa uitbreek, het Engeland nie gras onder sy voete laat groei om die Kaap 'n tweede keer te kom roof nie. Generaal David Baird het op 8 Januarie 1806 met 4 500 troepe by Blaauwberg geland. Generaal Janssens kon nie eers 2 000 skraapsels teen hom monster nie. Die Kaap het finaal Engels geword.

Die veroweraar se erfenis het bestaan uit 26 000 Blankes, 30 000 slawe en 20 000 Hottentotte. In Kaapstad self het toe 6 000 Blankes, 9 000 slawe en 450 Hottentotte gewoon. Buiten die openbare geboue het Kaapstad uit 1 250 huise bestaan.

Die Kaap se stategiese waarde vir die beskerming van Brittanje se groot Oosterse belange, het by die veroweraar swaarder geweeg as die heil en welsyn van sy inwoners, maar die eerste goewerneur, lord Caledon, het tog twee goeie dinge gedoen, en die Hottentotte se bewegings in 'n mate aan bande gelê deur die instelling van paswette asook rondgaande howe.

Die filantrope was baie gou op hulle agterpote oor die paswette. Vir hulle was dit 'n skending van menseregte en 'n bedekte vorm van slawerny. Die twee sendelinge, Read en Van der Kemp, het 'n vals tweesang gesing oor die "onmenslike" behandeling wat die Hottentotte van die kant van die Blankes moes verduur. Hulle het vir Caledon en die amptenare van pligsversuim beskuldig omdat hulle niks gedoen het om 'n einde aan die "onreg en verdrukking" te maak nie. Read het na Engeland geskryf dat hy van meer as 100 moordgevalle weet wat alleen in die distrik Uitenhage gepleeg is.

Die Filantrope

Hierdie vrome Engelse sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, Read, Van der Kemp en dr Philip, het die saak van die Afrikaners aan die oosgrens groot skade berokken met die verkondiging van hulle klomp leuens, wat in regeringskringe in Londen geglo is. Die ergste onder hulle was die groot filantroop, dr John Philip, wat onder die invloed van die Franse filosoof, Jean Jaques Rousseau was, met sy konsep van die "edele barbaar." Hy het gesê: "Die Hottentotte het vele goeie eienskappe, maar die mees uitstaande een is 'n

absolute getrouheid aan die waarheid. Die Hottentotte kan vrygespreek word van die algemene en onvergeeflike kwaad soos leuens en diefstal."

Hy kon net sowel gesê het die Hottentotte is nie soos alle ander mense aan die sondeval onderhewig nie; hulle het dit vrygespring. Die filantrope het die snert wat hulle verkondig het, self geglo. Hulle het in Engeland in magsposisies gesit. Hulle het die Engelse regering gedwing om aan hulle bewerings aandag te gee en die Kaapse regering aan te sê om ondersoek in te stel en teen die barbaarse, wreedaardige "boors" op te tree, wat die arme, onskuldige Hottentotte so uitmoor. Alles wat 'n Hottentot gesê het, is aangeneem as die waarheid en niks anders as die volle waarheid nie. Daarteenoor is die Afrikaners nie geglo nie, hoe goed of reg hulle ook al hul saak bewys het.

Bethelsdorp, die rowersnes

By Van der Kemp en Read se sendingstasie te Bethelsdorp, het die Hottentotte kos en klere gekry sonder om 'n steek werk te verrig. Hulle het daarheen geswerm, sodat die stasie spoedig 'n onheilsnes geword het, want luiheid is die duiwel se oorkussing. Van der Kemp-hulle het gesê die Hottentotte is 'n lydende en onderdrukte volk. Hulle woord moet nooit in twyfel getrek word nie. Die Hottentotte het gou agtergekom dat alles wat hulle gesê het, vir soetkoek opgeëet word.

Saam met hul groot liefde vir die Hottentotte, het die sendelinge ook 'n wrewelrige haat teenoor die boere ontwikkel, want hulle het elke grusame storie wat die "waarheidsgetroue" Hottentotte oor die "Dutch Boors" verkondig het, geglo. Hulle het gesê die behandeling van die Hottentotte is een van die swartste en bloedigste bladsye in die geskiedenis en dat die boere niks beter is as 'n horde plunderende barbare nie.

Gedurende die afgelope 200 jaar het daar nog niks hiervan verander nie. Die Afrikaners word nog steeds aangekla as die "onderdrukkers" van die Swartes, ten spyte van die feit dat geen ander volk op aarde nog ooit soveel vir ander volke gedoen het as wat die Afrikaners vir die swart volke gedoen het nie.

Die Swart Ommegang

Die "rein, onskuldige natuurkinders" het met mekaar gewedywer oor wie die grusaamste storie kon vertel. Die Kaap het skielik soos 'n slagpale begin lyk soos die lyke opmekaar gestapel is. Read het op 8 Januarie aan die owerheid geskryf dat daar in die klein deel van die Kolonie alleen, waar hulle was, oor die honderd moorde gepleeg is. Dit is 'n veld van onskuldige bloed wat tot God om wraak roep.

Die minister van kolonies het aan goewerneur Caledon opdrag gegee om die aangeleentheid te ondersoek, sodat die misdadigers gestraf kon word en die verontregte naturelle in die toekoms teen die barbarisme van hul onderdrukkers beskerm kon word. Daarom het Caledon in 1812 die rondgaande hof aangesê om die klagtes in Tulbach, Swellendam, George, Uitenhage en Graaff-Reinet te ondersoek. Meer as 50 Afrikaners is gearresteer en voor die hof gedaag op aanklagte van aanranding en moord. Ongeveer 100 is aangesê om te kom getuig. Die verhore het maandelank voortgesloer, onderwyl die beskuldigdes en getuies van hul plase afwesig was.

By geen een van die plekke waar die hof gesit het, kon 'n enkele moord bewys word nie. So hier en daar is 'n boer skuldig bevind op sogenaamde "aanranding", wat maar net

daarop gedui het dat hy ‘n vreklui Hottentot op sy plaas met die sambok moes bykom, om hom ‘n bietjie aan te wakker.

Die hof het vir Read en Van der Kemp streng aangespreek omdat hulle die klomp leuens geglo het sonder om ondersoek in te stel. Hulle het die beginsel van vryheid so ver gerek dat die nauurlike staat van die barbare die beskawing en sosiale orde oortref. Luiheid en ledigheid, en gevolglik smerigheid en vuilheid groei voortreflik by hul sendingstasie. Baie Hottentotte by Bethelsdorp het deelgeneem aan die plundering, berowing en afbranding van opstalle en selfs aan moorde op die inwoners.

Hierdie striemende uitspraak teen die filantrope kom van ‘n Engelse hof. Ongelukkig het dit nooit die samelewing só deursuur dat die grensboere daardeur gebaat het nie. Die Britse samelewing was klaar deurtrek met die droewige filantropie.

Die vernedering wat die Afrikaners tydens die openbare verhore ondergaan het, het verwydering tussen hulle en die Engelse gebring. Dit was die eerste teken dat die Engelse en die nie-blankes later nog hegter sou saamspan om die Afrikaners te probeer vernietig. Hierdie ongelukkige gebeurtenis is die Swarte Ommegang genoem, omdat dit net Afrikaners was wat voor die hof gedaag is vir beweerde misdade teen Hottentotte. Nie ‘n enkele Hottentot is verhoor vir misdade en vergrype teen Afrikaners nie.

Slagtersnek:Geen genade nie

Die Engelse het vanaf hulle eerste besetting van die Kaap begin om Hottentotte te bewapen en te gebruik om Afrikaners te intimideer. In Graaf-Reinet het dit tot rebellie teen die Britse gesag gelei. Onmiddellik na 1806 het hulle weer met

dieselfde ding begin. Die Pandoere, die Engelse se gewapende Hottentot-mag, is veral gebruik om Afrikaners mee te tart en te verneder. So’n ongelukkige gebeurtenis het in 1815 onder die goewerneurskap van die outokratiese lord Charles Somerset plaasgevind, toe daar weer ‘n klag teen ‘n Afrikaner gelê is deur sy Hotnot-werknemer. Frederik Bezuidenhout het op die oosgrens aan die Baviaansrivier gewoon. Sy Hottentot-bediende het hom van mishandeling aangekla, waarna Bezuidenhout gedaag is om voor die hof op Graaff-Reinet te verskyn. Freek het nie gegaan nie.

Op 16 Oktober 1815 is twaalf Hottentot-soldate onder aanvoering van ‘n blanke luitenant gestuur om hom in hegtenis te neem. Na die smaad van die Swarte Ommegang, was hierdie voorval seker vir Bezuidenhout soos ‘n rooi doek voor ‘n bul se kop. Hy het verwoed op hulle losgebrand, maar die oormag was te veel en hy is doodgeskiet. Tydens sy begrafnis het sy broer Johannes Bezuidenhout wraak gesweer en ‘n aantal manne oorreed om saam met hom teen die onderdrukkende Engelse regering te rebelleer. Net 60 man was bereid om die wapen op te neem.

Landdros Cuyler het op 18 November met ‘n gemengde mag van blanke soldate en Hottentot-dragonders teen hulle uitgetrek en hulle te Slagtersnek ontmoet. Hulle het wyslik besluit om sonder bloedvergieting aan die oormag oor te gee, maar Johannes Bezuidenhout en sy swaer Faber en twee Botmas het met hulle gesinne oor die Visrivier in die Swartes se gebied in gevlug. Hulle is ingehaal. Bezuidenhout is doodgeskiet en die ander gevange geneem.

Al die gevangenes is op Uitenhage verhoor. Van die 47 aangeklaagdes is 39 skuldig bevind en gevonnis. Hendrik

Prinsloo, Cornelis Faber, Stephanus Botma, Abraham Botma, Theunis de Klerk en Willem Krugel is ter dood veroordeel. Die ander is tronkstraf en boetes opgelê. ‘n Paar van hulle is na ander distrikte verban. Willem Krugel is begenadig.

Die ander vyf manne is ten aanskoue van hul vriende en familie te Slagtersnek opgehang wie gedwing is om die teregstelling by te woon. Die vyf man is aan ‘n haastigvervaardigde galg gehang. Vier van hulle se toue het gebreek en hulle het half-bedwelm op die grond neergestort. Die toeskouers het om begenadiging gepleit, maar dis hardvogtig geweier. Hulle moes weer die galg bestyg en is weer gehang.

Slagtersnek gooi ‘n lang skaduwee oor die geskiedenis van die Afrikanervolk. Die rebellie het ‘n gees van verset in die jong volkie aangesteek wat nie weer geblus kon word nie. Toe die Voortrekkers twintig jaar later uit die Kolonie wegtrek, het hulle daardie galgbalk saamgeneem. In 1877, toe die vermetele Shepstone Transvaal kom annekseer het, was daar oproepe dat hy en sy vrybuiters, as nasionale weerwraak aan dieselfde balk opgehang moes word. Die Voortrekkers in Natal het vir kommissaris Cloete gesê: “Ons kan Slagtersnek nooit vergeet nie.” Slagtersnek het lank daarna nog soos ‘n muur tussen Afrikaner en Engelsman gestaan.

Verdeel en heers

Die Engelse het hulle beproefde beleid van verdeel en heers, waarmee hulle ander volke in al hulle koloniale gebiede onderwerp het, saamgebring Kaap toe. Die begin van die toepassing daarvan was om die Hottentotte teen die Afrikaners op te rui en in die harnas te jaag. Daarmee was die filantrope vir hulle van groot hulp, want hoe groter die vyandskap van

ander volke teen die Afrikaner aangeblaas word, hoe meer word sy vegkrag verdeel, sodat hy maklik onderwerp en oorheers kan word.

Hulle moet vernietig word

Die Engelse Kaapse regering het nie lank gewag voordat hulle maatreëls in werking gestel het nie met die hoop dat dit sou uitloop op die vernietiging van die Afrikaner. Die eerste aanslag was op sy taal toe daar in Cradock en Somerset se bewind Nederlands met Engels vervang is in die staatsdiens, die geregshowe, in die skole en selfs in die kerk. Engelse onderwysers en Engelse predikante moes die ding kom doen. Somerset se proklamasie van 1822 het Engels die amptelike en enigste taal van die Kolonie gemaak. Mettertyd is die Hollandse stelsel van landdroste en heemrade met magistrate en juries vervang. Geleidelik is die Romeins-Hollandse regstelsel met die Britse Gemenereg vervang. Die *Royal Charter of Justice* het verseker dat geen Afrikaanse regsgeleerde, prokureur of advokaat in ‘n regsposisie aangestel kon word nie. Alleen regslui uit Engeland, Ierland of Skotland kon in die geregshowe aangestel word. Die regsberoep is vir die Engelse gereserveer en die Afrikaners daaruit geweer.

Hierdie maatreëls het die Engelse taal stewig verskans en daarvoor gesorg dat die Afrikaners uitgesluit is van politieke regte, politieke aanstellings en poste in die staatsdiens. Dit het nie net vir die Engelse gegaan om ‘n bevoorregte posisie vir hulself te verseker nie, maar was ‘n doelbewuste poging om die Nederlandse stam aan die Kaap te vernietig. In hul arrogansie het hulle ook nie geskroom om die Afrikaners in hul private lewens aan te tas nie.

In die uitvoering van hulle beleid van volksmoord, het hulle in Ierland, Skotland en Wallis groot sukses behaal deur hulle kerke en skole aan te val. Aan die Kaap het hulle dit nie moeilik gevind om op beide toe te sak nie want die kerk en die skool was tradisioneel aan die staat ondergeskik.

Aanslag teen die kerk

Reeds gedurende die eerste Britse besetting het Baird tweekeer predikante ontbied om voor hom te verskyn en verantwoording te doen vir uitsprake wat hulle vanaf die kansel gemaak het. Die verskoning was toe dat die Britse koning hoof is van die *Church of England.* Die goewerneur is sy verteenwoordiger en daarom is hy die leier van die kerk, wat aan hom onderdanig moet wees!

Om sy gesag oor die kerk uit te oefen, het Baird toe ‘n spesiale politieke kommissaris aangestel, wat die goewerneur in die kerkraad moes verteenwoordig en hom moes inlig oor alle besprekinge, veral wanneer daar anti-Engelse besprekinge in die kerkraad plaasvind. Die Afrikaners het sterk beswaar gemaak teen hierdie politieke misbruik van hulle kerk, maar natuurlik was dit tevergeefs.

Die Engelse bewind het goed geweet hoeveel die Afrikaner se kerk vir hom beteken. Daarom is doelbewuste pogings aangewend om die kerk te vernietig. Toe lord Somerset in 1814 die bewind oorneem, het hy probeer verhoed dat Afrikaners na Nederland gaan om in die teologie opgelei te word. Die gevolg was ‘n kunsmatige tekort aan predikante aan die Kaap. Daar was naderhand drie vakatures wat nie gevul kon word nie. Somerset het dadelik die tekort met Skotse predikante gevul. Hy het tevore reeds werwingswerk in Skotland laat doen en was gereed om met die ontstaan van die vakatures, die Skotte

op hierdie ongelooflik outokratiese wyse op te dring, sonder om die saak eers met die kerkrade te bespreek.

Toe maak Somerset sy volgende skuif. Hy dring daarop aan dat daar in die toekoms in Engels gepreek moes word en dat alle kerkdokumente in Engels vertaal moes word. Die Afrikaners het weer ervaar dat hulle volkome hulpeloos was. Verskeie van hulle wat na hulle studie in Nederland na die Kaap teruggekeer het, het ontdek dat daar vir hulle geen beroepe beskikbaar was nie, want dit was reeds deur Skotte gevul. Die Afrikaner se kerk in ‘n vreemde taal is nie meer sy kerk nie.

Aanslag teen die onderwys

Die volgende stok van die Engelse owerheid om die Afrikaners mee te slaan, was die onderwys. Goewerneur Cradock het op 2 November 1812 beveel dat die rektor van die Latynse Skool in Kaapstad ‘n Engelsman moet wees en dat hy die Engelse taal moet bevorder en laat seëvier. Lord Charles Somerset het in 1814 nie net beveel dat die medium van onderrig in alle skole in die Kolonie, Engels moet wees nie, maar dat dit alleen deur Engelse onderwysers onderrig moet word. Hoor net hoe eufemisties hy hierdie noodlottige bepaling probeer verdoesel het: “*Algehele vereniging en samesmelting van die ou en die nuwe inwoners, is iets wat elke verligte kolonis moet beskou as ‘n wenslike en belangrike doelwit.”* In duideliker taal wou hy daarmee sê die Nederlandse bevolkingsgroep, en in besonder die Afrikanerdom, moet vernietig word.

Maar die ontluikende Afrikanervolkie, wat nog skaars nasionaal bewus was van homself, het geweier om onegte

Engelse te word. Baie van hulle het hul kinders uit die Engelse staatskole geneem en in privaatskole geplaas.

Die vasberade poging wat die Engelse owerheid aangewend het om die Kaap heeltemal te verengels, het nie geslaag nie, want die Afrikaners in die binneland het baie min kontak met hulle gehad en hulle min gesteur aan wat in Kaapstad gebeur. Hulle het feitlik selfversorgend en selfstandig op hulle plase gewoon. Maar die vindingryke Britse owerheid het ‘n plan bedink om hulle by te kom.

Die 1820 werklose Engelse setlaars

Hulle het vantevore in Brittanje self ‘n mate van sukses behaal met bevolkingsvermenging toe hulle ‘n klomp Engelse in nasionalistiese Noord-Ierland gaan plant het in ‘n poging om die Ierse volk ‘n nekslag toe te dien en volkome te verengels. Aan die Kaap wou hulle hul doel ook deur immigrasie en integrasie bereik.

In 1820 was daar nog maar 4 000 Engelse aan die Kaap, teenoor 43 000 Nederlandse koloniste. Om die Kaap te verengels, moes hulle dus baie Engelse invoer. Na die ellende van die Napoleontiese oorloë was dit nie moeilik om immigrante te werf nie. Elkeen van die 5 000 setlaars wat gekom het, het ‘n stukkie grond aan die oosgrens gekry, met die opdrag om daarop te boer. Hulle was bewus daarvan dat van hulle verwag word om die Afrikaners, tussen wie hulle beland het, te verengels. Hulle het weinig sukses behaal, want die meeste van hulle het nooit *South Africans* geword nie, omdat hulle Engeland steeds as hulle *home* beskou het. Die doel van hul koms was ‘n politieke aksie teen die Afrikanervolk.

Na die koms van die setlaars was daar 9 000 Engelse aan die Kaap, teenoor die 43 000 Nederlandstalige bevolking. Die Kaap het nog lank ongeveer 80% Hollands gebly en die Engelse het besef dat hulle nie maklik ‘n getalsoorwig sou bereik, waarmee hulle die Afrikaners mee kon onderploeg nie.

Integrasie

Omdat die Engelse owerheid nie daarin kon slaag om die klompie halsstarrige Afrikaanse boere te versmoor met die werklose setlaars wat hulle tussen hulle geplant het nie, het hulle hul nou na integrasie gewend om hulle politiek van verdeel en heers verder te bedryf. Daarvoor het hulle al die ander rasse in Suid-Afrika ingespan.

Vanaf 1823 het ‘n groeiende aantal Swartes die Kaapse grens oorgesteek en hulle in die Kolonie kom plak. Dit was groepe vlugtelinge wat wou wegkom voor die moordtogte en vernietigingsgolwe wat die land in die noorde oorspoel het, toe Tjaka en Silkaats se hordes duisende der duisende Swartes uitgewis het, sodat die Vrystaatse en Transvaalse vlaktes oortrek was met hulle geraamtes. Die oorlewendes het begin om die Kaap binne te stroom. Teen 1836 was daar al 17 000 binne die grense van die Kolonie. Hulle was Fingo’s wat kom kos en werk soek het. Net buite die grense was daar reeds 35 000 van hulle gevestig, bestaande uit verskillende vlugtelingsgroepe, onder andere Mantatese, Betsjoeanas, Barolongs en Korannas. Hulle het in gewapende groepe in die Kolonie rondbeweeg en veral in die oostelike gebiede vir die Afrikaners die Swart gevaar skrikwekkend laat toeneem. Die Engelse owerheid het niks gedoen om hulle weer oor die grense te dryf nie. Die filantropiese sendelinge het hulle koms verwelkom en geleentheid gesien om in hulle skole vir hulle Engels te leer en hulle teen die Afrikaner-boere op te maak.

Om die integrasieproses te bevorder, het goewerneur Bourke in 1828 met die uitvaardiging van die Ordonnansie 49 al wat leef en beef in die Kaapkolonie verwelkom. Hy het in die wet ‘n paar van die groepe wat toegelaat word, genoem: *Any Kafirs, Gonaguas, Tambookies, Griquas, Bosjesmen, Betchuanas, Mantatees, Namaquas, or other natives of the interior of Africa.*

Die Ordonnansie het alle grensreëlings vervang. Die hele Afrika het toegang tot die Kaapkolonie verkry. Die sendelinge het hulle aangemoedig en van passe voorsien. Hulle het die hele Kolonie oorstroom.

Drie dae nadat Ordonnansie 49 in werking getree het, vaardig Bourke Ordonnansie 50 uit, wat ook aan die Hottentotte volledige vryheid van beweging toelaat, net soos aan die ander Swartes. Duisende Hottentotte het hul werkplekke verlaat en in groepe deur die land geswerf om van roof en veediefstal te lewe.

Verlies van duurgekoopte slawe

Die volgende hou wat die Britse outoriteite na die Afrikaners gemik het met die doel om hulle groot skade te berokken en ekonomies heeltemal lam te lê, was die afskaffing van slawerny. Eers het hulle allerhande irriterende, onnodige en verkleinerende wette gemaak oor die behandeling van die slawe aan die Kaap, asof hulle daarmee wou voorgee dat die koloniste hulle slawe net so wreed en sleg behandel het as wat die Engelse self met hulle eie slawe in Wes-Indië en ander Engelse kolonies gedoen het. Daarna het hulle die slawe vrygestel.

Daar was op hierdie tydstip 39 000 slawe aan die Kaap, met ‘n geraamde waarde van iets oor die R6 miljoen. Die slawe-eienaars se ontnugtering was egter baie groot toe hulle ontdek dat daar maar skaars R2½ miljoen aan hulle uitbetaal sou word, as vergoeding vir die vrystelling. Die skok het nog groter geword toe hulle verneem dat alle uitbetalings in Londen sou plaasvind, nie in kontant nie, maar in 3.5 % staatspapiere, dat alle administrasiekoste afgetrek sou word en op elke eis seëls ter waarde van R3 geplak moes word.

Daar was groot verbystering aan die Kaap. Baie verbande is opgeroep. Oorsese agente en spekulante het die koloniste uitgebuit deur hul eise vir ‘n appel en ‘n ei op te koop. Baie slawe-eienaars het maar ongeveer een vyfde en selfs minder van die waarde van hul slawe gekry. Baie families is hierdeur totaal verarm. Dit was veral die Afrikaanssprekende koloniste wat hierdie las moes dra, want die Engelse setlaars van 1820 is nie toegelaat om slawe aan te hou nie.

Inflasie

Die armoede wat deur al die ellende soos reeds beskryf, veroorsaak is, het gedurende die eerste jare van die Engelse bewind veral aan die oosgrens drasties toegeneem, met die waardevermindering van die riksdaalder. In 1806 was hierdie geldeenheid se waarde nog ongeveer 41 sent. Die Engelse goewerneurs - en veral die spandabelrige Somerset - het roekeloos en onoordeelkundig ‘n groot aantal papier-riksdaalders laat druk sonder sekuriteitsdekking, sodat die waarde daarvan naderhand in 1815 nog net 15 sent was. Dit het ‘n vloedgolf van inflasie veroorsaak en diepgaande ontevredenheid uitgelok, wat veral in Graaff-Reinet tot onmiskenbare vyandige gevoelens gelei het.

Die sesde oorlog teen die Swartes

Maar die beproewings van die Afrikaners op die oosgrens moes nog eers in ‘n groot krisis vermenigvuldig word, voordat hierdie laaste strooi die kameel se rug sou knak en hulle vir hul ‘n ander heenkome sou gaan soek. Die weifelende grensreëlings was die hoofoorsaak van die uitbreek van die oorlog. Bourke het Somerset se reëlings afgebreek en Cole het weer Bourke se maatreëls onvergewerp. Die Swartes het hierdie aarseling en onsekerheid van die owerheid as swakheid van die Witman vertolk en al hoe meer in die neutrale gebied gaan plak. Die goewerneur het ‘n strafekspedisie uitgestuur om veediefstalle te straf. Dit het die oorlog laat uitbreek.

Op 21 Desember 1834 het 15 000 Kôsas die Kolonie binnegeval en die grensbewoners totaal onvoorbereid oorval. Hulle het 22 mans vermoor, 456 huise afgebrand en 5 700 perde, 115 000 beeste en 161 000 skape weggevoer. Die boere het haastig hulle plase verlaat en in laers en ook in Grahamstad gaan beskerming soek. Die gestroopte distrikte was ‘n verlate wildernis.

Die Engelse: Wes-Kaap

Nadat die Engelse dertig jaar lank doelbewuste pogings aangewend het om die Hollandse bevolking wat hulle in die Kaap aangetref het, te verengels, kon hulle met tevredenheid en groot genoegdoening ervaar dat hulle beleid ‘n sukses was wat die inwoners van die skiereiland en die westelike distrikte betref. Dit is die kolonialers wat hulle eed van getrouheid aan die Britse koningin getrou gehandhaaf het en met rasse skrede verengels het. Die meeste het hul taal versaak vir Engels en baie het selfs hul NG Kerk verruil vir die Anglikaanse Kerk.

Aan die Kaap was daar naderhand volop verengelste *Cloetes, De Wets, Van der Byls, Myburghs en Brands.*

Die Afrikaner:Oos-Kaap

Hier was dit ‘n ander storie. Die Afrikaners het te veel onreg gelei onder die arrogante, onsimpatieke Engelse regime, wat hulle nie teen die Swartes beskerm het nie en doelbewus probeer het om hul ondergang te bewerkstellig. Die ontplooiing van ‘n nasionale bewussyn by hierdie Afrikaners was reeds so ver ontwikkel dat hulle hul nie meer vrywillig aan Britse gesag wou onderwerp nie.

Na die gruwels van die sesde oorlog teen die Swartes, was daar heethoofde onder hulle wat wou hê dat hulle weer in militêre opstand teen die Engelse regering moes kom. Maar hulle het besef dat hulle nie sou slaag nie omdat hulle te min was en die Kolonialers hulle nie sou help nie en Engeland oor die water onbeperkte magte kon aanvoer om hulle te onderwerp.

Dan trek ons maar die binneland in totdat ons vry is

Die Afrikaner-veeboer se heftig-ontevrede reaksie het dus nie weer die vorm van rebellie aangeneem nie, maar was ‘n opstand wat in die vorm van ‘n massaverhuising plaasgevind het. Hierdie geniale oplossing vir hulle probleme is deur die Afrikaner-grensboere self ontwerp en uitgevoer. Dit was nie ‘n spontane volksbeweging nie, maar eenvoudig net die beste en enigste oplossing wat ‘n paar leiers aan die hand kon doen om die jong Afrikanervolkie van ‘n gewisse ondergang in die Kaapkolonie te red want die Kolonialers van die westelike distrikte het daarin berus om in ‘n nuwe Kaapse reënboognasie op te gaan, wat natuurlik Engelstalig sou wees en groot getalle

nie-blankes sou insluit. Daarom het die Afrikaners hulle verset teen so 'n geïntegreerde eenheidstaat waarin hul eie gemeenskap vernietig sou word. Hierdie daad sou die voortbestaan van die Afrikanervolk verseker.

Pogings om die trek te verongeluk

Toe die Kaapse regering bewus word van die feit dat sy Afrikaner-onderdane besig is om in georganiseerde trekgeselskappe die Kolonie te verlaat, het hierdie burgers van die oostelike distrikte, vir wie se welsyn nooit 'n flenter omgegee is nie, skielik vir die Kolonie baie waardevol geword. Goewerneur Benjamin D'Urban het vir lord Glenelg, die Koloniale Sekretaris in Londen, geskryf dat hulle die oudste en fatsoenlikste inwoners van die oostelike distrikte is. Hulle is onverskrokke, geduldig, arbeidsaam, ordeliewend en godsdienstig. Hulle is die bebouers van die grond en die verdedigers en die belastingbetalers van die land. Sulke waardevolle burgers moet belet word om die land te verlaat. Maar die prokureur-generaal het die regering meegedeel dat hy geen reg of mag besit het om sy onderdane te verbied om te verhuis nie.

Die regering het dit egter vir die Trekkers so moeilik as moontlik gemaak om weg te kom. Hulle het in 1834 deur 'n ordonnansie bepaal dat dit vir enigiemand onwettig is om meer as 4½ kg kruit te besit of te vervoer. Maar die voornemende Trekkers het goeie voorsorgmaatreëls getref en met genoeg kruit en lood die Kolonie verlaat. Met hulle uittog is hulle waens daagliks deur spesiale kommissarisse deursoek. Daarom het hulle elke aand hulle voorraad kruit en lood op perde gepak en dit in die nag ver vooruit gestuur en dit gaan versteek onder 'n beesvelbeskutting teen reën.

Om hulle nog verder te ontmoedig om te trek, het die regering in 1836 'n wet gemaak, *The Cape of Good Hope Punishment Act,* wat sogenaamd die Britse gesag proklameer tot aan die 25e graad suiderbreedte. Dit was om vir die Trekkers te sê dat hul trekkery 'n nodelose onderneming is, want waarheen hulle ook al trek, bly hulle nog steeds Britse onderdane. Op die Trekkers se navraag waar hierdie 25e graad loop, sodat hulle kon weet wanneer hulle tot noord van hom getrek het, was die antwoord: "Wanneer julle saans uitspan en die jukke en die trekkettings neerlê vir die volgende dag, dan lê die 25e graad net so 'n paar tree verder as die voorste juk."

Waarheen hulle getrek het

Louis Trichardt is al in 1833 vanaf die oosgrens met 'n klompie volgelinge oor die Swart Kei en in 1835 oor die Grootrivier. Lang-Hans van Rensburg het omtrent dieselfde tyd die Kolonie verlaat met 8 huisgesinne en by Trichardt aangesluit. Hulle is by Suikerbosrand verby, deur Trichardtspoort en die Olifantsrivier en deur Strydpoort op pad na die noorde, met die plan om kontak met die Portugese hawens te maak. By die Soutpansberg het Trichardt halt geroep en Van Rensburg is verder oor die Limpopo, waar sy trekgeselskap deur die Knopneuse aangeval en almal vermoor is.

Trichardt het 'n jaar lank by die Soutpansberg tevergeefs op die Potgieter-trek gewag en toe na Delagoabaai getrek, waar hulle op 13 April 1838 aangekom het. Hy en die meeste van sy mense is daar aan Malaria dood. Later is die oorlewendes per skip na Port Natal, na die Natalse Voortrekkers geneem.

Hendrik Potgieter het vanaf die Tarka die Kolonie aan die einde van 1835 met 35 weerbare manne verlaat. Sarel Cilliers

het by Smithfield by hom aangesluit en in die omgewing van Colesberg ook die Krugers, met die tienjarige Paul daarby. Hulle is by Thaba Nchu verby tot by Winburg. Die trekgeselskap het toe al 200 siele getel. Potgieter het by die Batuang-kaptein die stuk grond tussen die Vet- en die Vaalrivier vir 49 beeste geruil met die plan om die Republiek Winburg daar te stig.

Op 30 Junie 1836 het hy met ‘n kommissie van 11 man en vergesel van Sarel Celliers, by Louis Trichardt aan die Soutpansberg aangekom en vir hom gevra om daar te wag totdat sy trek wat aan die Vaalrivier gestaan het, by Trichardt hulle sou aansluit, sodat hulle saam na die Portugese hawens kon trek.

By sy terugkeer het Potgieter gevind dat Silkaats die Trekkers by die Vaalrivier aangeval het. Hy het dadelik by Vegkop laergetrek en die Matebeles se aanval afgeslaan, maar hulle het al die vee van die Trekkers gebuit en weggevoer.

Intussen was die trek van Gerrit Maritz uit Graaff-Reinet op pad na die noorde. Hulle het by Thaba Nchu by Potgieter s’n aangesluit. Die Trekkers het vir Maritz daar as president en regter gekies en vir Potgieter as “legerkommandant.” Die twee leiers het saam ‘n straftog teen Silkaats beplan en hom in Januarie 1837 uit sy Mosega-vesting naby Zeerust gaan verdryf.

Piet Retief se trek het teen die einde van Maart 1837 ook hier by Thaba Nchu aangekom. Daar was teen die najaar en die winter van 1837 ongeveer 5 000 siele bymekaar, waarvan ongeveer 1 500 weerbare manne was. Hier is Retief as

goewerneur van die Trekkers gekies en Maritz as voorsitter en landdros. Potgieter is oor die hoof gesien.

Die Trekkers het besluit om almal saam oor die Drakensberg na Natal te trek en hulle daar te vestig. Langs die pad het daar op 14 Augustus 1837 nog ‘n trek van 170 persone onder Piet Uys by hulle aangesluit. Uys was ‘n korrelkop wat nie onder die gesag van die ander leiers wou buig nie, maar hy het saam getrek Natal toe.

Toe die Trekkers die berg oor is, het hulle in die Tugela-vallei gaan wag, onderwyl Retief met Dingaan gaan onderhandel het. Potgieter en Uys het met ‘n kommando na Transvaal teruggekeer en vir Silkaats ‘n tweede keer gaan aanval en hom in ‘n negedaagse slag in sy Kapain-vesting naby Enselsberg in Marico, verpletterend verslaan. Silkaats het oor die Limpopo gevlug. Andries Pretorius, wat uit die Kolonie die Trekkers kom besoek het, was as waarnemer by hierdie slag teenwoordig.

Potgieter en Uys is daarna met hul manne terug na Natal. Retief het gereed gemaak om op sy tweede sending na Dingaan te vertrek, waar hy met 67 man en 4 seuns en 30 agterryers op 6 Februarie 1838 by Ungungundlovu wreed vermoor is. In ‘n verrassingsaanval het die Zoeloes in die nag van 16 Februarie die laers by Bloukrans en Boesmansrivier tot aan die Rensburgspruit, bekruip en 40 mans, 56 vroue, 185 kinders en 250 bediendes vermoor.

Die Trekkers het ‘n strafkommando onder Potgieter en Uys gestuur om die vyand aan te durf. Die twee leiers sou elkeen sy eie manne aanvoer. Op pad na die tiran se hoofstad is Uys se afdeling by Italeni in ‘n lokval gelei. Potgieter het vir hulle ‘n

pad oopgeskiet om te ontvlug, maar Piet Uys en Dirkie Uys en 10 manne het gesneuwel. Ses dae later het ‘n klompie Engelse wat by Port Natal gewoon het, saam met ‘n impi mak Zoeloe-volgelinge, Dingaan se hordes aan die Tugela aangeval en in ‘n daglange verwoede geveg ook die onderspit gedelf, met verlies van meer as 1 000 van hulle Zoeloe-krygers en 13 Blankes wat gesneuwel het.

Die ontstelde en moedelose Trekkers het vir Potgieter die skuld gegee vir die mislukte veldtog teen die Zoeloes. ‘n Paar dae later is hy met 160 man, hul families en vee weer terug oor die Drakensberg. Daarna was die Trekkers feitlik leierloos, want Maritz en Celliers was nie invloedryk genoeg nie. Hulle het na Andries Pretorius in Graaff-Reinet gestuur om sy hulp in te roep.

Onderwyl hulle vir Pretorius gewag het, het die Zoeloes weer toegesak op die voorste laer aan die Boesmansrivier, maar kommandant Hans de Lange het hulle aanval in ‘n driedaagse slag afgeslaan.

Andries Pretorius het op 22 November by die laer aan die Klein Tugela aangekom en voorbereidings getref vir die straftog teen Dingaan. Op Sondag 9 Desember was hy en sy veglaer reeds by Wasbank, waar die gelofte afgelê is. ‘n Week later het die roemryke slag van Bloedrivier plaasgevind en kort daarna is Dingaan se mag heeltemal verpletter. Uiteindelik kon die Trekkers begin reëlings tref vir hulle permanente verblyf, Potgieter in die Noord-Vrystaat en Transvaal en Pretorius-hulle in Natal.

Die Engelse spook het saamgetrek Natal toe

Toe Piet Retief sy eerste sending na Dingaan onderneem het, was daar in Port Natal ‘n Engelse seekaptein, Gardiner, wat in 1835 by Dingaan aangekom het met die storie dat hy hom onder die Zoeloes as sendeling wil vestig. Nadat hy Dingaan se vertroue deur allerhande twyfelagtige handelinge gewen het, het hy vir eerwaarde Owen in Engeland gaan haal en hom naby Dingaan se kraal gevestig. Daarna is Gardiner na Port Natal, waar hy voorgegee het dat hy ‘n magistraat is. Hy het teen die sin van die klompie Engelse wat daar by die kus gewoon het, oor hulle begin baasspeel. Hulle het vir hom gesê die grond in die baai behoort nie aan Engeland nie. Hulle het dit van Dingaan se voorganger, Tsjaka, gekry.

Gardiner het sy invloed by Dingaan bly behou. Hy het hom wysgemaak dat die Trekkers wat besig was om Natal binne te kom, misdadigers is wat van die Britse koning af wegloop om straf te ontduik. Sulke drosters is mos strafbaar met die dood. Dit het in die barbaar se gemoed vasgesteek.

Owen, die sendeling wat Gardiner by Dingaanstat gaan plant het, het vir Retief tydens sy eerste besoek aan Dingaan gesê dat die grond wat Retief van die Zoeloe-koning wou vra, alreeds aan die Engelse afgestaan is. Dit was ‘n leuen om die Trekkerleier te ontmoedig. Met Retief se tweede besoek aan Dingaan het hierdie Owen baie goed geweet dat die tiran van plan was om die Trekkers te vermoor, maar hy het nie ‘n vinger verroer om hulle te waarsku nie.

Toe Pretorius na die slag van Bloedrivier in Port Natal aankom, moes hy ontdek dat ‘n sekere Samuel Charters intussen die Engelse vlag daar kom plant het. Hy is gestuur

deur die arrogante Kaapse goewerneur Napier, wat gedurende sy bewind geen goeie woord ooit vir die Trekkers gehad het nie en hulle wou laat verstaan dat hulle nooit iets anders as minderwaardige Britse onderdane sou wees nie. Charters het van Pretorius geëis om die verdere agtervolging van die Zoeloes onmiddellik te staak!

Napier was ‘n bietjie te oorhaastig om Natal toe al vir Engeland in te palm, want hy het sonder die toestemming van die Britse regering gehandel. Charters is voor die einde van 1839 weer teruggeroep. Die Trekkers het in 1840 die Republiek van Natal geproklameer en gedink dat hulle nou van die Engelse onslae is, maar dit was nie so nie. Hulle swart bondgenote het eerste toegeslaan. Die Bakastam op die suidgrens van die Republiek het kom vee steel en is daaroor gestraf. Sy buurman, Fakoe en die Pondo’s, was net sulke groot veediewe. Fakoe skrik toe groot en vra vir Napier beskerming teen die wrede Boere. Napier het nie op hom laat wag nie. Hy het dadelik ‘n afdeling troepe na Pondoland gestuur.

Die Natalse Volksraad het ‘n versoek tot hom gerig dat hy as verteenwoordiger van die Britse regering die staatkundige selfstandigheid van die nuwe Afrikanerstaat moet erken. Napier was moedswillig nie haastig om te reageer nie, maar hy het naderhand in 1841 nader besonderhede gevra voordat hy sou besluit. Daarop het die Volksraad sy versoek om erkenning van sy onafhanklikheid dringend herhaal. Napier het nou skielik geweier om te onderhandel, tensy die Trekkers eers erken dat hulle Britse onderdane is en bereid is om die gesag van die Britse regering te gehoorsaam. Eers ‘n jaar daarna het hy aan hulle laat weet dat die Engelse regering weier om hul onafhanklikheid te erken. Die Volksraad wou egter nie berus

nie en het in Desember 1841 weer aangedring om erkenning van sy politieke vryheid, waarna Napier dit weer ontken het. Hy het gedreig om Port Natal weer met ‘n militêre mag te laat beset.

Die Engelse regering was op hierdie stadium half onwillig om sy oorsese gebiede nog verder uit te brei, maar Napier het geweet watter snaar hy moet tokkel om sy sin te kry. Hy het vir hulle ‘n vals deuntjie begin sing op die wysie van “O hoe wreed word die arme Swartes nie deur die Boere verdruk nie!” Sulke stories het die Engelse regering altyd graag geglo. Hulle het toegestem dat Napier die Republiek vir Engeland annekseer. Hy het sy proklamasie op 2 Desember 1841 uitgevaardig en kaptein Smith vanaf Pondoland met ‘n troepemag van 300 na Port Natal gestuur. Smith het op 4 Mei 1842 die hawe beset.

Die Trekkers wou hul duurgekoopte onafhanklikheid nie sonder slag of stoot prysgee en weer onder die onregverdige Britse verdrukking buk nie. Andries Pretorius het besef dat daar min hoop vir die handjievol Afrikaners was om die magtige Engeland te verslaan en uit Natal te verdryf, maar hy het ‘n moedige poging aangewend om met sy klein militêre mag vir Smith en sy troepe te beleër. Die Engelse aanvoerder het in die nag van 23 Mei by Congella ‘n aanval op Pretorius se beleëringsmag gemaak in ‘n poging om uit te breek, maar dit het hom duur te staan gekom. Hy het die Boere se militêre weerbaarheid onderskat want hy is teruggslaan met ‘n verlies van 17 man dood, 31 gewond, 3 vermis en twee van sy kanonne het in die hande van die Boere geval.

Daar is voortgegaan om Smith te beleër. Een van sy manne, Dick King, het in die nag ontsnap en seshonderd myl in ses dae na Grahamstad afgelê om hulp te gaan soek. Op 26

Junie het ‘n groot vloottaakmag van 800 soldate uit die Kaap in die hawe geland en met hulle skeepskanonne se gebulder vir Smith ontset. Pretorius moes toe maar met sy handjievol Boere en hulle verouderde voorlaaiergewere die wyk neem voor die getalsterke vyand met hul moderne wapentuig.

Die Engelse ontsettingsmag is aangevoer deur ‘n verengelste kolonialer, luitenant-kolonel A J Cloete. Hy het onmiddellik begin om ‘n soort militêre regering oor die Trekkers toe te pas en die tradisionele swart bondgenote van die Engelse in te span om die lewens van die Trekkers te vergal. Panda, wat vroeër die Trekkers goedgesind was en deur die Trekkers as koning van die Zoeloes aangestel is, het nou skielik pro-Brits geword. Sy bendes het begin om die hele Natal te oorstroom en Cloete het hulle opdrag gegee om die Boere se vee te gaan roof en dit na die Engelse kamp te bring. Hy sou hulle daarvoor vergoed.

Pretorius moes die stryd opgee en sy manne huis toe stuur om hul gesinne te gaan beskerm teen die swart plaag wat hulle skielik weer bedreig het. Drie ou mans is koelbloedig vermoor deur Cloete se “vreedsame” rowers en vroue en kinders is mishandel. Die toestand het baie gou in ‘n orgie van amptelike moord, roof en verkragting ontaard, waarmee die Engelse en hierdie verengelste Cloete die Afrikaners tot oorgawe wou bring. Die Volksraad het geen ander keuse gehad as om op 12 Mei 1843 ‘n akte van oorgawe te teken nie. Natal het ‘n Britse kolonie geword.

Cloete is terug Kaap toe. In sy plek is sy verengelste broer, Henry Cloete, na Natal gestuur as gevolmagtigde van die Britse regering om die nuwe gebied te administreer. ‘n Aantal vroue, onder leiding van die vrou van Erasmus Smit, het vir Cloete ‘n

benoude tydjie besorg. Hulle het hom as ‘t ware in sy kantoor gaan omsingel en vir hom gesê dat hulle hul nooit aan Britse gesag sou onderwerp nie en as hulle verset daarteen tevergeefs is, sal hulle liewers kaalvoet oor die Drakenberg terugstap na vryheid, as om onder Britse bestuur in Natal te bly. Hulle het vir hom gesê hulle wagwoord is “Die Vryheid of die Dood.” Maar Natal was vir die Trekkers verlore.

Die Engelse spook trek Vrystaat toe

Onmiddellik na die anneksasie van Natal deur die Engelse in 1843 het die uittog van die Trekkers na die Vrystaat en Transvaal begin, want skielik het hulle in hul gewese Republiek al die ellende en beproewings begin beleef wat hulle sewe jaar vantevore aan die Kaapse oosgrens gely het. Teen die einde van 1843 was daar skaars nog 500 Trekkergesinne in Natal oor. Andries Pretorius het op sy plaas Welverdiend by Pietermaritzburg bly woon en probeer om in die bres te tree vir sy mense by die nuwe Engelse outoriteite. Hy kon natuurlik geen hond haaraf maak nie. Hy het selfs Kaap toe gegaan om te gaan kla, maar die goewerneur het geweier om hom te woord te staan. Toe dit naderhand onhoudbaar word weens die toestroming van al die swart roof- en moordbendes, het Pretorius die Trekkers wat daar nog was, bymekaar gemaak en in ‘n trek na die Vrystaat beweeg.

Aan die begin van 1848 het hulle in laers aan die Tugela gestaan. Die nuwe Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, het hulle daar besoek en hulle probeer oorreed om in Natal te bly. Skielik was hulle nou vir die Engelse owerheid waardevolle inwoners van Natal.

Nie een is terug nie. Pretorius self het ‘n plaas bekom in Transvaal aan die Magaliesberg by Hartebeespoort. Baie van die Natalse Trekkers het hulle ook in Transvaal by Potchefstroom en Rustenburg gevestig en die ander is na die noordelike deel van die Vrystaat, waar Potgieter Winburg aangelê het, tussen die Vet- en die Vaalrivier.

Toe die Natalse Trekkers in die Vrystaat aankom, was die Engelse spook al ‘n geruime tyd besig om daar amok te maak. Vanaf die Oranje- tot aan die Vaalrivier het daar op hierdie stadium verskeie groepe mense gewoon. Die Afrikaner-Trekkers, onder leiding van Jan Mocke en Jan Kock, het in die Republiek Winburg gewoon. Dit is die gebied wat Hendrik Potgieter gekoop het van die Batuang-kaptein, geleë tussen die Vet- en die Vaalrivier. Die gebied suid van die Vetrivier tot aan die Oranje, genoem Transoranje, is deur verskeie groepe mense bewoon. In die suid-westelike deel daarvan was die basterkaptein, Adam Kok, met sy Griekwas by Philippolis. In die oostelike bergstreek was die geslepe Mosjes met sy Basoeto’s. In die suidelike deel tot aan die Oranje was daar hier en daar nog Afrikaner-Trekkers wat nie Winburg toe is nie, maar tussen hulle het ‘n klompie gewone trekboere gewoon wat nie Voortrekkers was nie en tussen hulle was daar ‘n groep Engelse wat ook al oor die Oranje getrek het en hulle daar gevestig het. Hulle leier was ‘n verengelste Michiel Oberholzer.

Hierdie Engelse het hul owerheid gesmeek om die Vrystaatse gebied vir Engeland te annekseer. Die Britse owerheid was egter nog nie bereid om dit te doen nie, maar hulle het al die inwoners van Transoranje duidelik laat verstaan dat hulle almal Britse onderdane is, alhoewel hulle nie op Britse

grondgebied woon nie, want waar hulle ook al gaan, bly hulle onder jurisdiksie van die *Cape of Good Hope Punishment Act.*

Om die Afrikaner-Trekkers in Winburg en ook almal in Transoranje se lewens te vergal, het die Kaapse goewerneur Napier ‘n nuwe ding uitgedink en met goedkeuring van sy owerheid toegepas. Hy het verdrae gesluit met hulle twee bondgenote in Transoranje, Adam Kok en Mosjes en hulle aangestel om oor die Afrikaners wat in hulle gebied gewoon het, baas te speel.

In die verdrae is Kok en Mosjes gevlei as getroue vriende en bondgenote. Hulle moet die orde in hul gebiede handhaaf en misdadigers uitlewer en die Kaap waarsku as daar enige vyandelikhede teen die Kolonie uitbreek. Kok kry daarvoor wapens en ammunisie en R200 per jaar. Mosjes kry R150 òf wapens en ammunisie. (R200 of £100 was daardie tyd baie geld).

Kok se verdrag het feitlik die onafhanklikheid van die Griekwas erken en hy kon nou namens die Engelse oor die Afrikaners baasspeel. Dit het die sendelinge groot vreugde verskaf om te sien dat Afrikaners nou die onderdane van die Hottentotte word. Hy het sy pasverkreë gesag ook probeer handhaaf deur hulle te hiet en te gebied en selfs te laat arresteer en vir vermeende misdrywe hof toe te sleep. Dit kon die Winburgers nie sluk nie. Jan Mocke het ‘n klein kommando op die been gekry en noord van Philippolis laergetrek. ‘n Engelse mag het hom daar ná ‘n paar skermutselings verdryf. Kort daarna is daar in 1846 ‘n Britse “resident”, Warden, met ‘n militêre mag in Bloemfontein geplaas.

Dit was dus duidelik dat die Engelse vas van plan was om die hele Vrystaatse gebied te annekseer. Die Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, het vir Andries Pretorius gesê die meeste inwoners van die Vrystaat is ten gunste van Britse anneksasie van die gebied. Hierdie onsin wou hy aan die Voortrekkerleier wysmaak toe Pretorius in 1847 met die laaste Voortrekkers wat Natal verlaat het, reeds in laers aan die Tugela gestaan het, op pad na die Vrystaat en Transvaal. Pretorius het vir hom gesê die Afrikaners gaan vir hul vryheid veg of verder noordwaarts trek as die Engelse grypsug die Vrystaat ook gaan inpalm. Smith het ingestem om met sy anneksasie te wag totdat Pretorius bewys lewer dat die Vrystaters teen die anneksasie gekant is. Pretorius het vyftien vergaderings in Transoranje en die Winburggebied gehou, waar almal voor die voet teen die voorgenome anneksasie gekant was. Goewerneur Harry Smith het egter nie op die uitslag gewag nie, maar op 3 Februarie 1848 die hele Vrystaatse gebied, vanaf die Oranje tot aan die Vaal, vir Engeland geannekseer onder die naam *Orange River Sovereignty.*

Teen hierdie tyd het die Afrikaners al deeglik besef dat die Engelse waarskynlik aan ‘n onversadigbare psigopatiese behoefte en drang gely het om hulle tot aan die eindes van die aarde te vervolg en heeltemal te verdelg. Nie aan die oosgrens, nie in Natal en nie in die Vrystaat is daar aan hulle enigsins die geringste bestaansreg gegun nie. Maar hulle het nie sonder slag of stoot gaan lê nie.

Met die anneksasie van die Vrystaat vir Engeland, het die onrus in hierdie geteisterde gebied toegeneem, want op enige plek op aarde waar die lang-arm van die Engelse verskyn het, het rus en vrede verdwyn en warboel en chaos en opstand gevolg. Die eerste daarvan het in Winburg plaasgevind, waar

die Afrikaner-landdros Jacobs, deur ‘n Engelse magistraat Biddulph, vervang is. Die Winburgers het hom ‘n maand lank verdra en toe aangesê om die dorp te verlaat. Hulle het herhaaldelik boodskappe aan Pretorius gestuur om hulle te kom help om die Engelse juk af te gooi.

Pretorius het aan hulle versoek gehoor gegee. Hy het sy plaas by die Magaliesberg verlaat en so ver as wat hy gegaan het, manskappe versamel om teen Smith op te tree. Sir Harry het van sy koms verneem en ‘n prys van £1 000 op sy kop gesit as beloning vir die persoon wat vir Pretorius gevange neem. Smith het dadelik met ‘n sterk mag van 850 man na Winburg opgeruk. Sy geledere is langs die pad versterk met nog 250 berede Griekwas wat by hom aangesluit het. Pretorius het hulle by Boomplaas ingewag met ongeveer 750 man.

Die botsing het op 29 Augustus 1848 plaasgevind. Na ‘n kort maar warm geveg het Pretorius sy kommando opgebreek en die slagveld ontruim. Voorlaaiers kan nie teen kanonne standhou nie.

Vir sir Harry Smith was hierdie manne nie Afrikaners wat vasberade vir hul vryheid geveg het nie, maar slegs ‘n klompie rebelle wat teen die wettige gesag wat oor hulle gestel is, in opstand gekom het. Daarom moes hulle ‘n les geleer word. Hy het die prys op Pretorius se kop verdubbel na £2 000 en ‘n jong seun, Thomas Dreyer, wat tydens die slag krygsgevange geneem is, voor ‘n vuurpeleton tereggestel.

Op hierdie stadium het al die teleurstellings die Afrikanervolkie se vryheidsvlam maar laag laat brand. Daar het ‘n vlaag van neerslagtigheid oor hulle toegesak, want alles waarvoor hulle gely en gestry het, was of verlore of ernstig

bedreig. Die Engelse het hulself openbaar as die enigste volk ter wêreld wat die reg het om te vat net wat hulle wil hê en enige middel te mag gebruik om dit te bekom, terwyl hulle probeer om hul misdade met ‘n vals morele kleed te bedek.

Transvaal word die laaste toevlugsoord

Die Engelse spook het in 1848 nog nie ‘n poging aangewend om sy kloue noord van die Vaal in te slaan nie. Uiteindelik het hierdie wilde, ongetemde binneland die enigste heenkome gebied aan die uiters verarmde Afrikaners, wat nog baie jare nodig sou hê om te herstel van al die verliese wat hulle gedurende die Trek gely het.

Hendrik Potgieter het probeer om net so ver van die Engelse af weg te kom as moontlik. Hy het geglo dat waar die see is, sal die Engelse ook wees. Daarom wou hy nie Natal toe trek nie, maar het verkies om die binneland vir die Trekkers te beveilig en mak te maak vanaf die Vetrivier tot aan die Limpopo en die Trekker-republiek daarop te vestig. Nadat hy met die Matebele-gevaar afgereken het, is Winburg aangelê en in 1839 ook Potchefstroom. Daarna het die Trekkers hulle ook in die omgewing van die Magaliesberg by Rustenburg gevestig. Potgieter het egter die noodsaaklikheid van die bekombaarheid van ‘n hawe besef, waar hulle sou kon handeldryf met die buitewêreld en sy oë gewend na die Portugese hawe in Delagoabaai.

En de koffieboom groeid aldaar in het wild

Die lotgevalle van die Trekkers is vanaf 1845 tot ongeveer 1852 beïnvloed deur ‘n paar persone in Nederland, wat die welsyn van hulle verafgeleë afstammelinge wou bevorder. ‘n

Sekere professor UG Lauts het baie belang gestel in die wel en weë van die Voortrekkers. Sy boek, *De Kaapsche Landverhuizers of Neerlands Afstammelingen in Zuid-Afrika,* het die Hollanders op hoogte gebring met wat in Suid-Afrika plaasgevind het tydens die Groot Trek. Om die Hollanders aan te moedig om na Suid-Afrika te emigreer en die dapper Trekkers se geledere te kom versterk, het professor Lauts allerlei mooi dinge van hulle gesê en ‘n aantreklike prentjie van die land geskilder. Hy het onder andere beweer dat koffiebome hier sommer wild groei. Waarskynlik het hy gehoor dat die Trekkers hul eie koffie maak, wat natuurlik so was, want hulle het die wortels van die witgatboom gedroog, gestamp, gemaal en gebrand en as plaasvervanger vir egte koffie gebruik.

Deur professor Lauts se bemiddeling is geld ingesamel om in die Trekkers se behoeftes te help voorsien. Hy het groot steun ontvang van ‘n groot handelsfirma, *Ohrig, Klein & Kie,* wat in 1842 ‘n skip, die *Brazilië,* uitgerus het en met hulle kantoorkneg, J A Smellekamp, gestuur is om met die Trekkers in Port Natal te kom handel dryf. Die skip se teenwoordigheid in die hawe het die anneksasie van die Republiek in 1843 verhaas, omdat dit vir die Engelse ‘n doring in die vlees was om ‘n Hollandse skip in die hawe van Port Natal te sien.

Na 1843 kon die Trekkers nie meer op die Natalse hawe vir handelsdoeleindes reken nie want dit was in Engelse besit. Daarom het Potgieter daardie jaar met ‘n kommissie na Delagoabaai gegaan om met die Portugese te gaan reëlings tref. Hulle ontmoet toe daar ‘n predikant, ds Ham, wat bestem was om die Trekkers geestelik te kom versorg. Ds Ham is deur Smellekamp daar afgelaai toe hy ‘n tweede keer deur die Trekkers se Hollandse vriende gestuur is om met hulle te kom handel dryf. Hy het eers Port Natal aangedoen, want hy het nie

geweet die hawe is nie meer in die Trekkers se besit nie. Die Engelse wou hom nie daar toelaat nie en daarom het hy na Delagoabaai geseil en vir ds en mev Ham daar afgelaai, met die hoop dat hulle op een of ander wyse die Trekkers in die binneland sou bereik. Hy het ook vir hulle ‘n onderwyser gebring, ene Martineau, maar hy is op see oorlede. Daarna het Smellekamp na Batavia vertrek.

Mev Ham is kort na hulle aankoms in die baai met haar bevalling saam met die baba wat gebore is, oorlede en ds Ham het Malaria opgedoen. Onder hierdie treurige omstandighede het hy nie meer kans gesien om saam met Potgieter-hulle te gaan nie en wou hy maar liewer na sy vaderland terugkeer.

Potgieter en die Transvaalse Trekkers was nou vol moed oor die moontlikheid om handelsbetrekkinge met die buiteland te bewerkstellig deur van die Portugese hawe in Delagoabaai gebruik te maak. Daarom was hy al weer in die winter van 1844 met 80 Winburgers en Potchefstromers met ossewaens en gedeeltelik te perd op die lang ongebaande pad na Delagoabaai. Toe hulle uiteindelik die berg oor is en na die seevlakte begin afdaal, moes hulle weens die moeilike terrein die waens onder die sorg van die helfte van die geselskap agterlaat en die tog verder te perd voortsit.

Hulle was verras om vir Smellekamp in die baai aan te tref, pas terug van Batavia, voordat hy na Holland sou terugkeer. Smellekamp het vir Potgieter aangeraai om hom met sy Trekkers tot net noord van die 26e graad suiderbreedte, buite die Engelse invloedsfeer en nader aan die Portugese hawe te vestig. Die Portugese goewerneur was daarmee eens. Sodoende sou ‘n gereelde handel met Holland en ander lande

tot stand kom. Potgieter het besluit om dit te doen. Hulle het met nuwe moed die lang terugreis aanvaar.

Toe hulle die stroom bereik waar hulle die walaer twee maande tevore agtergelaat het, was dit weg. Potgieter sou met sy ruiters net ‘n maand wegbly en toe dit naderhand twee maande word, het hulle gedink dat almal omgekom het. Hulle het die rivier waar hulle gelaer was, die naam *Treurrivier* gegee en in ‘n treurige stemming die terugreis aanvaar. Maar hulle was nouliks by die volgende rivier, toe die perdekommando van die baai af terug hulle inhaal. Hulle het hierdie rivier toe die naam *Blyderivier* gegee.

Tsetsevlieë en Malaria

Potgieter het in 1845 uitvoering gegee aan die besluit om nader aan die Portugese hawe te trek. ‘n Groot deel van die Trekkers uit Potchefstroom en die Magaliesbergstreek het saam met hom verhuis. Hulle het die nedersetting waar hulle hul in Oos-Transvaal gevestig het, *Ohrigstad* genoem, ter ere van Georg Ohrig, die Hollandse mede-eienaar van die handelsmaatskappy wat vir Smellekamp as opperstuurman met die skip, die *Brasilië,* na Port Natal gestuur het.

Die Trekkers se verwagting oor handeldryf met Holland en die buiteland was ydele hoop. Die roete wat hulle vanaf Ohrigstad na die baai met hul ossewaens moes aflê, was plek-plek met tsetsevlieë besmet, wat hulle osse by hope laat vrek het. Hul besoeke aan die baai het nooit saamgeval met Smellekamp se aankoms nie. Hy het in 1848 daarin geslaag om weer met ‘n skip, die *Amino,* die Portugese hawe te besoek, met handelsware wat vir die Trekkers bestem was, maar die Portugese se vriendelikheid het intussen opgedroog, want hulle wou hom nie laat land nie omdat hy nie onder Portugese vlag

geseil het nie. Hy het vroeg in 1851 ‘n laaste poging aangewend om die Trekkers te bereik, toe hy weer in die baai aangekom het met die Portugese skip, die *Vasco da Gama.*

Die artikels wat die Trekkers baai toe geneem het, was swak op prys en dié wat Smellekamp gebring het, was peperduur. Daarby het die Portugese owerheid skielik ‘n afsydige en onsimpatieke houding teenoor die Trekkers ingeneem. Die oorsaak daarvan was weer die Engelse spook, wat die Portugese gaan bedreig het omdat hulle die Trekkers aanvanklik goedgesind was.

Die nedersetting te Ohrigstad het misluk. Daar was spoedig onenigheid tussen die twee groepe wat daar gevorm het; dit is die aanhangers van die Volksraadparty en dié van die Potgieterparty. Kommandant Potgieter het toe in 1848 met sy volgelinge noordwaarts getrek en Soutpansbergdorp gaan aanlê. Ohrigstad was so ‘n ongesonde streek weens die Malaria, wat baie lewens geëis het, dat die Volkraadparty ook noodgedwonge in 1849 moes verhuis na ‘n gesonder hoërliggende terrein, waar hulle toe die dorp Lydenburg aangelê het.

Die tweedrag-spook maak sy verskyning

Na die slag van Boomplaas het Andries Pretorius ontmoedig na sy plaas by Magaliesberg teruggekeer. Die Afrikaner-trekkers noord van die Vaalrivier het nou in ylverspreide groepe vanaf Potchefstroom, Magaliesberg-Rustenburg, Ohrigstad-Lydenburg en Soutpansberg-Schoemansdal gewoon. Dan was daar natuurlik ook die Winburgers in die Noord-Vrystaat en die Afrikaners in die suidelike deel van die Oranjerivier-Soewereiniteit. Op hierdie

stadium het eenheid onder die Afrikaner-trekkers totaal ontbreek.

Toe Hendrik Potgieter hoor dat Andries Pretorius die Engelse by Boomplaas gepak het, het hy hom dit baie kwalik geneem, want hy was bang Pretorius maak slapende honde wakker, sodat die Engelse ook die gebied noord van die Vaal kom annekseer. Daarom het Potgieter homself met sy volgelinge by die Soutpansberg geïsoleer. Die Volksraadparty het hulleself afgeskei van die res en Lydenburg beskou as die hoofstad van die Voortrekker-republiek wat tot stand moes kom.

Smellekamp het in 1848 tydens sy besoek aan die Portugese hawe in Delagoabaai met die skip die *Amino,* daar ‘n sekere H T Bührmann afgelaai. Smellekamp het hierdie Bührmann, ‘n kantoorkneg van Amsterdam, aanbeveel as skoolmeester vir die Trekkers te Ohrigstad, maar Bührmann het voorgegee dat hy namens Smellekamp kom om arbiter te speel tussen die strydende groepe.

Bührmann het weens sy “versoeningspogings” naderhand oorhoops gelê met al die leiers. Hy het die volksraad van Lydenburg se teenkanting verder aangeblaas, vir Potgieter beskinder en vir Pretorius sleggemaak, totdat Potgieter naderhand in Desember 1849 vir Pretorius geskryf het: “Waarom moet ons ons nog langer van ‘n dolsinnige Hollander aan die neus laat lei en so baie beledigings van hom verduur?”

Uiteindelik ‘n stukkie vryheid!

Maar intussen was Pretorius nog nie klaar met die Engelse nie. Dié se groot boesemvriend, Mosjes, met wie hulle ‘n vriendskapsverdrag gesluit het, het begin om roof- en

moordtogte buite sy Thaba Bosigo-gebied te pleeg. Al die inwoners van die Oranjerivier-Soewereiniteit het swaar daaronder begin ly.

Die Britse resident in Bloemfontein, majoor Warden, was verplig om met sy garnisoen teen die Basoeto's van Mosjes, hulle oogappel, op te trek. Hy wou hê die Afrikaners moes hom help, maar hulle het geweier en hy moes maar self die kastaiings wat die Engelse in die vuur gegooi het, uitkrap. Hy het in die slag by Viervoet 'n reuse nederlaag gely en moes in alleryl Bloemfontein toe vlug. Die Kaapse goewerneur Cathcart het hom dadelik met 2 500 man na die Orangeriver Sovereignty gehaas en met Mosjes gaan onderhandel. Toe dit nie help nie, het hy tot die aanval oorgegaan, maar by Bereaberg is die Britse mag weer verslaan. Die geslepe Mosjes het egter gemaak of hy die neerlaag gely het en om vrede gesmeek en vir Cathcart met 'n slapriem gevang. Die Basoeto-probleem het in volle blom gestaan en die Engelse het nie geweet hoe om dit op te los nie.

Die Engelse se jarelange grypsug en verowering van nuwe gebiede in Suid-Afrika en oor die hele wêreld en die ontwikkeling en administrasie daarvan, het baie geld gekos, wat die Britse skatkis by tye moeilik kon dra. So 'n tyd het aangebreek onderwyl Mosjes hulle soveel moeilikheid besorg het. Die minister van kolonies het vir Cathcart laat weet hy moet hom aan die gebied noord van die Oranje onttrek.

Andries Pretorius was intussen gereed om weer die Afrikaners in die Soewereiniteit te hulp te snel met hulle Basoeto-probleme, wat vir die Engelse een te veel was. Hy het agtergekom dat daar 'n kentering besig was om plaas te vind in die Engelse koloniale beleid en het toe sy kans waargeneem om

met die toegeeflike outoriteite te onderhandel oor onafhanklikheid van die Afrikaners noord van die Vaalrivier. So is Transvaal se onafhanklikheid deur die Engelse op 16 Januarie 1852 met die Sandrivierse Konvensie erken.

Dit het die Afrikaners suid van die Vaalrivier aangespoor om self vir die herstel van hul verlore vryheid te agiteer, ten spyte van verbete teenstand van die klompie Engelse wat in die suide gewoon het. Die Britse owerheid was nie lus vir verdere uitbreiding nie en het in 1854 die hele Vrystaat onafhanklik verklaar deur die Bloemfonteinse Konvensie.

So is 'n vryburger-, Voortrekker- en Afrikanerdroom en strewe 200 jaar nadat Jan van Riebeeck die volksplanting aan die Kaap begin het, verwesenlik. Dit is 'n wonder. Nêrens het daar onder die volkerery nog so iets plaasgevind nie. Twee honderd jaar lank was hulle onderhewig aan verontregting, onderdrukking en pogings tot uitwissing, maar dit kon hulle nie onderkry of hulle nasionale bewussyn vernietig nie.

Die Suid-Afrikaanse Republiek draf rond in sy kinderskoene

Die Afrikaners wat in 1852 noord van die Vaalrivier gewoon het, was soos reeds aangetoon is, maar baie yl versprei. Daarby was hulle leierloos. Andries Pretorius en Hendrik Potgieter is albei in 1852 oorlede. Die mantel van hul leierskap het op hul seuns geval. Piet Potgieter is in 1854 dood en Marthinus Wessel Pretorius was nie opgewasse vir die taak wat op sy skouers gerus het nie, alhoewel hy die saak van die jong Republiek met ywer en toewyding gedien het.

Die Afrikanerbevolking noord van die Vaal was yl versprei, vanaf die Mooirivier en die omgewing van die

Magaliesberg, tot by die ondersteuners van die Volksraadparty te Lydenburg en in Noord-Transvaal by die Soutpanberg, die getroue volgelinge van Hendrik Potgieter te Schoemansdal. Na onafhanklikheidswording het onder hierdie groepe die eenheidsvernietigende verskynsel van twis en tweedrag uitgebreek, wat die Afrikanersaak by tye nou al anderhalfeeu lank benadeel.

Daar is vir die hele Republiek ‘n sentrale volksraad gekies, waaraan die Lydenburgers hulle nie wou onderwerp nie. H T Bührmann het in Lydenburg gaan woon en saam met hulle die vuur teen die res van die Republiek gestook.

Op 16 Mei 1853 het daar ‘n predikant, ds Dirk van der Hoff, in Transvaal aangekom, deur bemiddeling van professor Lauts van Holland. Bührmann en Lydenburg wou nie vir ds Van der Hoff as predikant aanvaar nie. Hulle was ten gunste daarvan dat die Republiek se kerk by die Kaapse sinode ingelyf moes word. Toe gebeur dit dat die nimlike J A Smellekamp aan die begin van 1854 uit Holland in Lydenburg aankom en vir ds Van der Hoff daar ontmoet. Daar was onmiddellik onenigheid tussen die twee, want Smellekamp wou sonder bemiddeling van professor Lauts, ‘n predikant vir Lydenburg alleen kry. Hy gaan toe ‘n rukkie daarna Rustenburg toe en loop daar en vertel dat ds Van der Hoff nie georden is nie en dat die hele kerkraad van Rustenburg godloënaars is. Die kerkraad het hom by die volksraad verkla. Smellekamp het egter toe ontken dat hy gesê het dat ds Van der Hoff nie georden was nie. Daarna het die kerkraad by die krygsraad gaan hulp soek. Hulle het vir veldkornet Paul Kruger na die volksraad gestuur om te vra waarom die kerkraad nie na behore beskerm word nie. Hulle eis dat ‘n vorige besluit uitgevoer moet word, naamlik dat ‘n persoon wat die kerk belaster, met

500 riksdaalders beboet moet word en by ‘n tweede oortreding verban moet word.

Smellekamp is toe beboet. Daarna is hy na Potchefstroom, waar hy vir MW Pretorius as voorsitter van die krygsraad, gaan slegmaak het deur ‘n beledigende brief aan hom te skryf. Die landdros van Potchefstroom het hom toe gelas om die Republiek te verlaat.

Die verskille en twis tussen Lydenburg en die res van die Republiek het naderhand so groot geword dat Lydenburg op 16 Desember 1856 in ‘n aparte republiek afgeskei het. Maar MW Pretorius het weer die vriendskapsband aan hulle gereik sodat die verskille uit die weg geruim is en hulle weer met die Suid-Afrikaanse Republiek verenig is.

Daarmee was die geskarrel van onenigheid en twis nog gladnie hokgeslaan nie. MW Pretorius, wat as president van die ZAR verkies is, was hoofsaaklik die oorsaak daarvan. Hy wou graag hê dat die twee republieke, die Vrystaat en Transvaal, moes verenig en toe president Boshoff van die Vrystaat in 1859 bedank, neem Pretorius sewe maande verlof en gaan kuier so ‘n bietjie in die Vrystaat rond. Die gevolg daarvan was dat die Vrystaatse volksraad hom toe as hulle volgende president kies. Dit was strydig met die Bloemfonteinse en die Sandrivierse Konvensie. Die Transvaalse volksraad kon dit nie toelaat nie en het hom gedwing om as president van Transvaal te bedank. Hulle kies toe vir J Grobbelaar as waarnemende president in sy plek. Maar toe was die gort gaar. Stephanus Schoeman, die kommandant-generaal van Soutpansberg, was bitter ontevrede daaroor en kom toe met ‘n kommando vanaf Soutpansberg om vir Grobbelaar te kom verdryf, maar kommandant Paul Kruger

het met ‘n kommando vanaf Rustenburg teen hom opgeruk. Gelukkig het dit nie tot ‘n burgeroorlog ontwikkel nie, want MW Pretorius, wat weer hier in Transvaal rondgekuier het, het die struweling ontlont en as vredemaker opgetree.

Transvaal het in 1862 ‘n nuwe volksraad gekies, wat toe vir Willem van Rensburg as waarnemende staatspresident gekies het. Schoeman was weer erg ontevrede. Hy het sy burgers opgeroep en die nuwe dorp, Pretoria, binnegedring, maar Paul Kruger het hom verdryf en tot by Potchefstroom agtervolg. Schoeman is die Vaalrivier oor en kom toe met ‘n versterkte leër uit die Vrystaat terug. Gelukkig was MW Pretorius weer as bemiddelaar beskikbaar. Hy het die twee partye omgehaal om die vyandelikhede te staak en op die uitslag van ‘n nuwe verkiesing te wag. Die volksraad het weer vir Van Rensburg gekies en vir Paul Kruger as kommandant-generaal aangestel. Maar hieroor was kommandant Viljoen van Marico só ontstoke dat hy met ‘n sterk leërmag na Pretoria opgeruk het. Kruger se kommando was nie sterk genoeg om hom huistoe te dryf nie en na ‘n kort skermutseling ‘n endjie noord van Silkaatsnek, het MW Pretorius weer as vredemaker en bemiddelaar opgetree. Almal het besluit om tot ‘n volgende verkiesing te wag. Dit het in 1864 plaasgevind, toe Pretorius self weer tot president van die ZAR gekies is en die broedertwis ‘n einde gekry het.

Help, die President wil my vermoor!

Soos reeds aangetoon, was die probleme wat die Engelse in die Oranjerivier-Soewereiniteit met Mosjes ondervind het, een van die hoof-oorsake waarom hulle aan die Afrikaners van die Vrystaat deur die Bloemfonteinse Konvensie in 1854 onafhanklikheid gegee het. Toe moes die arme klein

Republiekie van die Oranje-Vrystaat maar self die mas opkom en sien hoe hy hierdie groot Basoeto-probleem oplos.

Die eerste president van die Vrystaat, Josias Hoffman, was ‘n vriend van Mosjes. Hy het ‘n vaatjie kruit aan Mosjes present gegee, waaroor die volksraad so ontevrede was dat hy verplig was om te bedank. Die volgende president wat die volksraad in 1855 gekies het, Jacobus Boshoff, het ‘n kommando teen Mosjes uitgestuur toe hy sy tande begin wys en sy rowerbendes die Boeregebied binnestroom. Hulle is teruggedryf tot binne in hulle hoofvesting, Thaba Bosigo. Die burgers het gemeen dat Mosjes nou genoeg straf weg het en die vyandelikhede gestaak, maar Mosjes het nog onaangetas in sy nes bly sit.

Hier het die Engelse weer hulle neus in Afrikanersake kom insteek. Goewerneur George Grey van die Kaap het as bemiddelaar ‘n grenslyn tussen die Vrystaat en Basoetoland vasgestel waardeur die Boere ongeveer 30 plase verloor het. President Boshoff het in 1859 bedank en na sy plaas in Natal teruggekeer.

Daar het nou ‘n paar jaar lank ongunstige toestande in die jong Republiek geheers weens ‘n geldskaarste en ‘n kwaai droogte wat die land geteister het. MW Pretorius se bemoeienis met die Vrystaat, tot hy weer in 1864 terug is na Transvaal, het onsekerheid en kommer gewek, want die Vrystaat was toe herderloos en die Basoeto-stelery het onverpoosd voortgegaan. Hulle het al tot 30 kilometer verspreid aan die Vrystaat se kant van die grens gewoon. Hulle het kastig nie meer geweet waar die lyn geloop het nie!

Onder hierdie omstandighede het Jan Brand die presidentskap van die Vrystaat aanvaar. Die verantwoordelikheid het toe op sy skouers gerus om onder andere met die onoorwonne, geslepe Mosjes af te reken. Brand het geëis dat die Basoeto's die Vrystaatse grond moet verlaat en na hulle eie gebied terugtrek. Slim Mosjes vra toe dat sy goeie vriend, goewerneur Wodehouse van die Kaap, moet kom wys waar die grenslyn loop. Wonder bo wonder het Wodehouse die saak in 1864 in die guns van die Vrystaat beslis.

Die Basoeto's het egter nie die Vrystaatse gebied ontruim nie. Brand het toe aan die spits van 'n kommando teen hulle uitgetrek en die besette Vrystaatse plase skoongevee. Die Basoeto's het die beskutting van Thaba Bosigo ingevlug, waar hulle baie moeilik oorrompel kon word. Die Boere het huiswaarts gekeer.

Toe haal Mosjes weer sy "beroemde" streek uit waarmee hy goewerneur Cathcart vroeër so lekker geflous het. Hy het 'n dringende oproep om hulp aan die Kaapse goewerneur gerig.. Hy het letterlik moord en brand geskree: "Brand wil my vermoor! O, kom help ons tog en red ons tuine en ons lewens. Môre sal dit te laat wees. Dis nie ons skuld dat daar oorlog uitgebreek het nie. Die President het my ingehardloop. Hy het 'n stuk van my mantel afgeskeur. Nou wil hy hê ek moet die ongedierte wat daarop is in toom hou. Ek stuur saam met die boodskapper ook 'n jakkalskaros vir koningin Victoria. Sê vir haar ek is die karos en die ongedierte is my volk. Sê vir haar sy moet haar vlerke oopmaak dat ek en my volk daaronder kan inkruip. Ek beskou my reeds as haar kind." Die stuk van sy mantel wat glo afgeskeur is, is die stuk grond wat die Vrystaat weer herower het.

Goewerneur Wodehouse het vir Mosjes baie jammer gekry en hom dadelik te hulp gesnel en voordat die Vrystaat hom die pak kon gee wat hy verdien het, het Wodehouse Basoetoland in Maart 1868 vir Engeland geannekseer en dit in 1871 finaal by die Kaapkolonie ingelyf. Die Engelse grypsug en grondhonger, wat 'n klein rukkie lank oënskynlik 'n versadigingspunt bereik het met die toekenning van onafhanklikheid aan Transvaal en die Vrystaat, het weer ontwaak en sou spoedig weer net so erg soos in die verlede word. Die groot Britse ryk het nie skaam gekry om sy onversadigbare uitbreidingsdrang met 'n universele leuen te regverdig nie deur telkens voor te gee dat hy vir die inboorlinge, wat tog so onregverdig deur die Boere behandel word, in die bres moet tree. In die proses wat volg, sluk hy dan sommer die lekker happie grondgebied ook in.

Die Vrystaat se diamante word geroof

Na die "oplossing" van die Basoeto-moeilikhede, wat volgens Wodehouse in almal se belang was, het die Engelse spook nou wakker geloop in die Vrystaat. Sy volgende geleentheid om die Boere te veronreg het aangebreek met die ontdekking van diamante in 1867 en 1871 in Vrystaatse en Transvaalse gebied.

'n Sekere Van Niekerk, wat by ene Jacobs gaan kuier het op sy plaas langs die Oranjerivier in die omgewing van Hopetown, het gesien dat een van die klippies waarmee die kinders gespeel het, nie 'n gewone een was nie. Dit was toe 'n diamant. Later het Van Niekerk by 'n toordokter nog 'n groot diamant van 83 karaat vir beeste geruil. Dit is "Die Ster van Suid-Afrika."

Dit het geblyk dat die gebied tussen die Vaal- en die Hartsrivier, wat Transvaalse grond was, ryk was aan

spoeldiamante. Maar die rykste vondste is in die weste van die Oranje-Vrystaat ontdek, naby die samevloeiing van die Vaal- en Oranjerivier. Toe dit rugbaar word, het die fortuinsoekers soos aasvoëls daarheen geswerm. Die Transvaalse regering het wet en orde gehandhaaf op die delwerye wat in sy gebied ontstaan het en president Brand het dit in die Vrystaatse gebied laat doen.

Dit was nie hoe lank nie of daar was ‘n hele swetterjoel aanspraakmakers op besitreg van die ryk diamantgronde. Afgesien van die twee republieke, wie se grond dit onteenseglik was volgens die bepalings van die twee konvensies waarvolgens Brittanje hul onafhanklikheid erken het, was daar veral ook Griekwa-groepe, onder aanvoering van Niklaas Waterboer, Andries Waterboer, Adam Kok, Kerneels Kok, ensovoorts. Die meerderheid van hul onderdane het gladnie meer in die Vrystaat gewoon nie, maar ver wes daarvandaan by Griekwastad en omgewing. Ene David Arnot, ‘n Colesbergse prokureur, het met duistere bymotiewe al die diamantgronde vir sy kliënt, Niklaas Waterboer opgeëis en in die beroeringe wat ontstaan het, het die Kaapse goewerneur, Barkly, ‘n gulde geleentheid gesien om weer namens Engeland in te gryp. Hy het luidkeels beswaar gemaak dat die republieke oor hul regmatige eiendom wet en orde handhaaf. President Brand het Kaap toe gegaan om met hom die saak te bespreek, maar hy het geweier om hom te woord te staan.

Intussen het president MW Pretorius in goedertrou toegestem dat Transvaal se aanspraak op die diamantvelde in sy eie gebied, aan die beslissing van ‘n arbitrasiehof onderwerp sou word. Dit het in 1871 in Bloemhof gebeur, waar goewerneur Keate van Natal uitspraak gegee het in die guns van Waterboer. Daar is gesê dat president Pretorius Transvaal

se saak baie onbeholpe voorgedra het en dit daarom verloor het. Dit was egter nie die geval nie; die beslissing van hierdie hof was vooraf reeds ‘n uitgemaakte saak.

Barkly wou die Vrystaat se eise ook aan arbitrasie onderwerp, maar president Brand het prontweg geweier. Toe hy die burgermag wat gesag op die delwerye gehandhaaf het, versterk, stuur Barkly ook ‘n sterk troepemag na Hopetown. Hy het intussen toestemming uit Engeland gekry om die diamantvelde te annekseer, wat hy toe gedoen het. Die Kaapse parlement en die Vrystaatse volksraad het protesteer, maar Barkly was nie te keer nie. Die Engelse het besef dat die Vrystaat hom nie so maklik van sy regmatige eiendom sou laat beroof nie en het toe in 1876 ‘n hof ingestel wat alles weer moes ondersoek en bevind het dat Waterboer se aanspraak op die grond heeltemal vals is. Daarna is president Brand na Engeland om die Vrystaat se saak weer te gaan stel, maar lord Carnarvon het aan hom gesê dat dit noodsaaklik was dat die sterkste moondheid in Afrika in besit van die diamantvelde moes wees. Hiermee en met ‘n troosprysie van £90 000 as vergoeding vir die onreg wat hom aangedoen word, moes die Vrystaat maar tevrede wees. Die ryk diamantgebied wat die sterkste moondheid in Suid-Afrika van die Vrystaat geroof het, is later as Griekwaland-Wes by die Kaapkolonie ingelyf.

Die Engelse spook word ‘n federasiespook en ‘n jakkals verander van haar maar nie van sin nie

Die ryk diamantvelde wat Brittanje van die twee Afrikaner-republieke geroof het, het die aandag van hierdie “sterkste moondheid in Afrika” daarna permanent op die grondgebied van hierdie twee onafhanklike state gevestig, want sy

nuutontwaakte grondhonger het hom met begerige oë vars planne laat beraam om hulle vir hom algeheel in te palm. Die minister van kolonies, die aarts-liberalis, lord Carnarvon, het met die plan gekom om al vier Suid-Afrikaanse state, die Kaap, Natal, die Vrystaat en Transvaal in ‘n federasie saam te bind. Vir die twee Boererepublieke is vertel van die ontsaglike voordeel wat so ’n verbintenis met die twee Engelse kolonies aan hulle sou besorg. Daarom moet hulle eers sag gemaak word om so’n federasie gewillig te aanvaar. Hulle sou eers op Transvaal konsentreer en as dié naderhand tot federasie instem, sal die Vrystaat só vasgedruk en geïsoleerd voel, dat hy sommer vanself by die federasie sal aansluit.

President Thomas Francois Burgers kom in die prentjie

Om Transvaal sag te maak, het hulle ‘n paar leuens die wêreld ingestuur, soos onder andere dat Transvaal bankrot is en dat president Thomas Burgers sy oorlog teen Sekoekoenie verloor het. Hulle het ook ‘n paar maatskappye in die buiteland gaan bedreig met wie president Burgers kontrakte gesluit het vir die bou van ‘n spoorlyn vanaf Pretoria na Lourenco Marques, sodat sy spoorwegplanne misluk het. Hulle het ook verhoed dat die Boere enige houvas op die hawe van Delagoabaai kry, deur eers die Portugese die skrik op die lyf te jaag deur die hawe vir hulself te eis en dan kastig hul eis te laat vaar indien die Portugese vir Engeland die eerste opsie gee in geval hulle dit sou oorweeg om die hawe te verkoop!

Ds Burgers, vroeër ‘n predikant te Hanover, Kaap, wat vir M W Pretorius as president opgevolg het, het as gevolg van al die agitasies teen hom, ‘n omstrede figuur geword. Hy het nie net teenkanting uit Engelse kringe verduur nie, maar weens die mislukking van ‘n paar van die skemas wat hy aangepak het,

ook die steun van‘n groot deel van die burgers verloor. Hulle het ook nie baie gehou van sekere vrysinnige godsdiens-idees wat hy gehuldig het nie, maar hy het probeer om sy verpligtinge en verantwoordelikhede as president van die Republiek, eerlik en nougeset na te kom, ten spyte van die struikelblokke wat sy pad gekruis het. Die vernaamste hiervan was die Britse regering se plan om Transvaal in ‘n federasie in te sluk.

Lord Carnarvon het ‘n bekende Engelse geskiedskrywer, J A Froude, na Suid-Afrika gestuur om vir sy federasieplan te kom propaganda maak. Nadat Froude homself op die hoogte gestel het met die omstandighede en gesindhede wat nie net in die twee Boererepublieke geheers het nie, maar ook in die twee Britse kolonies, het hy die Britse regering as volg geantwoord:

“*Julle het die twee kolonies aan hulle lot oorgelaat, maar die oomblik toe daar diamante ontdek is, toe soek julle ‘n verskoning om weer mag uit te oefen oor gebiede wat julle vroeër verwerp het. Waar van grense sprake was, het julle steeds probeer om die ‘Dutch’ te verneuk deur die grense te vervals. Toe hulle hul vyand, die Basoeto’s beveg en onderwerp het, het julle op die kantlyn gestaan totdat die saak besleg was en toe stap julle in om te keer dat die Afrikaners die voordeel van hul sukses geniet. Al julle optrede teen die Afrikaners was een lang streep van selfsug, verraad en bedrog van die begin af tot die end en nou dat hulle deur verstandige regering en voordelige omstandighede minerale in hul gebiede ontdek het en die stand van hul vooruitstrewende republieke opgehef het, en al julle redes vir die gryp van die grond uitgeput is, nou nooi julle hulle uit om hulle weer eens onder die Britse vlag te plaas, wat hulle deur tradisie van hul*

voorvaders, en nou deur hul eie ervaring, geleer het om te verag."

Carnarvon het hom nie aan Froude se sieninge gesteur nie. Hy het met sy planne voortgegaan. Hy het die haat wat die sendelinge teenoor die Afrikaners gekoester het, gebruik om hulle weer eens, soos voor die Groot Trek, in 'n baie swak lig te stel. Hulle is weer valslik daarvan beskuldig dat hulle slawe aanhou en dat hulle met onmenslike wreedheid die Swartes veronreg en verdruk. Die werklike toedrag van sake was dat die Engelse besig was om die Swartes van gewere te voorsien, met geen ander doel nie as om teen die Afrikaners in opstand te kom. Hulle het die Zoeloes oorreed om 'n grensgeskil met Transvaal te voer, wat na arbitrasie natuurlik deur die Zoeloes gewen is. Die jarelange opstokery van die Zoeloes teen die Afrikaners, was om die Swartes die natuurlike vyand van die Boere te maak. Die man wat dit vir die Engelse moes bewerkstellig, was die ywerige en geslepe Bantoekommissaris vir Natal, Theophilus Shepstone.

Carnarvon se trawante het ook daarin geslaag om die Bapedi-kaptein, Sekoekoenie, in opstand teen die Z A R op te rui. Daarom moes president Burgers in 1876 'n strafekspedisie teen hom uitstuur. Toe is die leuens verkondig dat Sekoekoenie die oorlog gewen het, dat Transvaal heeltemal bankrot is en dat die meerderheid van die Afrikaners in die Republiek ten gunste van Carnarvon se federasieplan is.

Shepstone se manewales

Carnarvon het in 1876 'n konferensie in Londen gehou, waar al sy medepligtiges teenwoordig was. Shepstone is hier tot ridder geslaan en teruggestuur Suid-Afrika toe met die opdrag om die Z A R vir Brittanje te kom annekseer. Hy is

goed vir sy taak afgerig en moes sorg dra dat hy tog nie die vryheidsliewende Boere in die harnas jaag nie. Hy moes as "redder" kom en nie as veroweraar nie. Hy moes die land kom "red" van 'n dreigende Zoeloe-inval en van 'n nuwe opstand deur die Bapedi-hoof, Sekoekoenie. Dan moes hy ook vir die President kom raad gee hoe om die land se geldskaarste op te los.

Shepstone het uit Pietermaritzburg vir president Burgers van sy koms in kennis gestel. Hy het op 22 Januarie 1877 sy verskyning aan die spits van 25 berede polisiemanne in Pretoria gemaak. 'n Klompie Engelse in die dorp het 'n luidrugtige ovasie van sy koms gemaak en hom met groot ophef ontvang. Daarna het hy deur middel van danse, eetmale, geselligheede en drinkpartye probeer om die inwoners van die Republiek gunstig te stem vir wat hy beoog het. Vir president Burgers en die volksraad het hy gesê hy het gekom om sekere griewe uit die weg te ruim. Die land word nie goed regeer nie, is bankrot en kan die Swartes in sy gebied nie beheer nie. Dit was natuurlik onsin, want die werklike redes om die Republiek aan te tas was omdat hulle gevrees het dat hierdie Afrikaner-vesting met sy minerale rykdom en 'n onafhanklike seehawe, as Burgers met sy Delagoabaai-spoorlyn kon slaag, die Republiek tot die sterkste mag in Suid-Afrika sou laat uitgroei en die Engelse kolonies sou oorskadu. Dit moes tot elke prys verhinder word. Daarom het Shepstone, ten spyte van president Burgers se plegtige protes, op 12 April 1877 Transvaal vir Engeland geannekseer. Hy het die Vierkleur neergehaal en die Engelse vlag gehys.

Na aanleiding van hierdie soveelste daad van aggressie en onreg wat deur die arrogante Britse regering teenoor die klein Afrikanervolkie gepleeg is, skryf 'n historikus as volg:

"Die sinisme waarmee die Britte hul internasionale politiek bedryf het, is skokkend. Die manier waarop hul telkens in hul stryd teen die Afrikaners die swartes as hul kanonvoer ingespan het, is afstootlik. Die feit dat dieselfde swartes ook nog as morele regverdiging moes dien, en as voorwendsel waaragter die Engelse telkens hul wettige rooftogte kon deurvoer, is siek. In der waarheid is die ganse 19e eeuse geskiedenis van die Engelse in Suid-Afrika erger as enige afstootlike verhaal wat in die rioolpers mag verskyn. Tog was dit 'n tyd waarin mag reg was, ongeag van wat hulle gedoen het en weer eens was die klein Afrikanervolk uitgelewer in die mag van die grootste rowers in die geskiedenis. Weer eens het dit gelyk asof hulle die einde van hul pad bereik het."

(P F Bruwer: Vir volk en vryheid)

Maar die Skepper van volke, wat ook oor hulle lotgevalle beslis, wou nie dat hierdie pasgebore Afrikanervolkie ondergaan nie.

Julle het die Engelse op Majuba laat kom!
Julle sal hulle daar gaan afhaal!

Toe die burgers agterkom wat aan die gang is, wou hulle na die wapen gryp, maar manne soos Paul Kruger het hulle tot kalmte gemaan en belowe dat ander maatreëls eers in werking gestel sou word om die land se onafhanklikheid terug te kry, voordat hulle tot geweld sou oorgaan. Hy en dr Jorissen het nog dieselfde jaar tevergeefs vir die teruggawe van hul vryheid gaan pleit. 'n Jaar later het Piet Joubert weer saam met hom na Londen gegaan. Dit was alles tevergeefs.

Na hulle terugkeer is op 16 Desember 1880 'n groot volksvergadering te Paardekraal gehou, waar 600 burgers plegtig onderneem het om saam te staan en vir die herstel van die Republiek se vryheid te veg. Hulle het hulle besluit met 'n groot klipstapeling op die terrein verseël en vir Paul Kruger, Piet Joubert en MW Pretorius as driemanskap gekies om die leiding verder op hulle te neem.

Die Eerste Vryheidsoorlog het begin. Hulle het die Vierkleur op Heidelberg gehys en die Engelse garnisoene te Pretoria en Potchefstroom beleër, die vyand by Laingsnek teruggeslaan en vir kolonel Anstruther by Bronkhorstspruit 'n groot neerlaag besorg. Maar sir George Colley was uit Natal met 6 kanonne en 1 000 troepe op pad. Hy het daarin geslaag om in die nag van 26 Februarie 1881 die kruin van Amajubaberg ongesiens te bereik. Generaal Piet Joubert was met sy kommando aan die voet van die berg gelaer. Toe die Engelse vroeg daardie môre van 27 Februarie op die berg gewaar word, het hy vir die burgers geskree: "Julle het hulle daar laat kom en julle sal vir hulle daar gaan afhaal!"

Dit is gedoen deur minder as 200 Boere onder bevel van generaal Nicolaas Smit, wat die berg bestyg het en die meer as 800 manskappe wat generaal Colley op die berg gehad het, in 'n verpletterende neerlaag op die vlug gedryf het. Colley self en 92 van sy manskappe het gesneuwel, teenoor net twee aan Boerekant.

Die liberale Engelse regering het op hierdie stadium nie baie lus vir verdere uitbreiding gehad nie en na onderhandeling het die driemanskap daarin geslaag om vir die Republiek 'n beperkte onafhanklikheid by die Pretoriase Konvensie te verkry. Maar in 1883 is hierdie susereiniteit opgehef toe Paul

Kruger, generaal Smit en ds SJ du Toit weer Londen toe gegaan het en deur die Londense Konvensie die Republiek se onafhanklikheid weer feitlik volledig herstel is. In dieselfde jaar is Stephanus Johannes Paulus Kruger tot staatspresident van die Zuid-Afrikaanse Republiek gekies. Hy het 18 jaar lank in die bres gestaan vir die ontluikende Afrikanervolk in sy felle stryd teen die meedoënlose aanvalle van die arrogante Engelse owerheid, wie se grondhongerige grypsug voortdurend gepoog het om die feitlik weerlose Republiek in te sluk.

Vrystaat!

Intussen was die Republiek van die Oranje-Vrystaat besig om rustig te ontwikkel tot ‘n modelstaat. Na die verlies van groot grondgebied met die Britse anneksasie van Basoetoland en die verlies van ontsaglike rykdom met die roof van sy diamantvelde, het die Britse rower uiteindelik alles gehad wat hy van hierdie klein Afrikaner-staatjie kon afneem. Daarom is hy verder met rus gelaat.

President Jan Brand was ‘n regsgeleerde wat vir vyf agtereenvolgende termyne herkies is. Hy het die amp tot met sy dood in 1888 beklee. Hy is opgevolg deur die bekwame regsgeleerde, FW Reitz, wat die Vrystaatse wa weer verder gedryf het totdat hy weens swak gesondheid in 1895 moes uittree en die leisels oorhandig aan MT Steyn, die eerste gebore Vrystater wat tot president verkies is. Marthinus Theunis Steyn het ‘n uitstaande rol gespeel. Hy is een van die grootste manne wat sy volk opgelewer het.

Onder hulle bekwame leiding en omdat die Engelse spook die Vrystaat na die diamant-rooftog verder met rus gelaat het,

het hy die mees homogene staat in Suid-Afrika geword, die volkstaat wat elke Afrikaner-inwoner gelukkig kon stem en waarin hy tot sy volle potensiaal kon ontwikkel. Weens die afwesigheid van stryd gedurende hierdie tydperk, het die Oranje-Vrystaat die mees vreedsame, ordelike en verdraagsame gemeenskap op die sub-kontinent geword.

Die aasvoëls vreet goud

Gedurende hierdie twee dekades wat die Engelse spook dit vir die Vrystaat gegun het om vreedsaam op sy eie te ontwikkel, het hy egter met al sy Britse magsvertoon die ander Afrikaner-vesting onophoudelik bedreig met pogings om hom dood te smoor, totdat hy hom in die Tweede Vryheidsoorlog totaal verpletter het.

Met die bewindsoorname van die Konserwatiewe Party onder lord Salisbury, het daar in Engeland ‘n nuwe vlaag van imperialisme vaardig geword wat spoedig weer die onversadigbare drang tot verdere uitbreiding van die reeds magtige Britse ryk aangeblaas het. Vanaf 1884 was die Suid-Afrikaanse Republiek voortdurend die begeerde prooi, wat die grondhonger en goudlus van die Britse leeu moes versadig.

Dat dié ou klompie Afrikaners van Transvaal so ‘n oortuigende militêre oorwinning by Amajubaberg kon behaal en ‘n man soos Paul Kruger ‘n diplomatieke oorwinning in Londen vir die Boere by die onderhandelingstafel kon bereik, het die Britse trots verneder. Die neerlaag by Amajuba moes gewreek word.

In 1886 is die ryk goudvelde aan die Witwatersrand ontdek. ‘n Swerm fortuinsoekers uit die buiteland het daarop toegesak. Dit was meesal die opdrifsels wat in hul eie lande nie

meer ‘n behoorlike heenkome gehad het nie. Die meeste van hulle het uit Engeland gekom en hul Britse arrogansie en hoofvaardigheid saamgebring. Hulle het die republikeinse regering gekritiseer en begin om vir stemreg te agiteer. Hulle het op luidrugtige vergaderings soveel griewe gelug dat hul harde geskree die simpatieke ore van die Britse regering bereik het. Daarop het die oorgretige Engeland die een na die ander eis namens haar “veronregte” kinders aan die Republiek gestel.

Die persone wat al die griewe uitgedink en saamgestel het, was nie die gewone myners en werkers aan die Rand nie, maar die aandelemark-operateurs, die manipuleerders van die geldmark, die maatskappystigters, die dobbelaars en ‘n klomp Jode. Die gewone werkers het min griewe gekoester. Hulle het dikwels met verbasing in die Britse koerante gelees van hulle baie “griewe”. Die stem van Johannesburg was dié van die geldmag wat die pers beheer het. Hulle het die nuus wat Engeland moes bereik, gekontroleer en gerangskik en gesorg dat oor die telegraaflyne op aangewese tye fiktiewe verhale oor onrus, paniek en dreigende rewolusie wat in Johannesburg sou plaasvind, na die gretige ore in Londen versend word.

‘n Historikus het hierdie mentaliteit van die Engelse as volg uiteengesit: *“Vir die Engelse, wat hulself as die hernvolk beskou het, was dit eenvoudig ondenkbaar dat hulle in ‘n land kon woon wat nie aan die Britse ryk behoort het nie. Hulle heerssug was só sterk dat hulle dit eenvoudig nie kon afskud nie. Hulle kon dit nie verdra dat hulle nie almal kon hiet en gebied nie. Die uitstaande eienskap van ‘n Engelsman enige plek is die hoë dunk wat hy van homself het en die lae dunk wat hy van ander het, of dit nou Franse (Frogs), Duitsers (Huns), Sjinese (Koelies) of Afrikaners (Boors) is, maak nie saak nie. Hierdie Engelse eienskap is al toegeskryf aan ‘n ‘eiland-*

mentaliteit.’ Omdat hulle uit ‘n eiland stam, het hulle nog nooit nodig gehad om respek teenoor ander te betoon nie. Die volke wat hulle daar aangetref het, het hulle eenvoudig onderwerp en oorheers en met minagting op hulle neergekyk.

Al hierdie eienskappe van die Engelse het in 1886 met die ontdekking van goud in Transvaal in die oortreffende trap verskyn.” (P F Bruwer: Vir Volk en Vryheid)

Die Republiek word beleër

Vantevore was daar hoop dat die Republiek ‘n hawe deur Swaziland by Kosibaai kon verkry. Toe Engeland dit gewaar het hy eenvoudig die hele gebied ten ooste van Swaziland geannekseer en die Republiek se pad na die see afgesny. Eweneens is enige uitbreiding van die Republiek se grens noordwaarts oor die Limpopo, in die wiele gery deur die tussenkoms en bemoeienis van Rhodes, wat vir sy *Chartered Company* ‘n konsessie in Matabeleland verkry het en die Republiek se pad na die noorde gesluit het. Enige uitbreiding of konsolidering weswaarts is die Republiek ook ontneem, nadat die Britte die twee republiekies, Stellaland en Goosen, verongeluk het en Betsjoeanaland geannekseer het.

In al hierdie verwikkelinge het die groot Britse imperialis, Cecil John Rhodes, baas van die Kimberleyse diamantvelde wat van die Vrystaat geroof is, ‘n hand gehad, ten einde sy groot ideaal te verwesenlik om ‘n rooi streep te trek vanaf Kaapstad tot in Kaïro. Daarmee het hy lynreg te staan gekom teenoor die geniale president Paul Kruger, wat met sy strewe die bolwerk geword het van die ontwikkelende Afrikanernasionalisme, wat die stukrag was waarmee die Engelse aanslag beveg is. Kruger is in 1888, 1893 en 1898 herkies tot staatspresident. Dit was die bewys dat die Boerevolk sy diens waardeer het en hom

ondersteun het in die stryd wat hy besig was om vir hul belange te stry.

Julle wil nie stemreg hê nie; Julle wil my land hê!

President Kruger en die volksraad was genoodsaak om die stryd ook op ekonomiese gebied teen die Britse geldwolf te voer, toe die Kaapse spoorlyne met toestemming van die Vrystaat noordwaarts tot aan die Vaalrivier verleng is en in 1882 met Transvaal se toestemming vanaf Vereeniging tot in Johanneburg voltooi is. Die Republiek se eie spoorlyn wat vanaf Delagoabaai na Pretoria en Johannesburg in 1895 voltooi is, was sy aangewese handelsverbinding met die buitewêreld, maar die goudmynbase het verkies om hulle ware deur die Kaapse spoorweë te laat vervoer. Kruger het toe die tariewe op die stukkie spoor tussen Vereeniging en Johannesburg verhoog. Toe laai die handelaars al hul goedere by Viljoensdrif af en laat dit per ossewaens na Johannesburg aanry. Daarna het president Kruger die driwwe in die Vaalrivier laat sluit. Dit het so'n konsternasie veroorsaak met proteste wat tot in Engeland weerklink het, dat hy dit maar weer oopgestel het. Die hand van Rhodes is voortdurend bespeur in al die agitasies wat teen die Republiek gevoer is

Om te verhoed dat die duisende uitlanders wat die Republiek binnegestroom het, die burgers spoedig sou verswelg, het die volksraad die wet wat bepaal dat 'n persoon vyf jaar in die Republiek woonagtig moes wees voordat hy stemreg kon bekom, in 1890 verander na veertien jaar. Om vir die uitlanders in 'n mate verteenwoordiging in die republikeinse regering te gee, is daar 'n "Tweede Volksraad" in die lewe geroep, waarop hulle sitting kon hê na 'n tweejarige

verblyf in die Republiek en die Eerste Volksraad oor uitlanderbelange kon adviseer.

Dit het nie hul griewe opgelos nie. Hulle het 'n *Reform*-beweging gestig en al hoe luidrugtiger teen die Republiek geagiteer. Rhodes het in 1895 in die geheim saamgeknoei met dr Jameson van Rhodesië om met 500 man vanaf Mafeking die Republiek binne te val, die uitlanders aan die Rand te hulp te snel en die Republiek te verower. Maar hy is op Nuwejaarsdag 1896 vasgetrap by Doringkop, naby Krugersdorp, waar hy moes oorgee. Dit het Rhodes se rol in hierdie debakel ontmasker en hom verplig om as Eerste Minister van die Kaapkolonie te bedank.

Lord Salisbury het in 1895 Engeland se Eerste Minister geword en vir Joseph Chamberlain aangestel as Koloniale Staatsekretaris. 'n Jaar later het Alfred Milner as Britse Hoëkommissaris na Suid-Afrika gekom. Hierdie Milner en Chamberlain was albei met 'n wrewelrige haat besiel teen die Boere en het geen steen onaangeroer gelaat om die verhouding tussen die Republiek en Groot- Brittanje te vertroebel nie. In die hele Britse ryk was daar seker geen groter oorlogstokers as hierdie twee nie. Hulle het die pers ingespan om in Engeland die publiek wys te maak dat die arme Britse onderdane aan die Rand op 'n gruwelike wyse veronreg en verdruk word. As twisappel het hulle die stemregkwessie gebruik en daarmee met die Republiek skoor gesoek. Toe sake in 1899 baie warm word, het president Kruger toegestem om vir Milner in Bloemfontein te ontmoet. Milner wou nie dat president Steyn, wat die konferensie gereël het, teenwoordig wees nie. Hy het geëis dat die stemregkwalifikasie na vyf jaar verlaag moes word, wat natuurlik geweier is. Toe Milner nog meer

onmoontlike eise stel, het president Kruger vir hom gesê hy sien nou dat hulle nie die stemreg nie, maar sy land wil hê.

Die Afrikanervolk se bitterste uur

'n Bietjie later het die volksraad toegestem om die stemregwet se kwalifikasies na sewe jaar af te bring en uiteindelik was hulle gewillig om dit te verlaag na vyf jaar onder sekere voorwaardes. Maar toe het Chamberlain en Milner besef dat indien hulle hierdie voorstelle aanvaar, wat presies was wat hulle van die begin af geëis het, sou hulle geen twisappel meer hê waarmee hulle teen die Republiek kon oorlog stook nie. Hulle het met allerlei nuwe eise gekom, wat vir president Kruger en vir president Steyn laat besef het dat Groot-Brittanje meedoënloos op oorlog teen die Republieke afstuur, want die Vrystaat was ook daarin betrokke. Die twee Republieke het 'n verdrag gesluit om mekaar te steun.

'n Geruime tyd vantevore het die Britse regering begin om troepesametrekkings op die suid-westelike en suid-oostelike grense van die Suid-Afrikaanse Republiek saam te trek. Dis om geen ander rede hoegenaamd gedoen nie, as om gereed te wees om op 'n gegewe oomblik die Republieke binne te val en te verower. Daarom het die ZAR ook geen ander keuse hoegenaamd gehad nie as om in 'n ultimatum te eis dat hierdie troepe weggeneem moet word en die duisende wat op pad was, teruggestuur moet word. Die oorlogsverklaring wat die Republieke van hul arrogante vyand ontvang het, was dat hul eise en voorstelle só belaglik is, dat haar majesteit se regering dit nie die moeite werd ag om dit te bespreek nie.

So het die Tweede Vryheidsoorlog op 11 Oktober 1899 tot oorstelpende vreugde van Joseph Chamberlain, Alfred Milner en ander aarts-liberaliste begin, as beloning vir hulle volgehoue

pogings om Groot-Brittanje om te haal om hierdie onregverdige wapenstryd teen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat te begin.

Ons weerstand sal die wêreld verstom

Nege dae nadat die oorlog uitgebreek het, het president Kruger hierdie profetiese woorde in 'n verklaring gebruik. Die wyse waarop die klein ou Afrikanervolkie, wat toe nog Boere genoem is, homself verdedig en verweer het teen die meedoënlose aanslag van sy magtige vyand, het die ganse bekaafde wêreld eenvoudig verstom. Later het hulle verstomming in afgryse oorgegaan by die aanskouing van die wrede en moorddadige metodes wat die Christelike Groot-Brittanje aangewend het om die twee Republieke tot oorgawe te dwing. Alhoewel die dapper vegtende Boere die bewondering en meegevoel weggedra het van feitlik al die Europese moondhede - en selfs van Amerika - het nie een van hulle, buiten koningin Wilhelmina van Holland, 'n vinger verroer om hulle militêr te hulp te snel nie, só bang was almal vir die groot en magtige Brittanje.

Aan die begin van die oorlog het die Boeremagte die Engelse troepesametrekkings by Mafeking, Kimberley en Ladysmith beleër. In Natal en aan die suidfront het die Engelse gedurende die eerste ses maande van die oorlog groot neerlae gely. Maar sy skepe was besig om troepe aan te ry uit Engeland, Skotland, Ierland, Kanada, Nu-Zeeland en Australië, totdat daar naderhand 250 000 in Suid-Afrika was, om die 40 000 Boertjies wat die twee Republieke saam teen hulle in die veld kon stoot, te verpletter.

Die oormag onder lord Roberts wat uit die suide aangeruk het, was te groot. Eers is generaal PA Cronjé met 4 000 Boere

by Paardenberg tot oorgawe gedwing op 27 Februarie 1900 en daarna is Bloemfontein beset op 13 Maart 1900. Daarna het ‘n sterk mag Kimberley gaan ontset. ‘n Ander troepeafdeling onder kolonel Mahon het op 17 Mei Mafeking ontset, onderwyl Roberts met sy hoofmag van duisende in Junie Johannesburg bereik het en kort daarna Pretoria binnegetrek het.

Duisende Tommies het vermoeid gesug: *“Thanks God, the war is over.”* Maar hulle is kort daarna ontgogel toe hulle ontdek dat die Boere onder leiding van generaal Christiaan de Wet in die Vrystaat, generaal Koos de la Rey in Wes-Tranvaal en generaal Botha in Oos-Transvaal beweeglike “vlieënde” kommando’s gereed gehad het om die lompe Britse troepesamestellings in verrassingsaanvalle die hoof te bied.

Hierdie guerrilla-fase van die oorlog het tot aan die einde van die vyandelikhede in Mei 1902 geduur. Lank voor hierdie tyd het die goeie ammunisie van die Boere se Mauser-gewere opgeraak, maar teen die einde van die oorlog het elke bittereinder nog lustig geveg met die Lee-Metford-gewere en ammunisie wat hulle van die Engelse afgeneem het. Hulle het selfs Engelse kanonne gebuit en dit teen die vyand gebruik. Hulle het die Engelse se verbindingslinies afgesny deur die telegraaflyne te knip, treinspore op te blaas en konvooie met voedselvoorrade en ammunisie te buit.

Kom ons dwing hulle om oor te gee deur hul vroue en kinders te vermoor

Toe die vyand gewaar dat die Boere gereeld voedselvoorrade vanaf hul plase bekom, waar hulle vroue en kinders agtergebly het om hul eiendom te versorg, het hulle begin om die plase een vir een te verwoes, tuine en landerye te stroop en die woonhuise af te brand. Die hawelose vroue en

kinders is dan na konsentrasiekampe geneem - meesal te voet aangejaag - waar ‘n sekere dood op hulle gewag het weens verhongering, vergiftiging van die skraal voedselrantsoene en gebrek aan mediese sorg.

Oor die troepe se wrede vernielsug en voedselvernietiging skryf JC Otto in *Die Konsentrasiekampe: “Die Britse vernielingskolonne het die Boerehuise op die plase met geweld binnegedring en daar gedoen wat hulle wou. Die huise is deursoek, sogenaamd na Boere, en na willekeur gestroop, terwyl die diere op die werf, die varke, hoenders, kalkoene, eende skape, ensovoorts, voor die voet afgemaai is, soms op grusame wyse. Bajonette is hiervoor gebruik, maar die kolonnes het nie seker gemaak dat alles dood is alvorens hulle padgee nie, met die gevolg dat daar orals op die vlaktes vee deur die Boerekommando’s aangetref is wat só grieselrig verwond is dat die Boerekommando’s die diere maar self van kant moes maak.”*

MER skrywe in *Oorlogsdagboek van ‘n Transvaalse burger te Velde,* van die ontberings van ‘n ou weduwee Steenkamp van Skoonpoort, naby Dullstroom. Haar dogter was met nege kinders by haar in die huis. Die kinders se pa het aan die Natal-front gesneuwel. Die vroue pak toe hul beddegoed en klere op ‘n ou wa wat onder ‘n boom staan. Toe daag die Engelse brandparty op en jaag die vroue en kinders uit die huis en steek dit aan die brand. ‘n Kaapse kleurling gooi ‘n brandende houtstomp op die wa. Toe alles deur die vuur verteer is, ry die groepie misdadigers weg en laat die vroue en kinders daar alleen onder ‘n vyeboom as hul enigste skuiling.

Nog een van die honderde gruwelverhale, vertel deur Cornelia Makwayer in *Stemme uit die Vrouekampe,* lui so: *“Op*

die 3e Augustus toe ek na my huis gaan, vind ek alles verwoes. Die lewendige diere was stukkend gesny; die werf was geverf met bloed; my huisraad was uitmekaar geslaan, my kiste oopgebreek en verniel. Alles wat hulle kon neem het hulle geneem en die huis aan die brand gesteek."

Oorlog teen die vrouelaers

Toe die plaasverbranding en verwoesting en die wegvoering van die vroue en kinders na die helkampe begin, het baie vroue hul noodsaaklikste besittinkies op waens gepak en begin rondvlug in 'n poging om uit die hande van die wrede vyand te bly. Later het hulle vir groter veiligheid laers gevorm om mekaar te kon ondersteun. Mans wat te oud vir kommandodiens was, het saam met die vroue rondgetrek en hulle bygestaan. Hulle het lewende hawe by hulle gehad vir voedsel om aan die lewe te kon bly. Die kommando's het 'n ogie oor die vrouelaers gehou. Wanneer Engelse spioene so 'n laer ontdek het waar hulle veral in die Transvaalse bosveld probeer wegkruip het, is 'n troepemag gestuur om hulle te gaan aanval. Gelukkig het die kommando's die meeste van die lafhartige aanvalle op die vrouelaers onderskep en die vyand hard teruggeslaan.

Ewald Steenkamp vertel in *Helkampe* van 'n vrouelaer wat in die hande van die Engelse geval het. Die vroue het skape vir slagdoeleindes by hulle gehad, wat hulle binne die kring van waens aangehou het. 'n Paar Engelse het tussen die skape ingespring en boude en ander dele van die lewendige diere afgekap. Nadat 'n paar van die diere gruwelik vermink is, het die vroue en kinders eers besef met watter helse plan die Engelse besig is. 'n Paar offisiere het die walaer aan die brand gesteek. Die verminkte en gesonde skape het begin stik in die rook. Hulle kon nie uitkom nie want hulle is by die uitgange

voorgekeer. Die vlamme het 'n verterende vuur geword en die skape het stadig doodgebrand. Steenkamp se beskrywing in besonderhede hoe dit plaasgevind het, is te aaklig om weer te herhaal. Al die skape het lewendig verbrand, saam met die waens van die vroue en kinders. Die Engelse sit 'n endjie daarvandaan en braai die vleis wat hulle van die lewendige skape afgekap het. Al laggende en spottende sit hulle die vleis smaaklik en opeet, terwyl die hawelose, reddelose honger vroue en kinders staan en toekyk.

Lord Roberts, die Engelse leëraanvoerder, het in 'n brief aan president Steyn die skynheilige bewering gemaak dat die Engelse 74 000 vroue en kinders in die kampe aanhou om hulle te "beskerm." President Steyn het vir hom gevra of hy dan nie weet op watter gruwelike wyse die arme weerloses deur sy troepe van hulle huise weggeskeur word nie en hoe hulle alle lewende hawe en goed verniel en verwoes nie. Dis so erg dat die arme onskuldige slagoffers in wind en weer, dag en nag moet rondvlug wanneer 'n Engelse leër aankom, om tog nie in hul hande te val nie. *"Dit gebeur terwyl U Eks. se troepe weet dat dit slegs vroue en kinders is, maar dit nie ontsien om met kanonne op hulle te skiet om hulle in die hande te kry as hulle met hulle waens vlug nie."* President Steyn noem verder vir hom dat menige vrou so gewond en gedood is. Dit het op 6 Junie naby Reitz gebeur, waar 'n vrouelaer gevang is. Die offisiere het egter valslik aan Roberts verslag gedoen dat dit 'n "Boerekonvooi" was. Die laer is weer deur die Boere ontset, terwyl die troepe agter die laer skuiling gesoek het. Toe daar vir die Engelse versterking opdaag, het Roberts se soldate met kanonne en kleingewere op die vrouelaer losgebrand! President Steyn sê daar was honderde sulke gevalle.

In E Neethling se boek, *Mag ons vergeet?,* vertel Martha Kriel van Ladybrand hoe die arme vroue moes rondvlug om uit die hande van die Engelse te bly. Op 11 September 1901 het die vyand hulle hele groot laer by Spitskop, naby Lindley, verras en oorrompel en die vroue en kinders weggevoer kampe toe, maar gelukkig het 'n klompie vroue met sowat 30 rytuie daarin geslaag om te ontvlug. Vier Engelse kolonnes het hulle agtervolg. Die arme vroue en meisies slaan toe die osse met hulle kappies en ander bid in hulle nood. Sy het omgekyk en gesien hoe die Kakies die laer bestorm. Soos 'n groot trop beeste wat op loop is, jaag hulle daarop af en skiet vreeslik met geweers en kanonne op die arme vroue. Ten spyte van die donderslae agter hulle, jaag hulle toe oor die bult en kom so onder skoot uit.

Dade van die swart Engelse

Die ontberings, smarte en ellende wat die vroue op die plase ervaar het voordat hulle moes vlug of na die kampe gesleep is, is nie net deur die beskaafde Tommies veroorsaak nie, maar ook deur hulle swart bondgenote wat hulle bewapen het en vryspel verleen het om hulle weerlose slagoffers op die plase te gaan molesteer, aanrand en verkrag. F D Conradie haal in *Met Cronjé aan die Wesfront* die "slimmighede" aan van 'n sekere Joe Jingo, waarskynlik 'n Kleurling, wat vir die *Empire* 'n nuwe *Battle Hymn* sing: *"And the niggers, they will come, at the beating of our drum, the Swazi's and Basutos and the rest. They will rape and burn and slay, and we shall not say them nay. For the hunting of the Boer, they are the best."*

Generaal Jan Smuts skryf in Januarie 1902 in 'n brief aan president Kruger: *"Toe die mishandeling van vroue en kinders geen ander uitwerking op die Boere gehad het as om nog harder te veg en te volhard in hul regverdige stryd nie, toe*

wend die vyand 'n nog fataler middel aan om ons te beveg, die bewapening en die gebruik van gewapende naturelle." Hy skryf in dieselfde brief dat toe die vyand in 1901 Nylstroom en Pietersburg ingeneem het, het hulle geskenke en wapens aan die swart kapteins van Waterberg en Soutpansberg gegee. Kort daarna het onverwags die vreeslikste moorde op vroue, kinders en oumense gevolg. GD Scholtz sê in *Generaal CF Beyers* dat die stryd in Noord-Transvaal werklik tussen Boer aan die een kant en Brit en Kaffer aan die ander kant gegaan het. Ds RD McDonald skryf in *In die Skaduwee van die Dood* dat hierdie gewapende swartes in die woonhuise gegaan het en met geweer in die hand uiters brutaal en beledigend teenoor die vroue opgetree het. Hulle het eenvoudig brood, botter, melk, klere, perde en enigiets wat hulle wou hê, geëis en wee die vrou wat dit nie gou vir hulle gegee het nie.

Al hierdie treitering het met goedkeuring en met behulp van die Engelse plaasgevind. Hulle het hul swart broers beveel en gebruik om hulle vuil werk op die plase te doen en die verskillende stamme opgerui om teen die Boere in opstand te kom. Tydens die beleg van Mafeking het die vasgekeerde Baden-Powell die burgers van generaal Snyman wat hom daar beleër het, probeer bangmaak deur te dreig om al die swart stamme op die wesgrens van die Republiek te beveel om die distrikte Marico en Rustenburg met grootskaalse invalle te verwoes, indien hulle nie die beleg opgee en hul wapens neerlê nie. Generaal Joubert het na aanleiding van Baden-Powell se dreigbrief aan die burgers opgemerk dat hy "dezen jingo" in 1881 leer ken het en "dat de Engelschen en een kaffer uit een geest en bloed bestaat en daarom, als het op handelen aankomt, zullen zij één werk doen."

Ewald Steenkamp skryf in *Helkampe: "Op 10 September 1900 is kaffers deur die vyand in Reitz rondgestuur om al die vrouens, kinders en oues van dae te arresteer, wat nie toegelaat is om in die dorp agter te bly nie. Later het die berede kaffers hulle deur die strate aangejaag en gedurig uitgevloek. Ten spyte van hul hewigste proteste en beroepe op menslikheid van die vyand, is talle vroue se trouringe van hul vingers geruk. Magteloos moes die vroue hierdie vernedering verduur, terwyl die blanke vyand meer gedoen het om die kaffers in hul brutaliteit te sterk as om hulle teen te gaan."*

Steenkamp sê verder: *"Talle vrouens en kinders op Reitz het, toe hulle verneem dat hulle kamp toe moes gaan, probeer om mielies en koring in klein sakkies saam te neem. 'Die waens is te vol en swaar,' het die offisiere uitgeroep, terwyl hulle al die sakkies koring en ander voeding vir die beeste op die grond uitgeskud het. Baie vroue wat toe al goed wis dat hulle van honger in die kampe sou omkom, wou iets daarvan vir hul kinders terugkry en het tussen die beeste rondgekruip en probeer om weer 'n bietjie koring op te tel en in hul voorskote en klein sakkies te bêre, onder die aaklige uitjouery en gespot van die kaffers: 'Nou is die vrouens waar hulle moet wees! Die beeste sal vir hulle skrik en weghol!'"*

Die hel in die moordkampe

Die gevange vroue en kinders se beproewings het begin nog voordat hulle die kampe bereik het. Mevrou PH Venter getuig in *Stemme uit die Vrouekampe* dat hulle gedurende hul reis na Port Elizabeth feitlik geen voedsel gekry het nie. Hulle - en veral die kindertjies - was byna verhonger toe hulle daar aanland. Hulle is uit die trein gehaal en onderwyl hulle aanstap, is 'n ry soldate aan weerskante van hulle geplaas. Sy sê dit was Koelies, Kaapse Hotnots "en enige gekleurde nasie

van die wêreld," wat toe hulle lyfwagte was. Hulle gooi hulle met vrot eiers en die gruwelikste aanmerkings en lelikste vloeke reën op hulle. Hulle het veral die naam van die Here verskriklik gelaster. 'n Paar vroue vra smekend vir hul kindertjies 'n bietjie kos, maar al wat hulle kry is: "Go and ask your God for food."

In die kampe het die honger dag en nag geknaag. Mev EJ van Rensburg vertel dat sy een keer gesien het hoe 'n klompie seuns en dogtertjies by die slagpale besig was om derms van geslagte skape uit te ryg. Hulle wou dit gaan kook en eet om die knaende honger te stil. Mev Cornelia Makwayer het by die Irene-kamp se slagpale honderde kinders sien staan om die derms van die vee te kry wat hulle afslag. Een van hulle, 'n agtjarige dogtertjie, het met haar vonds tent toe gegaan sodat haar moeder dit vir die kleintjies kon gaarmaak, maar toe sy daar kom, lê haar moeder dood langs die vuurtjie wat sy aangesteek het om dit te doen.

Mev S M Scheepers sê in die kamp waar sy was, was die sterftesyfer twaalf per dag, meesal kinders wat tot geraamtetjies uitgeteer het. 'n Volwasse persoon het een pond meel per dag gekry, twee pond vleis per week en 'n lekseltjie koffie en suiker. Die wurms krioel in die meel en die half ontbinde vleis stink en is oneetbaar.

Moord deur vergiftiging

Wanneer die kampowerhede ontdek het dat 'n vrou of 'n kind in haar tent siek lê, is hulle onverwyld na die kamphospitaal geneem, wat gewoonlik oorvol was. Ewald Steenkamp sê in *Helkampe,* op elke bed lê 'n vrou of kind en wag op die dood om hulle van die bittere lyding te verlos. Die honderde vlieë wat die plek verpes, martel die kindertjies, wat

te swak is om hulle te verdryf. Hulle lê magteloos onderwyl die siektedraers in hulle neusgate inkruip en die wurms later weer uitkruip.

Geen vrou of kind wat in die hospitaal beland het, het weer herstel en na hul tente teruggekeer nie. Daarvoor het die onsimpatieke behandeling van die sogenaamde verpleegsters en dokters gesorg. Niemand minder nie as die edel vrou, Emily Hobhouse, vertel in *Die Smarte van die Oorlog* dat die hoofapteker in die Bloemfonteinse kamp strignien aangemaak het waaraan drie kindertjies dood is.

Dorothea Jones sê in *Stemme uit die Vrouekampe* dat toe hulle in die kamp kom, het masels en kinkhoes uitgebreek. Haar suster het in een maand al haar kinders verloor. Daar het tot 20 mense op een dag gesterf. Toe rig hulle ‘n hospitaal in die kamp op, maar toe sterf die mense éérs, sê sy, want die Kakies kon hulle toe gif ingee soos hulle wou. As hulle kos vra, kry hulle net “Beaf tea” en kondensmelk. Dié wat op sterwe lê en smekend om ‘n bietjie kos vra, word toegesnou: “Vrek maar, dan is dit een minder om voor te sorg.”

GE Bezuidenhout sê in *Uit die donker Woud* dat almal in die kamp altyd net een soort medisyne gekry het. Dit het na pepperment gesmaak en het so’n gelerige kleur gehad. Cornelia Makwayer het een keer vir ‘n siek kind ‘n bietjie van hierdie “medisyne” by die apteek gaan haal. “Toe ek dit vir die kind gee, is sy asem op die oomblik weg. Toe vat ek die medisyne en gooi dit op die groen gras en die gras was dadelik verbrand asof die vuur daaroor gegaan het.”

Mev Mollet verklaar in *Stemme uit die Vrouekampe* dat daar soms weerhakies in die vleis en Coopers-poeier in die meel was. Sy het ook vitrioel in die suiker gekry.

Mev MC Stander vertel in *Stemme uit die Vrouekampe* van haar smartlike ondervinding by die afsterwe van haar tienjarige dogtertjie Annie. Die kind het siekerig gelyk toe die “lynmeisie” by die tente rondgaan en dit opmerk en die huilende kind hospitaal toe neem. Daar is sy net met kondensmelk en water gevoer. Na twee maande was sy weggekwyn, doodsbleek, uitgeteer, verhonger, geen kos, net kondensmelk en water. Die moeder sien die dood in die kind se gesig en vra om tog by haar te mag bly. Die suster dra net sterk drank aan en gee dit vir haar in. Toe kom dr Davies in met ‘n glas geel vloeistof. Dit was ‘n soort aangemaakte maagpoeier. Die moeder vra of sy die “medisyne” kan kry, maar hy weier en gee dit vir die kind in. Sy het net een snik gegee en toe gesterf.

Daar was Engelse wat diep geskok was oor die koelbloedige wreedheid wat hul eie nasie teenoor weerlose en onskuldige vroue en kinders gepleeg het. WT Stead sê in *Methods of Barbarism: “We could neither kill, wound or capture the burghers who were still in the field. But we could catch their women and their helpless little children. Having caught them, we could pen them in our substitude for our Spanish Inquisition, the prison camps. Instead of stretching them on the rack, using the thumb-screw, or applying the red-hot iron to the soles of their feet, we achieve the same result by inflicting the refined and horrible torture of slow starvation. Under this peine forte et dure the children sickened, pined away to living skeletons, and then happily were released by death from their sufferings. Every one of these children who so died of the result of cutting down on rations by half, in order to bring pressure to bear upon their relatives in the field, was deliberately murdered.”*

So is meer as 26 000 Afrikanervroue en kinders tydens die Tweede Vryheidsoorlog deur die Engelse vermoor, waarmee hulle die kroon geplaas het op die volgehoue stroom van arrogante onregsdade wat hulle gedurende die negentiende eeu teen die wordende Afrikanervolkie gepleeg het, in ‘n poging om hom totaal te vernietig.

6
Skandelike verraad in die 20e Eeu

Gedurende die doodsnikke van die 19e eeu, waartydens die arrogante Britse wêreldryk met behulp van al sy sateliete besig was om in die Tweede Vryheidsoorlog ‘n poging aan te wend om die Afrikanernasie te vermoor en uit te wis, het die monster van verraad in eie geledere hom in sy worstelstryd teen die Engelse onnodig gekniehalter. Hierdie skreiende onreg wat die duisende onpatriotiese hensoppers, wapenneerlêers, hanskakies en joiners teenoor die bittereinders gepleeg het, het ‘n verlammende uitwerking gehad op baie van hulle wat getrou gebly het aan volk en vaderland, onderwyl hulle die ongelyke stryd teen die Engelse moes voortsit.

Die verraaiers het hulself in verskillende kategorieë openbaar. Daar was burgers wat nooit gedurende die oorlog die wapen teen die vyand opgeneem het nie. Hul geledere is aangevul deur die “hensoppers” wat tydens die oorlog aan die Engelse oorgegee het en hul wapens neergelê het. Dan was daar ook ‘n groot aantal hensoppers wat by die Engelse aangesluit het en “joiners” geword het. ‘n Groot aantal burgers het gedurende die eerste sewe maande van die oorlog dapper geveg, maar toe lord Roberts Bloemfontein inneem en aanstoot na Johannesburg en Pretoria toe, het hulle moedeloos huis toe gegaan. Baie van hulle het nie weer reageer toe die Boere-offisiere hulle daarna opgeroep het om weer by die kommando’s aan te sluit nie.

Met die uitbreek van die oorlog het die twee Republieke gesamentlik oor 54 667 burgers beskik wat vir krygsdiens opgeroep kon word, maar daar is net 32 000 tot 35 000 van hulle gemobiliseer. Dié wat nie opgeroep is nie, moes noodsaaklike dienste verrig. Toe daar later by die verskillende gevegspunte meer manne nodig was, het die veldkornette rondgegaan om hulle te kommandeer. Dit was nie altyd suksesvol nie. Ben Viljoen kon in September 1899 in Johannesburg net 400 burgers opgeroep kry, terwyl hy 750 wou gehad het. Sommige diensplichtiges op Nylstroom het botweg geweier om krygsdiens te doen. Op Carolina het agtien vroue gekla dat "gezonde burgers, zonder ziekte of gebrek," geweier het om enige vorm van krygsdiens te doen en "voor het kommando nog niets gedaan hebben." Ongeveer 13% van die krygspligtiges in Winburg-distrik het hul kommando-diens ontduik. Om al die onwilligheid die hoof te bied, het die Transvaalse regering in Mei 1900 'n spesiale "Commandeer-Commissie" aangestel, om "schuilende burgers uit te woelen."

Kommandodiensontduiking kon maklik plaasvind, omdat die Republieke se militêre mag uit volksleërs bestaan het, waarvan die diens vrywillig en sonder betaling was. Die selfstandige Boer wou nie graag bevele ontvang nie; hy wou liewer dit self gee. In vredestyd was sy offisiere sy gelykes, maar in die oorlog moes hy 'n man gehoorsaam wat hy elke dag as buurman geken het. Die Boere se leërleiding het ook nie streng militêre tug toegepas nie.

Die wapenneerlêers na die val van Bloemfontein

Dit was dus maklik vir die moedeloses om na Cronjé se oorgawe by Paardenberg, die val van Bloemfontein en die inname van Johannesburg en Pretoria, om maar huis toe te gaan

na hulle plase en gesinne. Daarby het lord Roberts op 15 Maart 1900 aan die wapenneerlêers beloof dat hul eiendomme nie beskadig sou word nie. Hulle moet net 'n neutraliteitseed aflê. Die Engelse beweer dat daar toe van 15 Maart tot 5 Junie 1900, 400 burgers in Bloemfontein-omgewing, in Boshof 300, Jacobsdal 264, Bethulie 596, Edenburg 389, Faurismith 589, Jagersfontein 331, Luckhoff 99, Koffiefontein 102, Philippolis 463, Smithfield 460, Trompsburg 306, Thabansjoe 53, Dewetsdorp 32 en Ficksburg 170 burgers hul wapens neergelê het, altesaam 4 554 man.

Toe Roberts van Bloemfontein af by Kroonstad aankom, het 385 man van Hoopstad-Bultfontein en 150 van Senekal se omgewing kom hensop en hul wapens neergelê. Van die begin van Junie tot die einde van Julie het nog 400 uit Heilbron, Vrede en Parys dit gedoen. Saam met dié van Suid-, Wes- en Oos-Vrystaat was dit 5 439 hensoppers. In die Noord-Vrystaat was hulle minder, omdat generaal De Wet en president Steyn die burgers daar besiel het om die stryd voort te sit.

In Transvaal was dit dieselfde storie. Volgens die Engelse opgawes het tussen 4 000 en 5 000 hul wapens op 14 Junie te Pretoria en omgewing neergelê. Toe Baden-Powell op 14 Junie Rustenburg beset, is 1 000 gewere ingelewer. Op 15 Junie het 460 burgers by Wolmaransstad gehensop. Volgens generaal Jan Smuts het op 18 Junie 1900 tussen 900 en 1 200 burgers by Krugersdorp hul wapens neergelê. Dus het daar kort na die besetting van Pretoria die groot getal van tussen 6 360 en 7 960 burgers in Transvaal hulle wapens neergelê. Daar was egter ook baie burgers wat huis toe gegaan het sonder om hul gewere af te gee.

Die totaal hiervan was dat ongeveer 22% tot 26% van die twee Republieke se weerbare manne na die inname van die hoofstede deur die vyand, besluit het om nie verder te veg nie en na hulle huise gegaan het. Die Republieke se oorlogspoging het op hierdie stadium fetlik lam gelê.

Waarom wou hulle nie meer veg nie?

Baie burgers het gedink die oorlog is verby; die Engelse het gewen. 'As ons nou ons wapens neerlê, spring ons gevangenskap vry. Ek wil my huis en plaas gaan beskerm. As ek aanhou veg, verloor ek alles. Ek sien geen nut daarin om verder te veg nie. Dis nodeloos om die magtige vyand verder teen te staan. Dankie vader! Ek wou nooit veg nie en nou bied lord Roberts se proklamasies tog geleentheid om uit die gemors te kom! Ek het baie besittings wat ek nie ter wille van ou Steyn en Krisjan de Wet en ou Paul Kruger kan verloor nie. Lord Roberts belowe om ons te beskerm as ons die neutraliteitseed teken.'

Hierdie onpatriotiese argumente waarom hulle gehensop het, mag vir die wyfelaars en lafhartiges en banges baie bevredigend en oortuigend geklink het om hulle te beweeg om hulle wapens neer te lê en te hensop, maar daarmee is hulle gebrandmerk as verraaiers van hulle landgenote wat besig was om alles in die stryd te werp ten einde hul duurverworwe vryheid te verdedig teen die Engelse oormag.

Pogings om hulle weer te mobiliseer

President Steyn en president Kruger het teenproklamasies teen Roberts s'n uitgevaardig en vir die hensoppers gesê dat hulle hoogverraad pleeg, want die twee Republieke bestaan nog en alle burgers is nog krygspligtig. In Maart 1900 is 'n klompie wapenneerlêers in Ficksburg aangekeer, hul

beskermingspasse opgeskeur en hulle weer na die front gestuur. Die Vrystaatse regering het berede polisie rondgestuur om persone weer op te kommandeer. Daarmee is maar beperkte sukses behaal, want die polisie kon nie al die plekke bereik nie; die Engelse was reeds oral. Generaal Froneman het op bevel van generaal De Wet ongeveer 500 man in die Suid-Vrystaat weer onder die wapen gebring. Generaal De Wet self, het in April 110 man by Reddersburg en Dewetsdorp opgekommandeer.

Generaal De Wet se dryfkrag het magneties gewerk. Toe hy met sy laer in Junie 1900 by die Vaalrivier gestaan het, het 400 wapenneerlêers weer by sy kommando aangesluit. Hy het van sy offisiere rondgestuur om hulle weer te kommandeer. Kommandant PJ Fourie het 750 opgekommandeer, generaal Hertzog 1 200 en kommandant CCJ Badenhorst 1 000 man.

In Transvaal het generaal De la Rey se oorwinning op 11 Julie 1900 by Silkaatsnek 1 200 man oortuig om weer die wapen op te neem. In Noord-Transvaal het generaal Beyers weer heelwat burgers gewerf en in Oos-Tranvaal het generaal Louis Botha die veldkornette gebruik om die wapenneerlêers weer op te kommandeer.

Die militêre suksesse van die Boere en die invloed van dinamiese leiers soos De Wet, De la Rey en Botha, het baie van die wapenneerlêers aangespoor om weer aan te sluit. Roberts se onvermoë om die hensoppers teen die voortvegtende Boere te beskerm, het hulle terugkeer na die kommando's bevorder. Daar het 3 960 wapenneerlêers in die Vrystaat weer hulle wapens opgeneem. Gegewens vir Transvaal is nie beskikbaar nie.

Die terugkerendes is met ope arms ontvang, alhoewel daar manne was wat wou hê dat hulle gestraf moes word. Generaal De Wet het gesê hulle het genoeg straf van hulle gewetes weg, maar tog is elkeen met £5 beboet en moes hulle 'n eed van getrouheid aflê en die Engelse een wat hulle geneem het toe hulle gehensop het, afsweer.

Doen en late van die ander hensoppers

Baie van dié wat nie weer gaan veg het nie, het probeer wegkruip in kelders, onder die vloere van hulle huise en in grotte, klowe en bosse. *De Zuid-Afrikaan* skryf *"dat republikeine zuch op hunne plaatzen verborgen hebben in heuvels en kloven, waar zij den dag doorbrengen en snachts naar hunne woningen terugkomen, als het zeer koud wordt. Het is verbasend hoe het leger zij sterkte kan behouden met zoveel wegloopers."* Baie van die Vrystaatse hensoppers het in die berge van Fouriesburg gaan skuiling soek.

Generaal Botha het gedreig dat hulle huise afgebrand sou word, maar dit het nie werklik plaasgevind nie. Danie Theron het beweer dat "wie niet gehoorsaamde, werd met geladen geweer gedwongen zijn plicht te doen." Op kommando is die teruggekeerde hensoppers opgepas om te verhoed dat hulle nie ontsnap en inligting aan die Engelse gaan oordra nie.

President Steyn het in 'n proklamasie gedreig dat die doodstraf toegepas kon word op hensoppers wat in die hande van die Boere val. Hierdie drastiese maatreël is blykbaar maar selde toegepas. Een van die enkele gevalle wat bekend is, het op 26 November 1900 plaasgevind toe A C Krynauw, wat gereeld inligting aan die Engelse verskaf het, deur Barend Scheepers van die Ficksburgse kommando doodgeskiet is.

Scheepers en elf burgers het vir Krynauw by sy huis gaan haal. Toe hy weier om saam met hulle te gaan, is hy gefusilleer. Waar die doodstraf wel toegepas is, was dit gladnie lekker vir hulle wat dit moes doen nie. Dit was tog lede van hul eie volk, hoe veragtelik hul dade ook al was. Hulle kon selfs bekendes gewees het.

Lord Roberts het hom deeglik vergis toe hy aan die hensoppers beskerming beloof het. Met die Engelse se huisafbrandery het hulle nie altyd geweet of dit 'n vegtende burger s'n of dié van 'n wapenneerlêer was nie. Dikwels het die Engelse 'n groep oorgeërs gladnie beskerm nie., maar hulle krygsgevange geneem.

Die sogenaamde beskerming wat die hensoppers uiteindelik van die Engelse ontvang het, was ook nie gratis nie. Eers sou hulle kastig in die oorlog net neutraal bly. Later is verwag dat hulle inligting oor die Boere moes verskaf en daarna moes hulle help om die burgers se eiendomme en besittings te verniel. Hulle moes die vee van die vegtende Boere gaan roof en kon as vergoeding 'n deel daarvan vir hulleself neem. Uiteindelik is hulle gedwing om aktief in Engelse geledere teen die Boere te veg.

Baie hensoppers het na Basoetoland gevlug om van die druk van die Boere en ook van die Engelse te ontvlug. Hulle het selfs hul vee per trein daarheen vervoer. Teen die einde van die oorlog was daar meer as 2 000 van hulle in Basoetoland, meesal Vrystaters. Hulle is deur die protektoraat se regering beskerm en goed versorg deur die Engelse, sodat hulle tog nie moet lus kry om weer by die kommando's te gaan aansluit nie. Na 1902 het sommiges hul vee in Basoetoland agtergelaat en van die na-oorlogse regering skadevergoeding vir denkbeeldige veeverliese geëis en dit ook werklik ontvang. Tydens die

oorlog het hulle selfs van die Engelse ‘n onderwyser gevra om hul kinders in Basoetoland te kom onderrig en werklik ook een gekry!

Baie van die Transvaalse hensoppers het ook gevlug. Verskeie burgers wat in Julie 1900 gedros het, het met hulle vee gaan skuiling soek in Swaziland, Gasaland en Mosambiek. Op 16 September 1900 was daar ongeveer 3 000 man by Komatipoort. Dit was voetgangers wat nie kon perde kry nie. Die Boere het toe pas met hulle beweeglike oorlogsvoering begin en hulle daar agtergelaat. Mosambiek se goewerneur het hulle uitgenooi om oor die grens te kom en hulle wapens neer te lê. Om middernag op 18 September het 700 van hulle dit gedoen. Goewerneur Machado onderhandel toe weer met dié wat nog by Komatipoort onder generaal FJ Pienaar oorgebly het en hy stem in dat hulle hul wapens aan die Portugese moes gaan oorhandig. Op 22 September het eers klein groepies oor die grens gegaan, maar later het hulle in honderdtalle gevolg. Pienaar self het ‘n groep van 500 oor die grens vergesel. Daar was toe 2 500 hensoppers in Mosambiek.

Twee dae later, op 24 September 1900, het die Engelse Komatiepoort beset. Generaal Coetzer, wat saam met Pienaar by die voetganger-burgers te Komatipoort was, het daarin geslaag om met 300 van hulle te ontvlug en weer by die Boeremagte aan te sluit. Pienaar is met sy 2 500 hensoppers in Lourenco Marques krygsgevange geneem en na Portugal gestuur.

Gedurende die oorlog het daar ook ‘n aantal wapenneerlêers na Rhodesië uitgewyk. Daar het ongeveer 150 van hulle in Betsjoeanaland beland. Teen die einde van

Desember 1900 was daar selfs 546 hensoppers op parool in die Kaapkolonie en 126 in Natal.

Die hensoppers stig “vredeskomitees”

Die hensoppers wat nie uit die Republieke gevlug het nie, het hulle meesal onledig gehou in die verskillende dorpe wat deur die Engelse beset was en waar hulle veilig gevoel het teen die Boere op kommando. Hulle wou graag die Engelse se oorlogspoging teen hulle eie vlees en bloed steun en het toe begin om sogenaamde “vredeskomitees” te stig. Deur middel van geskrewe stukke wat hulle probeer versprei het en persoonlike besoeke aan die kommando’s, het hulle dan gepoog om die offisiere en die burgers om te haal om ook hulle wapens neer te lê en sodoende die oorlog te beëindig. Hulle argumente was deurgaans dat dit ‘n tevergeefse stryd is, dat die Engelse oormag te groot is, dat hulle nooit die oorlog kan wen nie en dat dit die vegtende burgers en offisiere se skuld is dat die vroue en kinders so swaar in die kampe ly. Dit kan alles beëindig word indien hulle aan die Engelse oorgee.

Die eerste vredeskomitee is op inisiatief van hensopper Meyer de Kock op 27 Februarie 1900 in Pretoria gestig. ‘n Prominente lid van die sentrale komitee
Daarvan was generaal Andries PJ Cronjé, ‘n broer van generaal AP Cronjé wat op 27 Februarie 1900 by Paardenberg met 4 000 man oorgegee het.

Teen die einde van 1901 was daar vredeskomitees te Middelburg, Belfast, Volksrust, Utrecht, Standerton, Krugersdorp, Heidelberg en Zeerust. Die lede van hierdie komitees het die idee van die moordkampe wat lord Kitchener aan lord Roberts voorgestel het, hartlik gesteun.

Op 30 Desember 1900 is op Kroonstad ‘n vredeskomitee gestig onder voorsitterskap van Piet de Wet, die hensopperbroer van generaal De Wet. Daar het ook een in Bloemfontein tot stand gekom en ook in Harrismith, Bethlehem en Winburg.

Die vredeskomitees se afgesante na die kommando’s is meesal gevang, veroordeel en beboet. Op ‘n brief wat generaal Botha van ‘n hensopper Van Rensburg, voorsitter van ‘n vredeskomitee, ontvang het, het hy in sy antwoord sy verbasing uitgespreek om “zulk een onbeschaamdheid van u te zien na Uw land en volk verraden te hebben. Het is voor mij onmogelijk (om) met verraders, en ik kan zeggen moordenaars, van een volk te onderhandelen.” Daarna het Kitchener self vir generaal Botha op Middelburg ontmoet om oor vrede te praat, waar Botha vir hom gesê het: “Gij zulk mij nimmer kunnen dwingen om met verraders te onderhandelen over vrede.”

Die vredeskomitees het in Trransvaal niks bereik nie. In die Vrystaat het hulle briewe geskryf en brosjures en vlugskrifte versprei. Hulle het die Britse troepe en swartes gebruik om die materiaal op plekke te plaas waar dit onder die aandag van die vegtende Boere kon kom.

‘n Sekere P M Botha, vroeër lid van die Vrystaatse volksraad en lid van Kroonstad se sentrale komitee, het giftige briewe na die kommando’s probeer uitkry, waarin hy president Steyn verantwoordelik hou vir die uitbreek van die oorlog en hom en generaal De Wet en president Kruger gruwelik beledig. Waar afskrifte van hierdie brief van hom die Boere in die veld bereik het, het hulle hul misnoeë en afkeer daaroor te kenne gegee. Die Boereleiers se mening daaroor was: “We hebben al veel huichelarij en bedrog in de wereld gesien, maar zoo erg als in dat boekje van dien Botha, nog nooit.”

Piet de Wet het ook ‘n brief aan sy broer, generaal Christiaan de Wet geskryf, waarin hy al die redes wat die hensoppers kon bedink waarom die Boere onverwyld moet oorgee, opgedis het. Generaal De Wet het dit onnodig geag om hom te antwoord, maar tog vir hom laat weet dat hy hom sal skiet waar hy hom raakloop.

Piet de Wet en ander lede van die Vrystaatse vredeskomitees het hulle na instansies in die Kaapkolonie gewend, egter met min sukses, maar hulle het daarin geslaag om vir Kitchener om te haal om ‘n spesiale kamp op te rig, waar krygsgevangenes in die Kaapse kampe gewerf moes word om na die konsentrasiekampe te gaan en die vroue te beïnvloed om hulle mans op kommando om te haal om die stryd te staak. Kitchener het dit gedoen. Teen die einde van die oorlog was daar 3 194 hensoppers, wat uit die krygsgevangenekampe in Suid-Afrika, na die konsentrasiekampe gestuur is.

.

Die vredesbeweging het eintlik in alle opsigte misluk, al het daar na Januarie 1901 nog baie vegtende burgers hul wapens neergelê. Hierdie persone is nie deur die komitees beïnvloed nie. In die koue wintermaande van 1901 het die hensopperstroom sterker na die Engelse toe gevloei. In Mei het 1 055 oorgeloop, in Junie 894, in Julie 451 en in Augustus 554. Die Engelse sê hierdie 2 954 het teen Mei 1902 aangegroei tot 6 025. Alhoewel die Engelse altyd hul suksesse en oorwinnings uitermate vergroot het en hul neerlae mikroskopies verklein het, kan ons tog aanvaar dat dit ‘n beduidende getal moedeloses en neerslagtiges was wat nie meer verder wou veg nie oor die leed van hul vroue en kinders in die konsentrasiekampe, die verlies van al hul besittings, die inperkings van die blokhuislinies, die ontbering gedurende die

koue wintermaande en dat daar geen hoop meer was om te wen nie omdat buitelandse hulp uitgebly het.

Kitchener het vanaf Januarie 1901 tot Mei 1902 alle hensoppers konsentrasiekampe toe gestuur. Al die voriges kon ook gaan. Hulle het daar meer kos gekry as die arme vroue en kinders. Baie van hulle moes toe daar vir die Engelse werk, soos tente opslaan en doodskiste maak. Die vroue het voortdurend vir hulle ingevryf hoe laag en gemeen hulle was om hulle land te verraai. Hulle moes kastig die vroue beïnvloed om hulle mans op kommando om te haal om die stryd te staak, maar by meer as een kamp het dit net andersom gewerk. 'n Aantal van hulle het só skaam gekry dat hulle weer terug is na hulle kommando, nadat die vroue hul gewetens streng aangespreek het. Gewoonlik was hulle deurgaans harteloos en onbeskof teenoor die vroue in die kamp.

Naderhand is daar kamppolisie aangestel uit die hensopper-geledere, wat moes kyk dat die kamp netjies gehou word en verantwoordelik was om die vroue op die stasie te gaan haal. Toe word daar sogenaamde speurders aangestel, wat afluistering by die tente moes doen, om die vroue se gesindheid vas te stel. Baie van hulle het vir die Engelse militêre diens gaan doen.

Die hensoppers word joiners

Van Junie tot Oktober 1900 het die verraaiers in Britse militêre diens maar sporadiese hulp aan die Engelse verleen in die vorm van inligting verskaf oor die Boere se bewegings, of om as gidse diens te doen. Later is sommiges van hulle bewapen, om saam met die Engelse te veg. Die Britse aanvoerder van die garnisoen by Ladybrand, het hulle diens hoog aangeprys: *"Their knowledge of the by-paths and*

surroundings was invaluable. They are all good shots and contributed their share to the casualties amongst the enemy. Their real knowledge of the people and country is invaluable and they use it freely in our service."

So laag het hulle gedaal. In Oktober 1900 het 'n Grobler van die Vrystaat as gids diens gedoen vir die Britte in Bethlehem. Hy en sy bende van 50 tot 60 gewapende swartes het een keer op generaal De Wet se verkenners geskiet.

Daar het verskeie korpse ontstaan. Die Kroonstad *Burgher Scouts* moes help om ammunisie op te spoor wat die Boere versteek het. In Januarie 1901 is die *Burgher Police* of *Farmers Guard* gestig. In Transvaal het die Heidelberg *Volunteers* 'n "*town guard*" geword. Kitchener sê in Januarie 1902 was daar 1 660 joiners in Engelse diens en 'n maand later was dit 2 500 en op 1 Junie 1902, 'n dag na die vredesluiting, het dit aangegroei tot 5 464. Die *National Scouts* was die grootste groep. Hulle het Britse uniforms en soldy ontvang en het in Transvaal geopereer. In 1901 was daar 'n swart korps onder kaptein OM Bergh van tussen 400 en 500. Hulle het plaashuise afgebrand en weerlose vroue en kinders gemolesteer. Die Boere het hulle die "Kafferkommando" genoem. Baie joiners en swartes het as gidse vir die Engelse opgetree. Hulle het die oorlogsterrein geken en ook die Boere se krygstaktiek en was vir die Engelse veral baie waardevol tydens nagaanvalle.

Die Vereenigingse burgerkorps van 23 lede moes die vee van die vegtende burgers versamel en hulle by die konsentrasiekamp oppas. Hulle het 60% van die waarde daarvan ontvang. In die Pretoriase omgewing het *Morley* se *Scouts* van 40 lede, waarvan 20 Boer-verraaiers was, geopereer. Die *National Scouts* was in Transvaal bedrywig vanaf Oktober

1901 tot Mei 1902. Hulle eerste taak was "*denuding the enemy in the field of horses*," *cattle, wagons etc,"* maar later was dit aktiewe gevegte en verkenning vir die Engelse.

Kitchener het een keer self by die konsentrasiekampe onder die hensoppers gaan lede werf vir die *National Scouts*. Hy het vir hulle gesê dit is 'n edel daad om hul kragte met die vyand te verenig sodat vrede in die land herstel kan word. Vir hulle "patriotisme" om dit te doen, het hulle tot Januarie 1902 die helfte van die buitgemaakte vee en 'n halfkroon per dag ontvang. Daar is allerlei beloftes aan hulle gemaak. Aan G Linton, 'n *Scout* van Klerksdorp, is selfs 'n plaas beloof as hy aansluit! Die hensoppers in die kampe, wat hul maats afgeraai het om Scouts te word, is deur die Engelse òf beboet, óf as krygsgevangenes weggestuur. Die Britse opgaaf toon aan dat daar in Januarie 1902 950 *Scouts* was. 'n Paar maande later was hulle aan die einde van die oorlog reeds 1 359 in getal, wat in 9 afdelings geopereer het, veral in Oos-Transvaal.

In die Vrystaat het die *Orange River Colony Volunteers* hoofsaaklik deur die toedoen van Piet de Wet en kommandant SG Vilonel tot stand gekom. Teen die einde van die oorlog het die korps glo uit 448 man bestaan. Hulle het net as gidse vir die Engelse opgetree en nie aktief aan gevegte deelgeneem nie.

By die laaste groot slag in die oorlog by Rooiwal op die Lichtenburgse hoëveld, wat op 11 April 1902 plaasgevind het, het generaal De la Rey se kommando onder aanvoering van generaal Kemp, 'n baie sterk Engelse mag tromp-op aangeval en groot verliese gely aan gesneuweldes en gewondes. Dit sou baie minder gewees het as daar nie 200 *National Scouts* onder aanvoering van die verraaier, generaal Andries Cronjé in 'n

nabygeleë mielieland verskuil gelê het en 'n verbete flankaanval op die Boerelinie gemaak het nie.

Die *National Scouts* was alleen dapper in gevegte waar hulle goeie dekking gehad het soos by Rooiwal, maar hulle was lugtig en lafhartig om met hul eie landgenote in oop gevegte betrokke te raak. Hulle was dus van min waarde vir die Engelse in die veldslae, maar as verkenners was hulle baie waardevol weens hulle kennis van die oorlogsterrein en van die Boere se bewegings en gewoontes. Dit het die Boerekommando's gedurig onveilig laat voel, want hulle het besef dat die Britse kolonnes met Scouts as gidse, hulle veral snags maklik kon verras.

Het die hensoppers die Boere die oorlog laat verloor?

Die *National Scouts* se deelname aan die oorlog aan Engelse kant teen die Boere, het 'n demoraliserende uitwerking op sommige bittereinders gehad, maar in hul verbittering is hul gesterk om die oorlog met vasberadenheid voort te sit. RW Schikkerling, van kommandant WJ Viljoen se kommando, het die Scouts 'n klomp "hanskakies" genoem en gesê: "Hierdie gemene verraaiers was eertyds ons wapenbroers. Hulle het saam met ons uit dieselfde bak gesmul, met ons saam gesing, gebid en saam met ons gedeel in glorie en terugslae, en nou het hulle in ruil vir goud teen ons gedraai. Vanweë hulle valsheid is hulle só gehaat onder ons dat die swartste wraak teen hulle gesweer is. Hulle sal geen genade by ons vind nie. Die tyd sal net so min die swart besoedeling van hulle siele afwas as wat dit die blou van die hemel sal uitwis."

Generaal Botha het gesê hulle het veel skade aan die republikeinse saak gedoen. EJ Weeber het dit die swartste

verraad en donkerste periode in die geskiedenis van die oorlog genoem. Schalk Burger het in Mei 1902 by Vereeniging geê: "Elke man dien wij verliesen, maakt den vyand sterker. De vyand leert van ons en wordt door onze menschen, die met hem tegen ons vechten, geleerd hoe tegen ons oorlog te voeren." Kaptein Henry Slegtkamp is van mening dat as dit nie vir die verraad was nie, kon hulle die oorlog voortgesit het. Generaal De Wet het gesê dit was makliker om teen die groot leërs van Engeland te veg, "als tegen zulke laagheden onder mijn volk."

Johanna Brandt het die *Scouts* "judas-Boeren" genoem. "Zij hebben onze kracht gebroken omdat zij onze ideaal geschonden, onze geesdrift geblust, onze inspiratie weggeroofd hebben - ons geloof, onze hoop." RW Schikkerling was oortuig daarvan dat "as dit nie vir daardie eerlose gespuis was nie, sou die vyand nooit ons vestings verdring het nie."

Alhoewel die Boere beweer het dat hulle die oorlog verloor het weens die verraad en aktiwiteite van die hensoppers en joiners, kan miskien met meer sekerheid verklaar word dat hulle tot die ondergang van die Republieke bygedra het weens die hulp wat hulle aan die Engelse as verkenners gegee het en die demoraliserende uitwerking wat hulle op die Boere gehad het. By die vredesluiting het die Boereleiers nie die verraaiers as een van die redes van hul oorgawe aan die Engelse genoem nie, maar generaal De Wet het volgehou dat dit die deurslaggewende rede was. "Hun toedoen was het dat den doorslag had gegeven en (ons) tot dit noodlottig besluit had gekomen."

(Al die gegewens oor die Boereverraaiers tydens die Tweede Vryheidsoorlog, is ontleen aan die werk van professor Albert Grunlingh: *Die Hendsoppers en Joiners)*

Die verraad van Piet Joubert, Louis Botha en Jan Smuts

Die groot onreg van verlamming deur verraad in eie geledere, wat die Afrikanerdom teen homself gepleeg het, het voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog reeds in die harte van leiersfigure geleef, veral in Transvaal. Kommandant-generaal Piet Joubert, die held van Amajuba, het as Vrymesselaar, net soos Louis Botha, Jan Smuts, Schalk Burger en Lukas Meyer, tot die liberaal-progressiewe groep in die Republiek behoort. Hulle het saam met die Kaapse "Afrikaner Bond" daarop aangedring dat president Kruger en die volksraad voor die eise van Groot Brittanje moes swig, ten einde die dreigende oorlog te verhoed. Nadat die vyandelikhede begin het, het generaal Piet Joubert reeds so vroeg as 25 November aan die regering getelegrafeer om oor oorgawe te onderhandel. 'n Tweede telegram van hom vanaf die Natalse front het in Februarie 1900 gevolg en op 5 Maart het hy weer probeer om president Kruger te oorreed om die stryd gewonne te gee. Sy militêre pligte as hoof van die republikeinse strydmag, het hy halfhartig en weifelend uitgevoer, soos wat by die slag van Dundee gebeur het, waar generaal Lukas Meyer die spit afgebyt het en Joubert nie tot die aanval oorgegaan het om Meyer te ondersteun nie. Toe Ben Viljoen vir hom na 'n suksesvolle geveg met die vyand gesê het, "Kom, laat ons die Engelse nou sommer tot in die see jaag," het Joubert gesê: "Nee, ons is Christene en mag nie bloed vergiet nie."

Die man wat Joubert opgevolg het as kommandant-generaal, was die Vrymesselaar Louis Botha, 'n goeie militêre strateeg, maar wat in die bewegingsoorlog wat die Boere begin voer het, nie so uitgeblink het soos De Wet en De la Rey nie. Botha was met 'n Engelse vrou getroud, 'n feit wat hom waarskynlik gunstig teenoor die Engelse gestem het.

Na Piet Joubert se dood het Botha en Smuts nou by president Kruger begin aandring dat hulle moes oorgee. Nadat president Kruger noodgedwonge sy land moes verlaat om nie in die hande van die vyand te val nie, is die nuwe regering te velde hoofsaaklik beheer deur die swakkeling en lafaard, waarnemende president Schalk Burger, saam met Lukas Meyer, Louis Botha en Jan Smuts. Hulle was almal Vrymesselaars en het aan die liberaal-progressiewe groep behoort. Hulle het president Steyn op 16 Mei 1900 probeer oorreed om saam met hulle aan die Engelse oor te gee. Steyn het hulle voorstelle verwerp. In Februarie 1901 het Botha samesprekings met Kitchener gaan voer en ingestem om onvoorwaardelik oor te gee, maar teen die verset van Steyn, De Wet en De la Rey gestrand. Daarna het Burger, Botha en Smuts vir president Steyn in een na die ander brief probeer omhaal om oor te gee, maar hy het geweier. Die verraaiers het weer op 10 Mei bymekaar gekom en weer briewe aan president Steyn en selfs aan president Kruger, wat hom toe in Europa bevind het, geskryf. Albei presidente het gevra dat hulle tog nie moet oorgee nie, maar moedig moet aangaan met die stryd.

Die man wat in geen geringe mate vir Botha gemanipuleer het nie, was die Vrymesselaar Jan Smuts. Hierdie Kolonialer was ‘n aanhanger van JH Hofmeyr en Cecil Rhodes en is kort voor die oorlog aangestel as staatsprokureur. President Kruger het blykbaar bedenkinge teen sy aanstelling gehad en gesê dat hy nie vir “Skelm Jannie” vertrou nie. As gevolg van sy pos is hy as generaal aangestel. Hy het nie as krygsman uitgeblink nie, maar as knoeier en verraaier van die volk se nasionale strewe en aspirasies het hy uitgemunt. Hy was die stukrag agter Botha se defaitistiese liberale liefde vir die Engelse en

was deurgaans die opsteller van die oorgawe-voorstelle wat in Mei 1902 aan die Engelse gemaak is.

Nieteenstaande feitlik al die Vrystaatse volks-verteenwoordigers en ook ’n paar van die Transvaalse afgevaardigdes na Vereeniging gekom het met die opdrag om nie onvoorwaardelik oor te gee nie, maar die oorlog tot die bitter einde voort te sit, is almal uiteindelik deur die pleitredes van die defaitiste en ‘n beskrywing van die haglike toestand waarin die land en volk verkeer het, omgehaal om aan die Engelse se eise vir onvoorwaardelike oorgawe toe te stem. Om generaal Chistiaan de Wet en generaal Koos de la Rey daartoe te beweeg, het Louis Botha en Jan Smuts aan hulle die belofte gemaak dat as dit in die nabye toekoms gebeur dat Engeland in ‘n oorlog in Europa betrokke raak en hy nie aandag aan Suid-Afrika kan gee nie, dan sou hulle sorg dat die twee republieke weer militêr in opstand kom en hulle onafhanklikheid herower. De Wet en De la Rey het nie rede gehad om hulle strydmakkers te wantrou nie en het hulle geglo.

Weer Britse oorheersing in sy volle glorie

Na 31 Mei 1902 was Transvaal en die Vrystaat twee Britse kroonkolonies. Die deur die Boere gehate Joseph Chamberlain, minister van kolonies, het sy nog meer gehate vriend, Alfred Milner, aangestel as siviele administrateur van albei verowerde kolonies. Daarna het ‘n kort tydperk van bittere beproewing vir die verslane Afrikanervolkie, wat die ellende van die oorlog oorleef het, gevolg. Milner het gepoog om hulle in sy skole baie vinnig te verengels en hulle getalle te oordonder deur grootskaalse invoering van Engelse. Hy het nie geslaag nie. Toe voer hy duisende Sjinese in om in die myne te

werk. Die weerstand daarteen was van Afrikaner en Engelse kant so groot dat hy verplig was om hulle weer te repatrieer.

In 1905 is die Konserwatiewe regering in Engeland deur die Liberale Party onder leiding van Henry Campbell-Bannerman verslaan en is Milner se tolletjie afgerol toe hy na Engeland teruggeroep is. Campbell-Bannerman was die Afrikaners goedgesind en sy regering het aan Transvaal op 6 Desember 1906 en aan die Vrystaat op 5 Junie 1907 verantwoordelike regering toegeken. Drie jaar later is die groot ideaal van sir George Grey en later van lord Carnarvon verwesenlik toe die vier Suid-Afrikaanse kolonies in 1910 saamgebind is in die Unie van Suid-Afrika. Louis Botha was die eerste Eerste Minister en Jan Smuts was sy minister van verdediging. In sy kabinet het manne gedien soos regter JBM Hertzog, as minister van onderwys.

Die verraad tydens die 1e Wêreldoorlog en die Rebellie

In 1914 het die Eerste Wêreldoorlog in Europa uitgebreek tussen Engeland en Duitsland in die hoofrolle. In die Unie-parlement was daar twee manne, generaal De Wet en generaal De la Rey, wat onthou het wat generaal Botha twaalf jaar vantevore aan hulle by Vereeniging beloof het. Die ontnugtering wat hulle toe beleef het, het generaal De la Rey as volg beskryf: "Tydens ons beraadslagings op Vereeniging het ek en generaal De Wet en verskeie ander offisiere gepleit dat ons moes voortveg en nie met die vyand onderhandel nie. Generaal Botha het ons egter omgehaal met die belofte dat met die eerste geleentheid waar Engeland weer in 'n Europese oorlog betrokke raak, ons ons vryheid weer sal terugvat. Toe Engeland in 1914 teen Duitsland oorlog verklaar, het ons

gedink dat die wonderlike geleentheid waarna ons toe al twaalf jaar lank uitgesien het uiteindelik aangebreek het. Ons sou met Botha aan die spits sonder slag of stoot of bloedvergieting ons republieke se verlore vryheid weer herwin. Toe ek met hom en Jan Smuts daaroor praat, het ek met skok en teleurstelling ontdek dat my twee ou vriende van die Tweede Vryheidsoorlog se dryfkrag nie meer liefde vir ons Boerevolk was nie, want hulle wou nou ten alle koste die belange en heil van die vyand wat ons vryheid geroof het, ondersteun en bevorder. Louis Botha het ons Unie-parlement 'n besluit laat neem om saam met Engeland oorlog teen Duitsland te verklaar en Duits-Suid-Wes te gaan verower. Ek kon my nie daarmee vereenselwig nie, want Duitsland was ons nog nooit vyandiggesind nie en waarom moet ons onnodig vreemde gebied gaan verower? Ek het besef dat Botha, gesteun deur Smuts, teenoor my en generaal De Wet en teenoor die hele Boerevolk verraad gepleeg het met hul valse beloftes, want sonder die regering se steun, is dit onmoontlik om die Vierkleur weer te laat wapper."

Die volk was besig om in opstand te kom teen die Botha-Smuts-regering. Onderwyl generaal De la Rey en generaal Beyers per motor op pad was vanaf Johannesburg na Potchefstroom, is generaal De la Rey onder verdagte omstandighede by 'n padblokkade in Langlaagte noodlottig gewond deur 'n regeringspolisie-amptenaar. Hy het in die arms van sy vriend, generaal Beyers, gesterf.

Die rebellie het opgevlam, maar was feitlik van die begin af tot mislukking gedoem. Die opstandelinge kon nie teen Botha en Smuts se goedtoegeruste leër standhou nie. Generaal De Wet moes uiteindelik met nog net ses man by hom, oorgee. Die Boereheld van vele oorwinnings oor die Engelse, het nou ses maande lank in die tronk gesit. Generaal Beyers is in die

Vaalrivier deur Smuts se troepe doodgeskiet, toe hy met sy manne probeer het om van hulle af weg te kom. Hulle het beweer dat hy verdrink het. Jopie Fourie, ‘n jong offisier in die verdedigingsmag wat by die rebelle aangesluit het, is na sy gevangeneming deur die troepe, tot die dood veroordeel en nieteenstaande die protes van alle vooraanstaande Afrikaners in Pretoria, deur Jan Smuts koelbloedig laat doodskiet. Die rebellie is onderdruk en Suid-Afrika het as bondgenoot van Engeland voortgegaan om Suid-Wes van die Duitsers te verower, want Louis Botha en Jan Smuts het hulle Boereharte vir Engelse harte verruil.

Generaal Hertzog verskyn op die toneel

Die Botha-Smuts-regering kon met hulle rekonsiliasiebeleid en toegeeflikheid en bevoordeling van die Engelse nie die herontwaking van Afrikaner-nasionalisme demp nie. Generaal Hertzog het op 7 Desember 1912 op De Wildt sy beroemde “Suid-Afrika-eerste” toespraak gemaak. Hy het die imperialisme veroordeel en in verband met Botha-hulle se konsiliasie-beleid gesê dat hy niks het om te versoen nie. Dit het daartoe gelei dat Hertzog uit Botha se kabinet gesit is en dat hy en sy volgelinge in Januarie 1914 in Bloemfontein die Nasionale Party gestig het.

Intussen het die oorlog voortgewoed en Smuts het hom geroepe gevoel om die Duitsers in Oos-Afrika, in Tanganjika te gaan aanval. Hy is met ‘n groot leër van vrywilligers daarheen, maar kon die Duitse mag onder generaal Lettow-Vorbeck nie tot oorgawe dwing nie. Daarna is hy in Januarie 1917 na Londen vir ‘n oorlogskonferensie, maar hy het sommer daar gebly en lid geword van Lloyd George se oorlogskabinet. Hy is tot luitenant-generaal bevorder en met eerbewyse oorlaai.

In Julie 1919 het Botha en Smuts die vredesverdrag van Versailles saam met die ander Engelse dominiums geteken. Louis Botha is kort daarna op 27 Augustus 1919 skielik oorlede. Smuts het die regering oorgeneem en was ‘n ruk lank stewig in die saal, veral toe hy in 1921 met die rooier as rooi Unioniste saamgesmelt het. Maar dinge het stadigaan teen hom gedraai. Daar het na die oorlog ‘n ernstige ekonomiese depressie geheers. Dit het die arbeidsmark baie nadelig getref en stakings op die steenkool- en goudmyne veroorsaak, wat met geweld deur Smuts onderdruk is. Sy gewildheid het baie gekrimp en die Nasionale Party het gegroei. Generaal Hertzog het ‘n verkiesingsooreenkoms met die Arbeidersparty van kolonel Creswell aangegaan en in Junie 1924 is Smuts se Suid-Afrikaanse Party in ‘n algeneme verkiesing verslaan en het die Nasionale Party aan bewind gekom met generaal JBM Hertzog as Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika.

Die Afrikanervolk staan op uit die as

By die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, waar die twee gewese republieke in een kraal gegooi is saam met die Engelse Natal en die verengelste Kaapkolonie, was die staat nog steeds onderhewig aan die vetoreg en kontrole van die Britse kroon se verteenwoordiger, die goewerneur-generaal, wat ook deur die koning aangestel is. Hierdie toestand was vir generaal Hertzog en die eerste Nasionale regering onbevredigend. Hy het in 1926 die Imperiale Konferensie bygewoon, waar op sy aandrang alle beperkings van die Britse kroon op die dominiums opgehef is met die Balfour-verklaring en bekragtig is met die Statuut van Westminister. Daarop het generaal Hertzog die Unie-parlement geheel en al losgemaak van die Britse parlement, met die aanname van die Statuswet

van 1934. In 1927 het hy ‘n Departement van Buitelandse Sake in die lewe geroep en gesantskappe in Den Haag, Washington en Rome ingestel. Verder is ‘n eie burgerskap vir die Unie ingestel en na ‘n vlagstryd in 1927, is ‘n eie landsvlag in 1928 die eerste keer gehys.

In 1924 is ‘n beleid van “Beskaafde Arbeid” ingevoer, wat verseker het dat nywerhede en staatsinstellings voorkeur moes gee by werkverskaffing aan verarmde, werklose Blankes. Duisende van sy verarmde volksgenote het deur hierdie maatreëls weer ‘n nuwe heenkome gevind. Die ekonomiese ontwikkeling van die land is gestimuleer deur aandag te skenk aan die landboubedryf en die nywerheidsontwikkeling te bevorder. Nuwe fabrieke is opgerig wat werk aan ‘n groot aantal armblankes verskaf het. Die yster- en staalnywerheid is in 1928 met die oprigting van Yskor gevestig. ‘n Tak van die Koninklike Munt is in Pretoria geopen en die Unie het sy eie munte begin slaan.

Hertzog se bekwame minister van Binnelandse Sake en Onderwys, dr DF Malan, het ‘n wet deur die parlement geloods wat Afrikaans naas Nederlands as een van die ampstale erken het. Dr Malan het ook gesorg dat tweetaligheid in die staatsdiens ingevoer word, tot wrewel van die Engelse amptenare.

Afrikaans het ook in die kerklewe tot sy reg gekom. In 1923 is ‘n kommissie van teoloë benoem om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Hulle was dr JD Kestell, dr HCM Fourie, en professore JD du Toit , EE van Rooyen en BB Keet. Hulle werk is in 1933 voltooi toe die eerste Afrikaanse Bybel in gebruik geneem is.

Die Afrikaanse volk was besig om uit die as van vernedering en vertwyfeling en onreg weer op te staan, waartoe die Nasionale regering van generaal Hertzog ‘n groot bydrae gelewer het. Die volk het dit erken en waardeer en in 1929 se verkiesing sy regering weer aan bewind gestel met 78 Nasionaliste, 61 Sappe, 8 Arbeiders en 1 onafhanklike.

As die vyand met jou saamwerk…

Daarna het ernstige probleme die land begin teister, waarvan die groot depressie van die jare 1930 tot 1933 en die kwaai droogte van 1932 tot 1933 die land se ekonomie erg afgetakel het en aan die regering hoofbrekens besorg het. Engeland het skielik van die goudstandaard afgestap en geld het die land uitgestroom. Na baie sterk druk uit baie rigtings het die regering besluit om dieselfde te doen. Die goudprys het weer begin styg en geld het na Suid-Afrika teruggestroom.

Intussen het die idee van ‘n koalisieregering, wat dan in staat sou wees om die land se groeiende probleme op te los, almal se verbeelding aangegryp. Smuts het dit ook in 1933 in die parlement voorgestel. Generaal Hertzog het die idee eers verwerp, maar het later gedink dat hy moontlik deur samewerking met Smuts en sy party, die land se haglike ekonomiese toestand die hoof kon bied. Die moontlikheid was ook daar dat die Nasionale Party by ‘n volgende verkiesing nie weer die paal sou haal nie. Toe het Hertzog besluit dat dit die aangewese weg was waarlangs hy verder in staat gestel kon word om diens aan die volk te verrig, wat nie moontlik sou wees indien hy in die opposisiebanke moes sit nie. Dit het aanleiding gegee tot die sluiting van ‘n koalisieregering tussen Hertzog en Smuts se partye. Dit het die volgende jaar op samesmelting uitgeloop. Die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party het toe die Verenigde Suid-Afrikaanse

Nasionale Party geword, later net bekend as die Verenigde Party.

Daar was lede in die Nasionale Party wat ‘n geruime tyd voor hierdie gebeurtenis van 1933 vir generaal Hertzog nie meer met hart en siel ondersteun het nie, omdat dit gaandeweg duidelik geword het dat hy nie daarna streef om die republieke weer te herstel nie. Die republikeine het hulle nou afgeskei van die “Smelterregering” en onder leiding van dr D F Malan weggebreek as die “Gesuiwerde Nasionale Party”. Generaal Hertzog het as premier van die nuwe regering voortgegaan en generaal Smuts het adjunk-premier geword.

Wanneer ‘n Afrikanerleier ‘n ooreenkoms aangaan met sy tradisionele Britse vyand, moet hy verwag dat hy in mindere of meerdere mate uit sy koers gedwing gaan word. Die Engelse het hom nooit vertrou nie en hy het soms uit sy pad gegaan om hulle ter wille te wees en het daardeur sy eie Afrikaners van hom vervreem. Maar generaal Hertzog het nie opgehou om Afrikaner te wees en om sy strewe, “Suid-Afrika eerste” te probeer verwesenlik gedurende die ses jaar wat sy verdere premierskap nog sou duur nie.

Smuts se tweede groot verraad

Intussen het Duitsland die twintig jaar na die vernederende Vrede van Versailles in 1919, gebruik om weer uit die as op te staan., met die inlywing van Oostenryk en die verowering van Tjeggo-Slowakye. Toe hy die korridor wat Oos-Pruise van Duitsland skei, van Pole eis, het Engeland besluit dat Duitsland besig is om die magsewewig in Europa te versteur. Hy het sy steun aan Pole beloof en toe die Duitsers Pole binneval, het Brittanje en Frankryk op 3 September 1939 vir Duitsland die oorlog aangesê.

Die Suid-Afrikaanse parlement moes op 2 September 1939 byeenkom om die Senaat se tyd, wat verstreke was, te verleng, toe die krisis in Europa bekend gemaak is. Maar almal was ‘n geruime tyd vantevore al bekommerd oor die plofbaarheid van die toestand. ‘n Dag of wat voordat generaal Hertzog vir hierdie spesiale sitting na Kaapstad sou vertrek, stap hy en sy seun Charles al geselsende met ‘n voetpaadjie wat deur soetdoringbome na die Generaal se huis lei, op sy plaas Waterval aan die Wilgerivier. Skrywer van hierdie werk was toentertyd ‘n jong onderwyser wat op die plaas by Charles en Belmont Hertzog loseer het. Toe hulle by my verbystap, het ek hulle gesprek gehoor:

“Vader, ek sê vir vader, generaal Smuts gaan ons verneuk.”

“Nee Charles, ek ken vir generaal Smuts. Hy sal by my staan.”

Maar Charles het sy stelling bly herhaal en generaal Hertzog het hom bly verseker dat hy volle vertroue het dat generaal Smuts hom sou ondersteun in wat hy van plan was om te doen en dit trouens ook gedoen het toe die parlement op 2 September byeengekom het. Hy het die parlement versoek om te besluit dat Suid-Afrika in die komende Europese stryd neutraal sou bly. Dr Malan het met sy Gesuiwerde Nasionale Party hom ondersteun, maar Smuts het hom teengestaan en met 80 stemme teen 67 gewen.

Generaal Hertzog was geskok oor Smuts se valsheid en verraad. Hy het besef dat hy na al die jare vir Smuts nog nie geken het nie, want ‘n jaar vantevore het hy ‘n stuk opgestel oor neutraliteit in geval van oorlog, wat deur Smuts goedgekeur is en daarom kon hy nie dink dat Smuts hom op die keper in die steek sou laat nie.

Generaal Hertzog het dieselfde aand die goewerneur-generaal versoek om die parlement te ontbind en ‘n verkiesing uit te skryf. Hy het geweier. Generaal Hertzog het toe as Eerste Minister bedank en sir Patrick Duncan het vir Smuts gevra om ‘n kabinet saam te stel. Hy het dit gedoen en Eerste Minister geword van die nuwe regering.

Platgeslaan, maar staan weer op

Daarna het Smuts ons land meedoënloos in die chaos en vlamme van die groot wêreldoorlog ingeslinger, terwyl die Afrikanervolk in sy verwarring tevergeefs na uitkoms gesmag het. Die volk het weer opnuut verdeel geraak. Daar het ‘n “Afrikanerparty” onder leiding van NC Havenga ontstaan en Oswald Pirow het “Die Nuwe Orde” gestig. Die “Ossewa-Brandwag” was ‘n kultuur-organisasie wat probeer het om Smuts se oorlogspoging te saboteer, maar later het dit ‘n onverkwiklike stryd teen die Herenigde Nasionale Party gevoer. Smuts het in 1943 by die stembus weer ‘n klinkende oorwinning behaal en het met groot daadkrag en vasberadenheid vir Engeland gehelp om die oorlog te voer. Hy is in die Britse leër as ‘n veldmaarskalk aangestel, want vir hom was dit gedurende hierdie oorlog “alles vir Engeland” en “niks vir Suid-Afrika nie”. Hy het die land uitgeput en in die skuld gedompel. Hy het blykbaar nie verwag dat die Afrikanervolk, aan wie hy eenmaal behoort het, hulle uiteindelik teen hom, sy verraad en sy oorlogsbeheptheid sou keer nie. Daarom het hy met groot skok drie jaar na die oorlog in April 1948 sy neerlaag in die algemene verkiesing beleef, toe die Herenigde Nasionale Party met die hulp van die Afrikanerparty hom by die stembus verslaan het en die regering van die land oorgeneem het.

Wat is apartheid?

Die Unie se groeiende rassevraagstuk of kleurprobleem het gedurende Smuts se SAP – regeringstyd kommerwekkende afmetings aangeneem.. Daarom het dr Malan die stryd in die verkiesing van 1948 aangeknoop met propagering van ‘n noukeurig uitgewerkte, weldeurdagte beleid van rasseskeiding of afsonderlike ontwikkeling of apartheid, wat hulle slagspreuk geword het. Die regering het dit spoedig na sy bewindsoorname deur wetgewing stap vir stap begin toepas, omdat dit die enigste werkbare maatreël is om in ‘n veelrassige land soos Suid-Afrika, rassesuiwerheid, vreedsame naasbestaan en ekonomiese vooruitgang te bewerkstellig en te handhaaf. Die Afrikanervolk het sedert sy wording ‘n natuurlike afkeer gehad in die kosmopolitiese vermenging wat die filantrope en liberaliste gepredik het en nie self toegepas het nie.

Dr Malan het na die oorwinning op 4 Junie 1848 in ‘n radiorede gesê apartheid beteken vir die nie-blanke die opbou van groter selfstandigheid en selfrespek, sowel as die verskaffing van ruimer geleentheid vir ontwikkeling, ooreenkomstig hulle aard en vatbaarheid. Met apartheid wou die regering die voortbestaan van die afsonderlike identiteit van elke ras in Suid-Afrika verseker. Blankes, Bantoes, Kleurlinge en Indiërs sou afsonderlik en naas mekaar geleentheid gegee word om te ontwikkel. In die uitvoering van hierdie beleid sou daarna gestreef word om ‘n eie nasionale bewussyn, selfrespek en ‘n onderlinge agting vir elke afsonderlike bevolkingsgroep aan te kweek en uit te bou.

Kom aan, daar’s ‘n stryd te stry, daar’s werk!

As Jan Celliers met hierdie mooi gedig die bittereinders na die Tweede Vryheidsoorlog wou aanmoedig om maar weer die hand aan die ploeg te slaan, kon dit net sowel ook as strydkreet

gedien het vir die Nasionale regerings van dr Malan, advokaat Strydom en dr Verwoerd, in hul toepassing en die uitvoering van die beleid van apartheid of afsonderlike ontwikkeling van die verskillende rasse in Suid-Afrika. Deur verskillende maatreëls en noodsaaklike wette en teen ontsaglike koste is die beleid stap vir stap met verloop van tyd uitgevoer, ten spyte van die mees verbete weerstand en kritiek van Suid-Afrika se talryke binnelandse vyande. Hulle geskree en valse bewerings dat die Nasionale regering die swartes in die uitvoering van sy beleid onderdruk, het die ore van 'n onkundige buiteland bereik en hom lustig laat saamsing in die vals liberalistiese en kommunistiese koor. Suid-Afrika, en by name die Afrikaner, is weer soos in die verlede, met groot venyn sleggemaak en daarvan beskuldig dat hy die Swartes veronreg, verslaaf en van alle menseregte ontsê.

Die Nasionale regering het hom nie van stryk laat bring nie en het met doelgerigtheid en vasberadenheid vanaf 1948 tot 1966 voortgegaan om vir die Swartes afsonderlike dorpe en stede op te rig en hulle reservate te omskep en te ontwikkel tot onafhanklike state. Geen ander land of nasie het nog ooit soveel goed gedoen aan 'n swart volk in Afrika as wat die miskende Afrikanervolk aan die swart stamme van Suid-Afrika gedoen het nie, maar ironies genoeg, word hy vandag nog valslik daarvan beskuldig dat hy hulle wreed onderdruk en veronreg het.

Die goue eeu

Met die suksesvolle toepassing en uitbouing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, het die teenkanting van veral die Engelse wêreld so heftig geword dat daar selfs gesê is dat Suid-Afrika die muishond van die wêreld geword het. Sy vyande kon dit blykbaar moeilik sluk dat die Afrikaner-

regering van krag tog krag voortgaan en besig was om die land op alle terreine van die samelewing op te bou. Die goue eeu van selfstandigheid en vryheid wat hom deur sy geskiedenis heen so dikwels ontwyk het en wat hy maar 'n kortstondige rukkie lank in die twee republieke gesmaak het, het in 1948 met dr Malan se bewindsaanvaarding aangebreek. Toe hy ses jaar daarna in 1954 op 80-jarige leeftyd die tuig neerlê, het hy gesê hy doen dit met die gelukkige wete dat hy sy volk kon dien en dat hy daarin geslaag het om die Afrikaners weer te verenig en dat die Here hom toegelaat het om dit te doen, want deur sy hele lewe heen het hy daarna gestreef om eenheid te bewerkstellig deur almal bymekaar te bring wat uit innerlike oortuiging by mekaar hoort.

Onder die bewind van advokaat J G Strydom, wat net vier jaar geduur het tot 1958 met sy dood, is die idealistiese beleid van afsonderlike ontwikkeling verder in die praktyk uitgebou. Daarmee het hy die voetstap van die volk al stewiger geplaas op die vryheidspad ter verwesenliking van die Afrikaner-ideaal in sy strewe na 'n onafhanklike republiek.

'n Staatsman van wêreldformaat, dr HF Verwoerd, het in 1958 vir Strydom opgevolg. Sy antwoord op die buiteland se besware teen Suid-Afrika se apartheidsbeleid, was telkens dat hulle hul tog nie oor ons hoef te bekommer nie, want ons is besig om ons sake te reël soos wat dit vir ons die beste pas.

Hy het in 1960 aangekondig dat die volk op 5 Oktober oor die instelling van 'n republiek gaan stem. Die uitslag daarvan was 850 458 JA-stemme, teenoor 775 878 NEE-stemme. Dit was asof vriend en vyand die groot meerderheid van 74 580 nie kon glo nie. Engeland en sy Statebond het sterk beswaar gemaak dat Suid-Afrika as lid van die Statebond 'n republiek

moes word, alhoewel een van die ander lede, naamlik Indië, self ‘n republiek is. Gevolglik het Suid-Afrika op 31 Mei 1961 ‘n republiek buite die Britse gemenebes van nasies geword. Die Afrikanerdom en elke ander inwoner van die Republiek van Suid-Afrika, was vryer as ooit, volkome onafhanklik en sonder ‘n sweem van enige verbintenis hoegenaamd meer met die Britse kroon.

‘n Nasionale kommentator het dit uitgejubel: “Generaal Hertzog het die republikeinse terrein voorberei, dr Malan het die fondamente gelê, meneer Strydom het die mure gebou en nou het dr Verwoerd die dak opgesit. Mag hy gespaar word om die hele gebou te voltooi en lank daarin te woon.”

Dit is hom nie gegun nie, maar Suid-Afrika het op alle gebiede floreer onder sy geniale bewind, tot wrewel van die parlementêre opposisie, die Engelse pers en die misleide en oningeligte buiteland en die Illuminati.

Die groot onsigbare spook

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, het die Engelse die Afrikaners nooit gegun om tot ‘n selfstandige volk te ontwikkel en op eie bodem hulself te regeer nie. Die mag wat die Engelse aangedryf het, was nie net Britse imperialisme en grondhonger nie, maar deels was hulle - en is nog steeds - die werktuie wat die *Illuminati* gebruik het om sy doel en strewe in suidelike Afrika te verwesenlik. Hy kan ook die groot internasionale geldmag genoem word, wat na ‘n *one world government* en ‘n nuwe wêreldorde streef. Sy anti-Christelike arms en werktuie wat hy inspan om in die verskillende lande van die wêreld sy doel te bereik, funksioneer hoofsaaklik in die Engelse wêreld. In Amerika is dit die *Central Intelligence Agency,* die *Council on Foreign Relations,* die multi-multi

miljoenêr Rockefeller, met sy *Trilateral Commission* en sy verbintenis met die *Bilderberger*-groep in Europa, waarvan prins Bernard van Holland op ‘n stadium voorsitter was. In Engeland is dit die *Royal Institude of International Affairs* en die *Round Table Groups.* In Suid-Afrika steek hy kopuit in die gedaante van die *South African Institude of Race Relations* en die *South African Institude of International Affairs* en die *South African Foundation* van die geldmagnaat Harry Oppenheimer.

Die Vrymesselary is een van die Illuminati se seekatarms en onder andere is twee van sy werksmetodes die liberalisme en die kommunisme. Sy lewensbloed is geld en sy strewe is om in alle lande deur middel van rewolusie en terrorisme, opstand teen die nasionale regerings te bewerkstellig, deur sistematiese en volgehoue leuenagtige breinspoeling van die bevolking, gevolg deur omkopery, verraad en moord op die leiers, totdat die regering tot ‘n val kom. Die Illuminati sorg dan dat die instansie wat oorneem, volslae manipuleerbaar is, sodat hierdie groot mag agter die skerms geen probleme ondervind om hul verdere oogmerke met die betrokke land te verwesenlik nie.

Die Illuminati is eintlik ‘n groot internasionale kliek van sakelui, politici en burokrate wat strewe na wêreldwye mag en na die voordeel wat dit vir hulle elkeen afsonderlik inhou. Hulle is internasionaal met mekaar verbind, soos die Rockefeller-familie met die Wartburgs en die Rothschilds, Harry Oppenheimer en Anton Rupert. Selfs die *Rotary,* die *Lions International* en die *Boy Scouts* is frontorganisasies wat daarna streef om die *Round Table*-groep se hoof-oogmerk van ‘n nie-rassige nuwe wêreldorde te verwesenlik.

Die frontorganisasies is wêreldwyd daarop uit om nasionale regerings se politici en burokrasieë om te haal en om

te koop om hulle bepaalde beleidsrigtings te versaak, die Illuminati s'n vir die land te aanvaar en dit te propageer en te bevorder, totdat hulle hul doel bereik. Dit is wat gebeur het met bekende Afrikaners in Suid-Afrika, soos John Vorster, Lang Hendrik van den Bergh, Anton Rupert, Nick Diederiks, Pik Botha, F W de Klerk, Wimpie de Klerk, Sampie Terreblanche en nog meer.

Verwoerd must go!

In suidelike Afrika het die Rockefeller-Rothschild-Oppenheimer-afdeling van die Illuminati daarna gestreef om vir hierdie deel van die wêreld 'n politieke unie in te stel met een geldstelsel en 'n ineengeskakelde ekonomie. Al die state in suidelike Afrika sou dan in een geïntegreerde politieke liggaam onder swart heerskappy geplaas word.

In Suid-Afrika was dr Verwoerd se Nasionale regering egter besig om in uitvoering van die apartheidsbeleid 'n politieke en ekonomiese orde in die suidelike halfrond te vestig. Hy was besig om blanke heerskappy te vestig, wat al sterk begin uitkring het na Suid-Wes-Afrika en selfs na Rhodesië. Die suksesvolle toepassing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling het al hoe groter inslag gevind en sy vyande se beleid van integrasie en rassevermenging al hoe powerder laat lyk.

Die Illuminati het hierdie sukses gesien as 'n stok in die wiel van hul eie planne. Die *South African Foundation* het vanaf sy stigting probeer om hom in die Suid-Afrikaanse politiek in te grawe, maar dr Verwoerd se sterk hand het hom daar uitgehou. Die geldmag het maar telkens met hul veroweringsplanne teen dr Verwoerd gestuit, wat verhoed het

dat hulle met hul geld die politieke mag in Suid-Afrika verower. Daarom was dr Verwoerd vir die Illuminati 'n groot bedreiging. Daarom het hulle besluit om hom uit die weg te ruim deur hom te vermoor.

Fyn deurdagte moordplanne en verraad

Vir die werktuie van die geldmag was dit nie moeilik om die misdadiger, Tsafendas, te werf, op te lei, te indoktrineer en teen betaling die moord te laat pleeg nie. Hulle moeiliker deel ter voorbereiding van die moord, was om te sorg dat nadat dr Verwoerd uit die weg geruim is, daar 'n persoon in sy plek sou kom wat hulle na hul sin kon gebruik om hulle planne uit te voer, anders sou 'n senior minister soos dr Albert Hertzog sy plek inneem en sy beleid voortsit. Daarom is eers op subtiele wyse 'n leuenveldtog teen dr Hertzog gevoer, ten einde sy goeie beeld af te takel. Hiermee was die "liberale Nattes" onder aanvoering van Piet Cillié van Die Burger hulle baie behulpsaam. Hulle moes egter ook die persoon vind wat dr Verwoerd as Eerste Minister sou opvolg, hom oplei en vir hom 'n naam bou wat hom aanneemlik sou maak vir die Nasionale Party-koukus om hom as nuwe leier te kies. Dit was John Vorster.

Waarvandaan het hy gekom?

Vorster se denke is reeds in sy studentejare deur professor Morty Malherbe na links gekrink. Hy het in 1936 'n Vrymesselaar geword en 'n verbintenis gehandhaaf met die *South African Institude of Race Relations.* Hy word in 1937 as polisie-agent gewerf om die Ossewa-Brandwag binne te dring. As "lid" van die OB, "verset" hy hom teen Smuts en word in 1942 gevang en geïnterneer. Julius Furst, Joe Slovo se skoonpa, het geweet Vorster is daar geplant en het hom elke

week in Koffiefontein besoek. Hy is in 1944 vrygelaat en toe die O B ontbind, het hy by Havenga se Afrikanerparty aangesluit. Toe dié party in 1947 met die N P saamsmelt, het Vorster as't ware by die agterdeur die N P binnegekom.. Hy is in 1953 as volksraadslid vir Nigel gekies. Vanaf 1958 het hy hom probeer voordoen as 'n ultra-regse, sodat dr Verwoerd hom as 'n adjunk-minister aangestel het. Hy het dr Verwoerd se vertroue gewen en Die Burger en Die Stem van die Argus-groep het by monde van Anton Rupert en Harry Oppenheimer subtiele reklame rondom sy politieke prestasies gemaak. Hy is in Augustus 1961 bevorder tot Minister van Justisie. Sy verbintenis met die *Central Intelligence Agency* het in Julie 1961 plaasgevind. Sy kontak met die Britse intelligensiediens, Mi6, bestaan sedert September 1962 en met die *S A Institude of International Affairs* ook vanaf 1962. Die jaar daarna maak hy kontak met die *Council on Foreign Relations.*

So speel Vorster vanaf 1961 'n dubbele rol. As Minister van Justisie in dr Verwoerd se kabinet, poseer hy as 'n kunsmatige regse ekstremis, maar agter die skerms werk hy as 'n linksgesinde en Illuminati-agent. As Minister van Justisie het hy só streng opgetree teen die terroriste en Kommuniste en ander vyande van Suid-Afrika dat hy die bewondering van die ander kabinetslede afgedwing het. Dr Verwoerd het hom volkome vertrou. Hy het naas die Eerste Minister feitlik die belangrikste man in die kabinet geword.

Die verraad word voltrek met vier dolksteke in die hart van die Afrikaner

Die Illuminati se plan om dr Verwoerd te vermoor was twee jaar voordat dit plaasgevind het, al agtermekaar. Hulle het op 27 Julie 1964 vir John Vorster by die moordkomplot

ingetrek. Daardie aand het Oppenheimer, Rupert, Quinton Whyte, die CFR- en CIA-agent, wat ook direkteur van die *S A Institude of Race Relations* was, by Oppenheimer se huis in Parktown, Johannesburg as Vrymesselaars bymekaar gekom en vir Vorster afgepers om by die komplot betrokke te raak. Hulle het aan hom die premierskap na dr Verwoerd se dood beloof en aan hom die bloudruk oorhandig van 'n meesterplan waarvolgens hy die land na dr Verwoerd se dood moes regeer.

'n Mi6-agent het op 9 Junie 1965 om halftien die aand in Kaapstad R5 000 aan Tsafendas betaal om die moord te pleeg. Hierdie noodlottige gebeurtenis het op 6 September 1966 in die Parlementshuis plaasgevind, toe Tsafendas net na middagete die vergadersaal binnegestap het en dr Verwoerd met vier noodlottige dolksteke vermoor het.

Die doodsklok lui oor apartheid

Die koukus van die Nasionale Party het vir John Vorster as die nuwe leier van die Party gekies en hy het Suid-Afrika se sewende Eerste Minister geword. Met sy diensaanvaarding het hy gesê: "My pad is die pad van Hendrik Verwoerd." Daarna het hy omgedraai en presies die teenoorgestelde pad geloop. In getroue uitvoering van die opdrag van die Illuminati, het hy mettertyd stuk vir stuk die apartheidstruktuur afgebreek en die wetgewing waarop die pilare daarvan gerus het, laat skraap. Die Nasionale Party het van beleid verander en nie meer daarna gestreef om Afrikanernasionalisme te handhaaf nie.

In die parlement het manne soos dr Albert Hertzog, Jaap Marais, Willie Marais en Louis Stoffberg beswaar gemaak teen die pad wat Vorster geloop het. Toe hulle uitgeskop is, het hulle die Herstigte Nasionale Party in die lewe geroep. Die HNP het as opposisie teen Vorster se liberale integrasie-beleid

'n opdraande stryd gevoer, want die Afrikanervolk het nog steeds geglo dat Vorster nie die pad van Suid-Afrika verlaat het nie. Die media-instellings van die magtige Illuminati het daarvoor gesorg. Die pers, radio en televisie se subtiele breinspoelingsprosesse en propaganda het hul tol geëis. By verkiesings waar die regering teengestaan is, is die HNP se leiers en kandidate met vrot eiers en tamaties gegooi en hul vergaderings opgebreek. Maar alle Afrikaners was nie blind nie. In die algemene verkiesing van 1981 het die HNP groot vordering gemaak. Alhoewel die party geen setel verower het nie, het die NP in al die plattelandse setels baie klein meerderhede oor die HNP behaal. Dit was duidelik dat hierdie party na 'n volgende verkiesing 'n sterk opposisie teen die regering sou uitmaak. Dit kon die CIA *(Central Intelligence Agency)* nie verdra nie, want dit kon hul reeds ver gevorderde planne van verowering van Suid-Afrika drasties in die wiele ry, veral as die HNP na nog 'n verdere verkiesing die regering oorneem. Daarom is die Konserwatiewe Party op 20 Maart 1982 gestig met die doel "*to provide a political balance as a result of the government changing its policy."* Die KP en die HNP kon mekaar in verkiesings nooit vind nie, en so is die regse stemme elke keer verdeel.

Dit het in die tyd van PW Botha plaasgevind. Hy het Vorster in Augustus 1978 opgevolg. PW Botha was gewillig om aan die druk van buite en binne toe te gee in 'n poging om iets vir die Kaapse Kleurlinge te doen. Hy het gemeen om met magsdeling deur middel van 'n driekamer parlement vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs die land se probleme op te los. Wat die Swartes betref, wou hy die bestaande stelsel van selfregerende gebiede handhaaf. Hy wou nie die mag uit blanke hande laat glip nie en die idee van een man een stem was nie vir hom aanvaarbaar nie. Maar hy het nie rekening

gehou met die groot aantal verraaiers wat lank reeds besig was om hul buitlandse base se bevele uit te voer nie. Hy het in die pad gestaan van daardie persone wat hulle dit ten doel gestel het om Suid-Afrika aan 'n swart meerderheidsregering te oorhandig. Hy het eers later ontdek dat hy deur 'n aantal Amerikaners omring was wat in die gedaante van Afrikaners oral in die Illuminati-strukture gedien het om Suid-Afrika aan 'n swart terroristiese bende oor te lewer. Die Amerikaanse CIA het in sy spioenasie-netwerk in Suid-Afrika nege agente op regeringsvlak gehad wat goed ingeweef was in die Afrikaner-Broederbond, die Nasionale Party en die Staatsveiligheidsraad. Dit was Pik Botha, Gerrit Viljoen, Owen Horwood, Alwyn Schlebusch, Barend du Plessis, FW de Klerk, Kobie Coetzee, Chris Heunis en Fanie Botha.

Omdat PW Botha aanvanklik onwillig was en later baie traag meegewerk het aan die Illuminati se beoogde politieke "hervorming" van die land, het hulle planne beraam om hom uit die weg te ruim.

Wie sit toe en wag om Suid-Afrika uit die hande van die Geldmag te ontvang?

Hierdie Swartmag, die *African National Congress,* is in 1912 gestig en sy militanter boetie, die *Pan Africanist Congress,* het later tot stand gekom. Die ANC het vir hom in 1961 'n militêre vleuel in die lewe geroep, genoem *Umkonto we Sizwe* (Spies van die volk) en die PAC s'n was *Poqo* (Suiwer). Poqo het net uit Swartes bestaan, 'n "suiwer" terroristiese organisasie wat alle Blankes wou doodmaak en beplan het om in 1963 die land oor te neem. Aan *Umkonto* het nie net Swartes nie, maar ook blanke en Indiër Kommuniste

behoort wat die Swartes ondersteun het en hulle veral op sabotasie toegespits het.

Die leidende persoon by *Umkonto* was Nelson Mandela en hulle hoofkantoor was op ‘n kleinhoewe naby Rivonia, ongeveer 20 kilometer van Johannesburg af. Mandela het in Januarie 1962 oor die grens na Betsjoeanaland (Botswana) geglip en in ‘n paar Afrika-lande gaan steun soek vir Umkonto se plan om die Republiek se regering omver te werp. Hy het ook gaan rekrute werf wat in guerrilla-oorlogvoering opgelei moes word.

Mandela was in Julie 1962 weer terug in Suid-Afrika. Onderwyl hy twee weke later in Natal doenig was, is hy gearresteer en aangekla dat hy swart werkers beïnvloed het om te staak en dat hy die land onwettig verlaat het. Hy is vyf jaar gevangenisstraf opgelê.

Die polisie het in Julie 1963 op Umkonto se nes by Rivonia toegeslaan en hom opgeruim. ‘n Paar van hulle het ontvlug. Onder die dokumente wat daar gevind is, was een van Mandela, “How tot be a good Communist” en “Operation Maye buye” (Operasie Teruggee, d.w.s. die teruggee van Afrika aan die Swartes. Daar is ook ‘n dagboek van Mandela gevind. Hy en sewe ander is lewenslange gevangenisstraf opgelê.)

Poqo het tot in Mei 1963 reeds 70 sabotasie-voorvalle gepleeg en ‘n paar Blankes en ‘n paar Swartes vermoor. Die polisie het daarin geslaag om hulle teen 1964 heeltemal op te ruim. Daar was toe reeds 3 246 Poqo’s gearresteer.

Die ANC was nooit meer as ‘n swak terroristiese bende, wat vanaf 1912 tot 1994 in sy ongeorganiseerde toestand enigsins in staat kon wees om die blanke regering van Suid-

Afrika omver te werp en die beheer oor te neem nie. Maar die klomp blanke verraaiers in diens van die Geldmag, het aanhoudend geskree: “Die hele wêreld is teen ons! Ons sal moet toegewings maak! Ons sal met die swart massas moet onderhandel en die mag met hulle deel!” Die liberale Engelse bevolking van die land het hulle volmondig gesteun en die volgehoue breinspoeling van die Illuminati, deur middel van sy magtige media, het op daardie stadium reeds duisende Afrikaners oorgehaal om die leuens te glo. ‘n Faktor wat tot hulle politieke blindheid bygedra het, was steeds die naïewe geloof dat so lank as wat die Nasionale Party aan bewind is, sal Vorster en PW Botha en later FW de Klerk nie ‘n fout maak nie. Dieselfde waandenke het in Louis Botha en Jan Smuts se tyd onder die Sappe gegeld. Hulle het geglo dat hulle twee Boere-generaals geen fout kon maak nie en het daarom geweier om by Hertzog se nuwe Nasionale Party aan te sluit.

Pik en De Klerk se aanslag teen P W Botha

Teen hierdie tyd het die Afrikaner-Broederbond al lankal ‘n spreekbuis vir die CIA geword en eers in die geheim en later openlik geagiteer vir die verwesenliking van ‘n swart meerderheidsregering vir Suid-Afrika. Die NG Kerk het apartheid tot sonde verklaar en vir die Swartes om verskoning gevra dat “hulle al die jare so onderdruk was.” Wimpie de Klerk, FW se ouboet, het almal wat wou oorgee aan die Swartes, die “Verligtes” genoem en dié wat nie wou nie, die “Verkramptes.” Daar het ‘n “Verligte Aksie” ontstaan, wat lustig deur die CIA gebruik is om sy doelstellings te help verwesenlik.

Gedurende die tagtigerjare het Pik Botha se Departement van Buitelandse Sake ‘n baie prominente rol gespeel. Pik het

sy Departement se skemas en mikpunte deur middel van die Staatsveiligheidsraad, wat met die Nasionale Intelligensiediens saamgesmelt het, uitgevoer. Buitelandse Sake was op ‘n sekere tydstip feitlik die regering van die land en Pik het al sy kragte ingespan om die Rockefeller-CIA-konneksie se bevele na te kom. Gedurende Vorster en PW Botha se regeringstydperke was Pik altyd die skaduwee aan hulle regterhand, maar toe PW Botha viervoet vassteek en weier om met die terroris Mandela in die tronk te praat, het sake tussen hulle begin skeefloop. Pik het op 6 Februarie 1986 in Kaapstad by ‘n media-konferensie gesê hy is gewillig om onder ‘n swart president te dien. PW Botha het hom daaroor in die parlement berispe. Die media en al die verraaiers het daaroor teen PW Botha gedraai en vir Pik ondersteun.

Die Illuminati (Rockefeller-CIA) het voor hierdie gebeurtenis reeds besluit dat minister FW de Klerk die volgende staatspresident moes wees, omdat PW Botha ‘n remskoen geword het aan die uitvoering van hul hervormingsplanne vir Suid-Afrika.

Intussen het individuele verraaiers kontak gemaak met verteenwoordigers van die ANC in Londen en met Mandela is male sonder tal gesprekke gevoer in die tronk. Hulle kon PW Botha nie oorreed om hierdie terroris te besoek en met hom gesprek te voer nie. Daar is ook druk op hom uitgeoefen om Mandela uit die tronk vry te laat. Selfs Margaret Thatcher van Engeland het geëis: “Mister Mandela must be released.”

PW Botha het naderhand geswig onder die druk wat so aanhoudend op hom toegepas is en het op 5 Julie 1989 in Tuynhuys ‘n geheime gesprek met Nelson Mandela gaan voer. Mandela het glo vir PW gevra om die “regses” voor te berei vir

die politieke oorgangsproses. PW het vir Mandela gesê hy sou hom kon vrylaat as hy geweld afsweer, maar die ou terroris het geweier. PW het toe besef dat as Mandela vrygelaat word, sou die ANC en die SAKP (SA Kommunistiese Party) ontban word en hy het nie daarvoor kans gesien nie.

‘n Paar maande voor hierdie gebeurtenis het PW Botha gesondheidsprobleme ondervind. Hy het ligte beroerte-aanvalle gekry en in die hospitaal beland. Pik Botha en Chris Heunis het hom gaan besoek en hom aangeraai om sy party-leierskap neer te lê, maar as staatspresident aan te bly. Hy het toe as leier bedank en ‘n nuwe een moes toe deur die koukus aangewys word. FW de Klerk is toe in Februarie 1989 as leier van die Nasionale Party gekies.

Advokaat PJ Pretorius skryf in sy boek *Volksverraad* op bladsy 289 as volg: “Pik Botha word toe as’t ware FW de Klerk se skadubeeld. Pik Botha het in ‘n groot mate FW de Klerk se “visie” gemanipuleer. PW was nog staatspresident, maar die antagonisme oor sy onversetlike houding teenoor die Kommunisme en Mandela se vrylating het hom al hoe meer onder druk geplaas en voortdurend spanning in die kabinet veroorsaak. Hy het nou feitlik man-alleen in die NP nog probeer weerstand bied teen die uitlewering van sy volk aan die barbarisme van Afrika, aan die verraderlike Kommunistiese ideologie, en ook man-alleen gestaan vir die behoud van ‘n kosbare kulturele erfenis wat oor ‘n tydperk van meer as drie eeue gevestig is.”

PW Botha het nou alleen gestaan in sy eie kabinet, wat onder invloed van FW de Klerk en Pik Botha, vyandiggesind teen hom geword het. Hulle het hom op 14 Augustus 1989 gevra om as staatshoof te bedank. Toe hy weier, het De Klerk

hom afgepers deur te dreig dat hulle sy lidmaatskap van die Nasionale Party sal opskort. PW het bedank en die volgende dag is FW de Klerk as staatspresident ingehuldig.

Die groot verraad word voltrek

In 1989 het die laaste algemene verkiesing van blank Suid-Afrika plaasgevind. De Klerk het ‘n meerderheid behaal en kon met sy afbreekwerk lustig voortgaan, met Pik Botha aan sy sy. Mandela en ander terroriste is in Februarie 1990 vrygelaat. Mandela is dadelik daarna as Vrymesselaar ingesweer. Die SAKP is na 30 jaar in ballingskap weer opnuut gestig. De Klerk en sy kabinet het op 4 Mei in Groote Schuur met Mandela onderhandel. ‘n Jaar daarna is alle oorblywende apartheidswetgewing geskrap.

Daar was natuurlik weerstand teen al hierdie maatreëls wat De Klerk en sy meelopers besig was om te tref. Die KP het geskeur want ‘n deel van hom wou nie met die vyand onderhandel nie. Op die platteland van Transvaal is ‘n BKA (Boere-Krisis-Aksie) gestig, as verset-arm teen De Klerk hulle se planne. Maar hy en sy trawante begin op 20 Desember 1991 met die ANC – SAKP in Kemptonpark onderhandel by die Konferensie vir ‘n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa). Inkatha, die Zoeloes se politieke party en Lukas Mangope van Bophuthatswana, wou nie aan die onderhandelings deelneem nie, maar later het Buthelezi van die Zoeloes dit wel gedoen en later het Ferdi Hartzenberg van die KP ook daaraan deelgeneem. Die Broederbond en Nasionale Intelligensie het probeer om alle regsgesindes by die onderhandelingsproses te betrek.

Die AWB, wat oorspronklik deur Nasionale Intelligensie gestig is om regse Afrikaners besig te hou met agitasie vir totstandkoming van ‘n volkstaat, se leier Eugene Terreblanche, het vir hulle ‘n verleentheid geword na sy Jani Allan-eskapade. Tienie Groenewald het NI versoek om Terreblanche as leier te ontslaan. Eugene het geweier om te gaan en met die AWB uit hulle mag weggebreek. Daarop het ses van die sewe stigterslede wat almal NI-agente was, bedank en die AWB op eie bene gelaat. Vanaf 1987 het die AWB opgebreek in die BBB (Boere-Bevrydingsbeweging), die BWB (Boere-Weerstandsbeweging) en die BSB (Boerestaatbeweging). Die verdeel en heers-beginsel was lustig aan die werk in Suid-Afrika en sou gedurende die volgende tien jaar met mening teen die Afrikanerdom ingespan word.

De Klerk het belowe dat hy nie enige konstitusionele veranderinge sal bewerkstellig sonder goedkeuring van die volk nie. Hy hou toe ‘n referendum op 17 Maart 1992 waar die kiesers ja of nee moes stem oor die vraag: “Ondersteun u voortsetting van die hervormingsproses wat die Staatspresident op 2 Februarie 1990 begin het en wat gerig is op ‘n nuwe grondwet deur onderhandeling?”

Al die media werk onverpoosd in sy guns en die JA-stem behaal ‘n groot meerderheid. Daarmee het die kiesers aan De Klerk gesê hy kan maar onderhandel, maar nie dat hy die land aan die terroriste kon oorgee nie. Hy het belowe om die Blankes weer te raadpleeg indien daar by die onderhandelingstafel ‘n besluit geneem sou word wat deur die volk goed- of afgekeur sou kon word. Hy het die Blankes oor en oor verseker dat hy hulle nooit in die steek sou laat nie en dat in die “Nuwe Suid-Afrika” wat hy van plan is om tot stand te bring, hulle verseker kan wees van die behoud van hulle eie

woonbuurtes, eie skole, eie geriewe en des meer. Daarom het die meerderheid hom vertrou en JA gestem.

Die De Klerk-regering het blykbaar gevrees dat daar 'n staatsgreep kon plaasvind wat die mag uit hul hande sou neem. Om die moontlikheid daarvan te verminder, is die weermag en die polisie baie verswak deur 'n groot groep offisiere wat sleutelfigure was, af te dank. Maar daarmee was die moontlikheid van 'n opstand vir De Klerk nog nie uit die weg geruim nie. Hy en sy trawante was bewus van die groeiende weerstand, veral onder die boeregeledere en het gevrees dat die volk onder leiding van die Boere Krisis Aksie met geweld teen hul planne in opstand sou kom. Hy wou dit ten alle koste verhoed, want dit sou sy verraderlike planne die nek ingeslaan het. Maar hy het hulp en ondersteuning ontvang van Frederick van Zyl-Slabbert, voormalige leier van die PF Party en stigter van die organisasie IDASA (Institude for Democratic Alternatives in SA).

Hierdie organsasie het sy onheilige werksaamhede met kapitaal uit die buiteland bedryf. Sy komplot teen die Afrikanervolk het in 1992 begin toe Ivor Jenkins vanuit IDASA die *Conservative Dialogue Programme* geloods het. Dit was om te verhoed dat De Klerk se onderhandelings met die ANC-SAKP in die wiele gery word deur Afrikaner-opposisie. Hulle wou persone en groepe aan die politieke regterkant kondisioneer en omhaal om aan die "vredesonderhandelings" met die ANC-SAKP deel te neem en hulle geweldsopsie te laat vaar. Die linkse Abraham Viljoen, tweelingbroer van Constand Viljoen, afgetrede hoof van die S A Weermag, het in uitvoering van hulle *CD Programme*, begin om namens Van Zyl-Slabbert en Alex Borraine se IDASA, gesprek te voer met K P-leiers, soos dr Hartzenberg en landbou-leiers soos Dries Bruwer van die TLV en dr Piet Gouws van die VLU. Hulle en

die KP moes oorreed word om aan die onderhandelings met die terroriste deel te neem, wat toe ook gebeur het.

Na De Klerk se "Rooi Vrydag"-toespraak van 2 Februarie 1990, het mnr Jaap Marais, leier van die Herstigte Nasionale Party, pogings aangewend om 'n verenigde front van weerstand teen De Klerk se verraderlike oorgeeplanne tot stand te bring, ten einde hom te stuit en te verhoed om voort te gaan. Marais sou kon slaag indien hy die samewerking van die KP kon verkry, wat egter botweg geweier is, want die KP het ander mikpunte nagestreef.

Wanneer 'n hond jou bestorm om jou te byt en jy betyds 'n aantreklike been om aan te kou na hom kon slinger, sal hy hom daarmee besig hou en jou nie verder lastig val nie, sodat jy ongestoord kan voortgaan om te doen wat jy beoog het. Dit het Jan Smuts gedurende die oorlogsjare met die OB gedoen, John Vorster met die AWB en PW Botha met die KP. Die stigting van die Afrikanervolksfront, wat in die linkse knoeikamers van die IDASA-komplot uitgebroei is, was die poging van die De Klerk-regering om opstandige Afrikaners deur hierdie foefie weg te lei en aan die fopspeen van 'n moontlike volkstaat te laat suig en hulle dan na die onderhandelingstafel te lok, waar hulle vir die Kommuniste asseblief hierdie volkstaat moet vra.

Om hierdie prentjie baie aantreklik te maak, sou daar vier generaals (afgetrede militariste) aan die hoof daarvan staan: Constand Viljoen, Tienie Groenewald, Bisschoff en Kobus Visser. Die inisiatief het van Tienie Groenewald, wat De Klerk se Rooi Vrydag-toespraak geskryf het, gekom. Hy was 'n betaalde agent vir die CIA, Afdeling Inligting en die NI (Nasionale Intelligensiediens). Hy het Constand Viljoen

gebruik om die BKA binne te dring en ‘n naamlys van hul lede te verkry. Groenewald wou hê die KP moet die AVF beheer en hom na die regering se onderhandelingspolitiek lei. Ferdi het dit probeer doen en homself al by voorbaat as die president van die voorgenome volkstaat benoem en vir Constand Viljoen as sy minister van verdediging!

Op 25 Junie 1993 hou die AVF ‘n protesoptog na die Wêreld-Handelsentrum, waar Kodesa se onderhandelings aan die gang was. Die AWB-magte het hier ‘n bietjie handuit geruk en die plek heeltemal oorgeneem. Dit het tot wrywing tussen Constand Viljoen en die AWB gelei.

‘n Deel van die verraderlike planne van die IDASA–komplot teen die Afrikanerdom was om vir generaal Constand Viljoen soos ‘n spioen die geledere van die BKA (Boere Krisis Aksie) te laat binnedring as hul sogenaamde leier. In hierdie hoedanigheid het hy kort-kort met “gewapende opstand” gedreig, met onsinnighede soos: “As daar nog één Blanke verder vermoor word, is daar oorlog!”

Om hierdie spel voort te sit, het die AVF (Afrikaner-volksfront) vanaf Julie 1993 tot Maart 1994 aanmekaar “gedreig” om met ‘n Afrikaner-volkstaat af te stig, met Constand Viljoen voordurend in die prentjie. Die AVF het op 29 Januarie 1994 in die Skilpadsaal van die Pretoriase skougronde ‘n onstuimige vergadering gehou, wat deur ‘n paar duisend opstandige Afrikaners bygewoon is. Constand Viljoen het ‘n toespraak voorgelees wat, net soos De Klerk s’n, deur Tienie Groenewald geskryf is. Toe Viljoen sê dat die volkstaat alleen verkry kon word deur met die ANC-SAKP te onderhandel, het die gehoor hom doodgeskree. Die dag daarna het hy op eie houtjie met die ANC gaan onderhandel.

Toegee, ingee, opgee, afgee, weggee, oorgee

Die onderhandelings het reeds al op 20 Desember 1991 begin by die Konvensie vir Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa) in Kemptonpark, onder toesig van die Nasionale Intelligensiediens. Dawie de Villiers het namens die Nasionale Party weer bely dat apartheid sonde is. Daar was 19 groepe teenwoordig. Tydens die eerste vergadering is daar ‘n Deklarasie van Voorneme goedgekeur: “*To bring about an undivided South Africa with one nation sharing a common citizenship, patriotism and loyalty, pursuing amid our diversity, freedom, equality and security for all irrespective of race, colour, sex or creed: a country free from apartheid or any other form of discrimination or domination."*

Roelf Meyer, De Klerk se verteenwoordiger by die Konvensie, het eenvoudig namens sy regering aan elke eis van die ANC toegegee. By die opstel van die nuwe grondwet is blank Suid-Afrika sonder slag of stoot aan die genade van die swart terroristiese ANC-bende en sy Kommunistiese meeloper oorgegee. De Klerk het skielik skoon vergeet dat hy aan die blanke volk belowe het om hulle weer te raadpleeg voordat enige Kodesa-besluit bekragtig sou word.

In April 1994 het daar toe ‘n algemene verkiesing plaasgevind wat die oordrag van regeringsmag aan die ANC-SAKP bewerkstellig het. De Klerk het gesorg vir die totale oorgawe van Suid-Afrika aan die barbaar en sy kommunistiese broer. Die buitelandse pers het gejuig: “Die Boerevolk is dood! Lank lewe Mandela se *democratic South Africa!”*

Kort daarna het De Klerk en Mandela elkeen die Nobel-prys ontvang vir die "vrede" wat hulle bewerkstellig het, want hulle het die Rockefeller-Rothschild-Oppenheimer-plan wat in 1960 opgestel is, suksesvol uitgevoer, blank Suid-Afrika vermoor en hom begrawe.

Die internasionale Geldmag het daarin geslaag om met die hulp van Afrikaner-verraaiers die Boerevolk se regmatige eiendom hom te ontneem, beslag te lê op sy ontsaglike minerale rykdomme en hom oor te lewer aan die genade van 'n swart barbaredom, wat deur Suid-Afrika se vyande geleer is om die blankes te haat. In 2005 is hulle al meer as tien jaar lank besig om alles wat die beskawing in hierdie mooi suidland in 3½ eeue opgebou het, te vernietig.

7
Agtergeblewenes of vooruitgeskowenes?

Om 'n beter begrip te vorm van die omvang van die ramp wat Suid-Afrika in 1994 getref het met sy oorgawe aan 'n swart ANC-SAKP-regering, is dit nodig om by 'n paar feitelike besonderhede stil te staan wat die oorsprong, aard en geskiedenis van die negroïede ras van Afrika betref. Dit openbaar die skrikwekkende toestand waarin die Illuminati se Rockefeller-Rothschild-Oppenheimer-afdeling met behulp van laakbare verraaiers die blankedom gedompel het, deur hulle te onderwerp aan die beheer van 'n heidense, barbaarse en wrede swart ras, wat boonop heeltemal onbekwaam is om 'n beskaafde eerste wêreldland te regeer en nou al tien jaar lank besig is om alles wat die Blankes in meer as drie eeue opgebou het, af te breek en te vernietig.

In hoofstukke 4 en 5 is reeds kennis gemaak met die Hottentotte, Boesmans en 'n paar Bantoestamme, wat invloed uitgeoefen het op die verloop van die geskiedenis van Suid-Afrika. Antropoloë beweer dat die oorsprong van hierdie swart negroïede ras êrens in die omgewing van die groot mere van midde-Afrika moes gewees het. Deur die eeue heen het hulle hoofsaaklik in twee rigtings versprei. Noordwaarts het dit gegaan tot in Abessinië en suidwaarts tot in Natal en die Kaapse oosgrens, waar die Blankes in 1779 die eerste keer met hulle gebots het. Die verhuising het hoofsaaklik in die oostelike dele van die groot kontinent plaasgevind omdat

Afrika se westelike deel maar droog en plek-plek woestynagtig is.

Die groep wat die vinnigste suidwaarts beweeg het, was die Kôsas, wat aan die Kaapse oosgrens soveel moeilikheid veroorsaak het. Vanaf 1779 tot 1834 is ses oorloë teen hulle gevoer, waardeur die grensboere soveel ontberings en verliese gely het weens die Engelse goewerneurs en filantrope se bevoordeling van die Swartes, dat hulle weggebreek het toe hulle dit nie meer kon uithou nie.

Die tiranne se moordtogte

Toe die Voortrekkers met hul kakebeenwaens deur die Vrystaatse vlaktes noordwaarts trek, het hulle duisende bleek geraamtes oral in die veld aangetref. Die hele gebied tot in Transvaal was feitlik geheel en al ontvolk. Die Swart stamme wat voor 1834 hier oral gewoon het, is met militêre mag en strooptogte uitgeroei deur tiranne soos Tsjaka, Silkaats en Dingaan. Daarom kon die Trekkers hierdie gebiede feitlik onbelemmerd in besit neem, sonder om enige Swart stam te veronreg. Maar in Natal was dit ‘n ander storie toe hulle teen die mag van die Zoeloekoning, Dingaan, gebots het.

Een van die baie stammetjies wat in die 18e eeu reeds tussen die Drakensberge en die see gewoon het, was die Mtetwas, onder aanvoering van Dingiswayo. Hy het vir hom ‘n sterk leërmag opgebou deur sy jongmanne te dissiplineer en goed te oefen. Daarna het hy die ander klein stammetjies begin aanval, verower en onder sy beheer gebring.

Een van Dingiswayo se jong offisiere se naam was Tsjaka. Hy was die enegte seun van die Zoeloe-stam se opperhoof, Sensangakona, wat vir Tsjaka en sy ma, Nnandi

weggejaag het. So het Tsjaka by Dingiswayo uitgekom en by hom aangesluit. Na Sensangakona se dood het Dingiswayo vir Tsjaka gehelp om die Zoeloe-stam met geweld te verower en hul opperhoof te word. Toe het hy net soos Dingiswayo begin om sy soldate af te rig en nuwe tegnieke in te voer, soos om die lang werpspies met die kort steekassegaai te vervang.

Naby Dingiswayo se Mtetwas het ‘n ander stam gewoon. Hulle is die Ndwandwes genoem, met Zwidwe as leier. Kort nadat Tsjaka hoof van die Zoeloes geword het, is Dingiswayo deur die Ndwandwes vermoor. Tsjaka was daaroor woedend. Hy verenig toe die Mtetwas met die Zoeloes en verslaan die Ndwandwes. Daarna pak hy al die stamme wat hy kon bykom. Hy wis hulle een na die ander uit en bou vir hom ‘n leërmag van oor die 50 000. Hy spaar net die seuns en meisies van die verowerde stamme, waarvan die oorblyfsels in alle rigtings wegvlug. Hy stuur sy impi’s al hoe verder weg en regeer naderhand oor ‘n gebied van meer as 500 000 vierkante kilometer.

Die oorblyfsels van sommige van die verowerde stamme is naderhand self omskep in plunderende hordes, wat hulle bure oorval en verwoesting saai. So het die Zoeloe-aanvalle op die binnelandse hoëveld, tussen die Drakensberge en die Kalahari, drie ander stamme aangevuur om self op moordtogte verwoesting te saai. Dit was die Mangwanes, die Hlubi en die Thloka. Hulle het die gevestigde bevolking verder uitgeroei. Die slagting het naderhand miljoene beloop. Die min oorlewendes het in ontoeganklike plekke skuiling gesoek, soos die Tswanas in die Kalahari-woestyn. Sommiges het so ver as tot in Malawi en Tanzanië gevlug.

Die Ngwane-stam wat uit Zoeloeland gedruk is, het in die bergagtige gebied van Swaziland skuiling gevind. In Lesotho het Mosjes die oorblyfsels van verskillende stamme in sy bergvesting versamel en hulle onder sy leiding as die Basoeto-volk verenig.

Een van Tsjaka se impi's is deur 'n baie bekwame generaal aangevoer. Sy naam was Mzilikazi, of kortweg deur die Boere Silkaats genoem. Tsjaka het hom in 1824 met 'n impi gestuur om in Noord-Natal 'n klein stammetjie te gaan opfrommel. Silkaats het dit gedoen en besluit om vir homself 'n deel van die gebuite vee te hou. Toe Tsjaka sy generaal se ontrouheid ontdek, stuur hy 'n impi uit om hom te gaan straf, maar die geslepe Silkaats het met al sy eie volgelinge voet in die wind geslaan en oor die Vaalrivier gevlug. So ver as wat hy gegaan het, het hy ander stamme geterroriseer en uitgemoor. Op hierdie pad van bloed het hy vir hom 'n groot volk gebou, genoem die Matabeles.

Hy het met sy Matabeles in Suidoos-Transvaal 'n skrikbewind gevoer, wat skaars oortref is deur Tsjaka en die Zoeloes in Natal. Tsjaka is deur sy halfbroer Dingaan vermoor. Hierdie nuwe leier van die Zoeloes het die genadelose uitmoording van die kleiner stamme voortgesit.

Nadat Hendrik Potgieter Silkaats verslaan het en hy na Rhodesië uitgewyk het en Andries Pretorius Dingaan se mag gebreek het, het die oorblyfsels van die verslane stammetjies weer oral uit hul skuilplekke tevoorskyn getree. Baie van hulle was verhonger en was genoodsaak om hulp te soek by die Voortrekkers, wat toe reeds die grootste deel van Natal, die Noord-Vrystaat en Sentraal-Transvaal in besit geneem het. Die Afrikaner-Trekkers het toe nie begin om hulle verder

sistematies uit te roei nie, maar om aan hulle werk te verskaf sodat hulle aan die lewe kon bly.

Hoe anders was hierdie optrede teenoor die Swartes van Suid-Afrika nie in vergelyking met die behandeling wat die inboorlinge van Amerika tydens die kolonisering van die eerste dertien kolonies van die *Engelse* setlaars ontvang het nie. Die koloniste het vyf sjielings ontvang vir elke kopvel van 'n Rooi-Indiaan, wat hulle by die *Scheriff* ingelewer het. So is hulle uitgeroei. In Australië vertel die *Engelse* wat hierdie kontinent beset het, dat die inboorlinge daar feitlik uitgesterf het, wat seker nie so maklik sou gebeur het indien hulle hierdie *aborigenes* nie met strignien vergiftig het nie.

Die hond byt die hand wat hom voed

Die oorblyfsels van die Swart stamme wat ontkom het aan die verdelging van die Matabeles en die Zoeloes, het gaandeweg weer gegroei en sommige van hulle het 'n gevaar vir die Trekkers geword. By Ohrigstad het die Bapedi- of Bakwenastam van Sekwati die veiligheid van die nedersetting bedreig. Ook die kapteins van drie kleiner stamme, Maleo, Manukozi en Rasithuu, het hulle stemme laat hoor, maar gelukkig vir die Trekkers was daar darem ook drie ander kapteins van stamme in die omgewing van Lydenburg wat hulle goedgesind was, naamlik Modjadji, Tjarie en Gananwa.

Nadat die Swazi's weer genoegaam herstel en gegroei het om hulle stem te laat hoor, het hulle kaptein, Rapoza, die Trekkers met rus gelaat en verkies om met Panda die Zoeloe-hoof, rusie te maak. In Noord-Transvaal het Makapan teen die Boere in opstand gekom. Kommandant Piet Potgieter het voor die bek van die grot waarin die Swartes weggekruip het, gesneuwel. Die jong Paul Kruger het sy lyk daar gaan optel en

weggedra onderwyl die koeëls om hom heen gefluit het. In 1875 was president Burgers van Transvaal genoodsaak om vir Sekoekoenie van Noord-Transvaal te gaan onderwerp toe hy te groot vir sy skoene geword het en teen die Republiek in opstand gekom het.

Die duiwelswerk van Engelse smouse en sendelinge

Al hierdie groeiende swart stamme in Transvaal en die Vrystaat en op die grense van die twee republieke was teen die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog redelik goed van wapens voorsien. Dit is aan hulle gelewer deur Engelse sendelinge wat onder hulle gewerk het en die baie Engelse smouse wat die swart gebiede gereeld met hul handelsware besoek het en gewere en ammunisie aan hulle verkoop en verruil het.

By Mafeking het die Engelse gesorg dat Linchwe, die Bagatla-kaptein, goed voorsien word met Martini Henri's en selfs met Lee Metfords. Hierdie Linchwe was die Boere eers goedgesind, maar Engelse agitators het hom en die ander kapteins langs die Republiek se wesgrens teen die Boere opgerui. Uiteindelik was dit nog net Botwing, hoof van die Gatsesibi-stam, wat die Boere goedgesind gebly het.

Hoe deeglik die Engelse daarin geslaag het om die Swartes teen die Boere op te maak, het in die nag van 25 November 1899 geblyk, toe ongeveer 4 000 gewapende Bagatlas van Linchwe, onder aanvoering van die Engelse offisier, kolonel Holdsworth, by Derdepoort aan die Transvaalse wesgrens, die klein Boerelaertjie aangeval het. Hulle het die nabygeleë woonhuise van die Republiek se polisie-beamptes wat daar gestasioneer was geplunder en 17 weerlose vroue en kinders die

volgende dag 60 kilometer ver in die bloedige hitte, sonder voedsel, kaalvoet aangejaag na hulle hoofstat Nochudi.

In Mafeking self het Baden-Powell, die Engelse aanvoerder van die beleërde troepe, die Barolongs van kaptein Montsioa en die Fingo's wat daar saam met die blankes beleër is, bewapen om teen die Boere te veg.

In 1910 het die moeilikheid wat elke provinsie met die Swartes ondervind het, die groot "naturelleprobleem" van die Unie van Suid-Afrika geword. Die SAP-regerings van generaals Botha en Smuts het daarmee geen raad geweet nie. Generaal Hertzog het in 1936 begin om 'n mate van skeiding tussen Blank en Swart te bewerkstellig deur die stigting van trustgebiede, wat na 1948 ontwikkel het in die "Bantoestans." Die enigste werkbare oplossing vir hierdie nasionale probleem is deur die regerings van dr Malan, advokaat Strydom en dr Verwoerd in praktyk gebring deur die toepassing van sosiale en gebiedskeiding tussen blank en gekleurd.

Die duiwelswerk van samesweerders en verraaiers

Die suksesvolle uitbouing van apartheid of afsonderlike ontwikkeling van die verskillende rasse in Suid-Afrika het die Engelse en Amerikaanse afdelings van die Illuminati erg ontstel. Hulle was desperaat, want indien apartheid in Suid-Afrika verder suksesvol deurgevoer sou word, sou hul geheime planne misluk en hulle geen beheer oor Suid-Afrika se ontsaglike minerale rykdomme bekom nie. Daarom het hulle dr Verwoerd vermoor en sy opvolgers sorgvuldig uitgesoek, omgekoop en voorgeskryf hoe hulle apartheid tot in die grond moet afbreek en hoe hulle 'n swart regering aan bewind moet stel, wat in sy onnosele onkunde presies moet doen wat die

Illuminati se Rockefeller-Rothschild-Oppenheimer-afdeling vir hom voorskryf. Die proses van hierdie verraad teen die Afrikanervolk en sy oorgawe aan ‘n terroristiese ANC-bende, het 28 jaar lank, vanaf 1966 tot 1994 geneem om te volvoer.

Agtergeblewenes... vooruitgeskowenes...

Tans word daar deur indoktrinasie en breinspoeling die Blanke in Suid-Afrika aanhoudend wysgemaak dat die Swartes deur eersgenoemde se “verdrukking” die “agtergeblewenes” gebly het, wat nou deur “regstellende aksie” vooruitgeskuif moet word, ten einde op gelyke vlak met die blankes te kan kompeteer. Dat dit nie moontlik is nie, kwel diegene wat dit propageer en probeer bewerkstellig, gladnie. Hulle vergeet gerieflikheidshalwe dat die negroïede ras honderde jare reeds langs die Afrikaanse ooskus met die Westerse beskawing in aanraking was en bitter min daarby gebaat het. Op tegnologiese gebied bestaan daar geen uitvinding of ontdekking wat aan hulle vernuf of ondernemingsgees toegeskryf kan word nie. ‘n Paar osse wat ‘n slee trek, is goed genoeg. Hulle is inderdaad weens hulle onvermoë die agtergeblewenes, want blanke bemoeienis en pogings om hulle die vooruitgeskowenes te maak, kon nog nooit slaag nie. In Suid-Afrika het die blanke bewind alles moontlik gedoen om hulle op te hef, te beskaaf, geletterd te kry en selfonderhoudend te laat ontwikkel, maar hulle het die agtergeblewenes gebly omdat hulle nie in staat is om die peil van die Witman te bereik nie, ten spyte van hulle voortdurende vooruitgeskowenheid. Hulle wil graag soos die Witman wees, maar hulle weet dat hulle nie daartoe in staat is nie en daarom haat hulle hom so.

Die kultuurverskille en leefwyse van wit teenoor swart, is so groot dat die liberalistiese integrasieskeeuers nooit daarin sal

slaag om hulle ideaal van die ontwikkeling van ‘n “reënboognasie” in Suid-Afrika te bewerkstellig nie. Die reënboog bevat in elk geval nie die twee kleure wit en swart nie.

Die Swartes se reeds jarelange kontak met die Blankes het hulle in hul natuurlike lewenswyse en stamgebruike nadelig ontwrig. Daar vind feilik nie meer huwelike onder hulle plaas volgens hulle ou lobola-stelsel nie. Indien daar wel ‘n wettige huwelik gesluit word, is die bruidegom geregtig om sommer ook by al die ander vroue in die familiegroep te slaap. Dit gee aanleiding tot veelwywery en menigvuldige onegte geboortes. Elke swart vrou het gewoonlik drie, vier of meer kinders wat deur die ouma tuis opgepas moet word onderwyl die ma werk. Daardie kinders het elkeen 'n ander pa wat hulle nie ken nie.

Dis in die aard van die Swartes om nooit vir toekomstige behoeftes of gebeurlikhede te beplan of voorsiening te maak nie. Sy maandelikse loon bestee hy alles binne ‘n dag of twee en gaan staan dan bakhandjie voor sy blanke werkgewer om geld te “leen” wat hy nooit van plan is om terug te betaal nie, óf hy verwag dat hy verder gratis aan die lewe gehou moet word. Dieselfde mentaliteit geld in al die Afrika-state, waar die Weste al soveel triljoene aan voedsel en geld nodeloos ingepomp het. Hulle dink dis die “ryk” wit lande se plig om hulle finansieel aan die gang te hou en wend geen poging aan om tot selfonderhoud te ontwikkel nie en bekommer hulle ook geen duit daaroor nie. Daar is van hulle wat sê dat die Westerse lande met hulle kolonisering van Afrika, sy rykdomme leeg getap het en daarom verplig is om nou die swart state volledig te onderhou.

Wanneer die “ryk” Weste dan die “arm” Afrika-land met geld en voedsel voorsien in ‘n poging om sy sterwende honger bevolking te red, neem die magtige potentaat wat daar regeer, soveel van hierdie gawes wat hy kan verorber vir homself, koop vir hom ‘n vloot luukse motors en ‘n goue bed en gee nie ‘n flenter om of sy lydende onderdane almal omkom nie.

In Suid-Afrika het die meeste Swartes nog steeds geen begrip van wat “myne” en “joue” beteken nie. Wanneer hy iets sien wat hy begeer, “neem” hy dit eenvoudig en kan nie begryp dat die Blankes dit as misdaad en diefstal beskou nie. Hierdie karaktertrek van hulle was in die 19e eeu feitlik die hoofoorsaak van al die grensoorloë. Die Kôsas het met begerige oë na die grensboere se veestapels gekyk en dit deur middel van strooptogte oor die grens, vir hulle self gaan haal.

Wreedheid teenoor diere kom algemeen voor en selfs teenoor hul eie mense word meesal maar min simpatie en jammerhartigheid betoon. Die voortbestaan van die sterke, soos dit in die diereryk geld, bly maar die grondwet van Afrika. Mag is reg en die swakkere moet voor die sterkere wyk. Aan die Kaapse Oosgrens het hulle die Engelse goewerneurs se gepaaiery en presentjie-uitdelery as swakheid en bangheid beskou en daarom elke keer met groot vertoon maar weer oor die grens gestorm op hulle plundertogte.

Die Swartes het ‘n groot voorliefde vir betogings. Vir die minste aangeleentheid of minderwaardige ou griefie, drom almal in die strate saam om te “toi-toi.” Hulle geniet die gesellige aard daarvan, want dit ontaard in ‘n vrolike gejubel op maat van danspassies. Almal wat toestroom om daaraan deel te neem, weet later nie meer waaroor die “betoging” eintlik gaan nie, maar doen net mee vir die genot wat hulle daaruit put. Maar die jonges in die groep neem dan hulle kans waar om met

klipgooiery die winkelvensters in die omgewing te verpletter en die inhoud te stroop.

Die Amerikaanse Illuminati en al sy medewerkers in Suid-Afrika, die liberaliste, die Kommuniste, die Afrikaner-verraaiers, die integrasie- en reënboognasie-skreeuers weet baie goed dat dit onmoontlik is om hierdie halfbarbaarse Negroïede ras met die Blankes te assimuleer, sonder dat die Blankes nie ondergaan en totaal uitgewis word nie. Maar om Suid-Afrika se ontsaglike bodemrykdomme te kan beheer, het hierdie verraad teen die Blankes, en veral teen die Afrikaners, plaasgevind en is hulle onderwerp aan ‘n swart terroristiese regering wat in staat is om die Blankes uit te wis, maar tog maklik deur die groot geldmag beheer en gemanipuleer kan word. Die uitvoering van hierdie tweeledige proses het in 1994 ‘n aanvang geneem en het in die jaar 2005 al ver gevorder.

8
Quo vadis, Suid-Afrika?

'n Nuwe besem vee skoon

Die oorhandiging van die regering van die Republiek van Suid-Afrika in 1994 aan die swart magte van die *African National Congress* en die *South African Communist Party* het met groot vertoon en gejubel plaasgevind. Aan dié terroristiese organisasie, wat in 1912 gestig is en nooit in staat kon wees em enige blanke regering in Suid-Afrika omver te werp nie, is hierdie vooruitstrewende eerste wêreldland sonder slag of stoot oorhandig, om met hom te doen wat die Kommuniste in al die lande wat hulle "verower" het, gedoen het: Hy moet stap vir stap tot in die grond afgebreek word.

Nelson Mandela is as president ingesweer en FW de Klerk as visé-president, want aan die begin was dit nog 'n sogenaamde regering van nasionale eenheid wat oorgeneem het, met 'n paar Blankes van die kwynende Nasionale Party as deel van die regering.

De Klerk en Mandela is in die buiteland as helde vereer en die Nobel-prys, sogenaamd vir vrede, is aan hulle albei toegeken. Mandela het uit die staanspoor uit begin om in die buiteland rond te reis om al die verering wat op hom gewag het, te ontvang en te geniet.

In die Parlement word 'n paar klein partytjies elkeen deur 'n paar lede verteenwoordig. Die Demokratiese Party van Tony Leon vorm die amptelike opposisie. Die lede van die klein partye is maar net daar omdat dit vir hulle baie voordelig is om op die soustrein te ry. Hulle kan tog absoluut geen invloed op die magtige ANC-besluite uitoefen nie.

Die KP, wat so 'n dubbele rol sedert sy stigting gespeel het, het in die *New South Africa* nie meer nut vir sy voortbestaan gesien nie en het ontbind. Ook die Nasionale Party, wat tot 1966 die politieke tuiste van alle Afrikaners was, het die kreeftegang gegaan en het uiteindelik 'n roemlose dood gesterf. Die enigste party wat al die politieke terugslae oorleef het, omdat dit op Afrikanernasionalisme as grondslag gebou is, is die Herstigte Nasionale Party, wat egter nie aan hierdie onwettige regeringsbestel van die ANC deelneem nie, maar dit van buite die parlement beveg.

Alhoewel die Jood, Tony Leon, se DP, wat uit die ou Progressiewe Party van Helen Susman ontwikkel het, die sterkste opposisieparty teen die ANC-SAKP is, kan dit die regering hoegenaamd nie stuit om enige maatreël deur te voer of besluite te neem nie, weens die groot getalsoorwig waaroor laasgenoemde in die Parlement beskik. Buitendien besit die DP ook geen morele reg om die regering wat hulle gehelp het om tot stand te kom, teë te gaan nie. Aanvanklik het 'n swart party, die Inkatha van die Zoeloes, probeer om die ANC te opponeer, maar hul leier, Mangusotho Butelezi, is deur die ANC omgekoop met 'n ministerspos in die kabinet van Mandela, en nou werk die Zoeloes mooi saam met hulle tradisionele vyand, die Kôsas.

Toe gaan dit nie meer so rooskleurig nie

Na elke verkiesing wat plaasgevind het, het die ANC-meerderheid in die parlement nog groter geword, want swart kiesers word vooraf geïntimideer en bedreig en onder die indruk gebring dat daar nagegaan kan word vir wie hulle gestem het. Eintlik is die verkiesings ‘n klug, weens al die onreëlmatighede wat daarby plaasvind, soos stembusse wat verdwyn en weer verskyn. By die laaste verkiesing is ‘n paar miljoen stemme uitgebring deur kiesers wat nie bestaan nie. Die regering het egter verklaar dat die verkiesing vry en regverdig was.

Die regering het deur wetgewing die beheer oor alle plaaslike besture oorgeneem. Baie van die munisipaliteite wat finansieel sterk gestaan het, is nou feitlik insolvent, met ‘n skuldelas wat maandeliks groei. Onoordeelkundige en onverantwoordelike toekenning van werkskontrakte en wanbetaling van munisipale rekeninge deur inwoners van die swart gebiede wat by dié van die Blankes gevoeg word, as ook wanbesteding van fondse en korrupsie, het baie munisipaliteite al tot op die rantjie van bankrotskap gevoer.

As hulle ‘n projek aanpak en daarvan ‘n mislukking maak, gee hulle apartheid die skuld daarvan. Indien ‘n Blanke veronreg word en hy daarteen beswaar maak, word hy onmiddellik uitgekryt vir ‘n rassis. Hulle beroem hulle op die toepassing van sogenaamde “menseregte”, maar dit geld net vir Swartes. Blankes het nie menseregte nie.

Die ANC-regering was van die begin af daarop toegespits om die “people”, wat dan nou die “agtergeblewenes” sou wees, deur middel van “regstellende aksie” te probeer op een vlak

met die Blankes bring. Die praktiese toepassing bestaan uit die afdanking van bekwame en goed gekwalifiseerde Blankes, veral in sleutelposte in die staatsdiens, en die aanstelling van ongekwalifiseerde, onkundige en onbekwame Swartes in hul plek. Die effektiewe funksionering van alle staatsdepartemente het reeds drasties gedaal. Suid-Afrika het reeds van ‘n eerste tot ‘n derde wêreldland teruggesak, want hulle is nie net alleen onbekwaam om die werk te doen nie, maar is ook ooglopend lui, kom laat by die werk aangedrentel en werk teen ‘n vertraagde tempo, wat “Afrika-tyd” genoem word.

Die vernederende Tutu-verhore

Kort nadat die ANC-SAKP-regering oorgeneem het, het hulle ‘n soort hof ingestel waar blanke leiersfigure wat sogenaamd die “sonde van apartheid” bedryf het, moes verskyn, om te kom bieg voor die twee “regters”, Desmond Tutu, die Afrikanerhater en die liberalis, Alex Bourraine. Hulle moes dan nederig aansoek doen om amnestie, ten einde seker te maak dat hulle nie vir hulle “misdrywe” vervolg sou word nie. Blykbaar het die ANC beoog om met hierdie instelling die Neurenberg-verhore in Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog na te aap.

Vermoording van die blanke onderwys

Die provinsiale skole in Suid-Afrika het tot in 1994, benewens hul hoë standaard van onderrig, ‘n suiwer Christelik-nasionale karakter openbaar. In die jaar 2005 is dit alles tot niet. Afrikaanse skole word verplig om swart leerlinge toe te laat, waarna geëis word dat hulle onderrig deur medium van Engels moet ontvang. In baie gevalle hou swart onderwysers reeds vir blanke kinders skool. Die Christelike godsdiens is nog nie op die skole verbied nie, maar die kinders moet reeds

van alle ander godsdienste leer en dan besluit watter een daarvan hulle wil beoefen. Die leergange is reeds drasties verander. ‘n Afrikanerkind sal beslis nou leer dat Piet Retief ‘n skurk was en Dingaan ‘n wonderlike held. Die owerheid probeer allerhande uitgediende Amerikaanse stelsels toepas, met min sukses. Vir hulle is dit hoofsaak dat geen kind ooit weer moet druip nie. Dit verseker dat elke swart leerling wat nie die pas teen blanke leerlinge kan volhou nie, outomaties na ‘n hoër graad of standerd oorgeplaas word. Gevolglik is die standaard van onderwys besig om geweldig te daal.

Hierdie kommervolle toestande heers ook reeds in Suid-Afrika se universiteite, waar die honderde swart studente wat op hulle toegesak het, nie die mas kan opkom nie en ook nie hulle klasgelde betaal nie.

Suid-Afrika is versnipper

In uitvoering van die Kommunistiese regering se mania om by hulle oorname alles wat Blankes tot stand gebring het, te vernietig, het hulle Suid-Afrika in nege provinsies opgedeel. Die woord “Transvaal” herinner hulle te veel aan die Afrikaner-pioniers wat hom “makgemaak” het. Daarom moes hierdie woord verban word en die provinsie in vier gebiede versnipper word. Dit het nie daarby gebly nie. ‘n Hele paar dorpe, waarvan die Afrikaanse name hulle gehinder het, het reeds ander onwelluidende swart name ontvang, soos Polokwani vir Pietersburg. Tans (2005) is hulle besig om ten spyte van sterk beswaar en weerstand, Pretoria se naam te verander na Tswane. Baie hoofpaaie in die land se name is reeds verander na dié van ANC-leiers. Selfs hospitale en lughawens het ander name gekry. Hulle doen dit ongeag die groot administratiewe kostes wat met sulke naamsveranderings gepaard gaan.

Suid-Afrika word die misdaad-mekka van die wêreld

Met die oorname van die ANC-bewind het daar uit die buiteland duisende Swartes met vliegtuie geland. Daar is verklaar dat hulle almal uitgewekenes was wat aan die “struggle” deelgeneem het en landuit moes vlug om nie in die hande van die apartheidregering te val nie. Hulle keer dan nou terug na Suid-Afrika om die “uhuro” saam met die ander “people” te vier. Die meeste van hulle het uit Afrika self gekom en was nog nooit in Suid-Afrika nie en kon nooit aan die sogenaamde “struggle” deelgeneem het nie. Hulle het gekom om te bly, was werkloos en moes eet. Daarna het ‘n golf van misdaad Suid-Afrika getref. Inbrake, diefstal, kapings van voertuie en moorde was aan die orde van die dag en duur tot op datum nog steeds lustig voort. Die polisie, wat hoofsaaklik uit Swartes bestaan, is onmagtig en blykbaar onwillig om die groot misdaadprobleem aan te pak en hok te slaan.

Die misdadigers se skrikbewind het spoedig na die plase uitgebrei. Hulle het begin om feitlik met vaste reëlmaat gesinne op die plase te vermoor. Die moordenaars word selde gevang. Die polisie-ondersoeke daarna wek die indruk dat daar geen erns gemaak word om die moordenaars aan die man te bring nie.

Onthutste Blankes in die land vra lank reeds die vraag of die vermoording van die boere op die plase nie deel is van ‘n strategie om alle Blankes op die plase te verwyder en die landbou te verongeluk, soos wat Mugabe in Zimbabwe gedoen het nie. Die boere is reeds onderwerp aan allerhande irriterende wette oor die behandeling van hul plaasarbeiders. Hulle is tans ook besig om grondbelasting op plase in te stel.

Jy mag maar steel; dis nie verkeerd nie

Die een na die ander verstommende onreëlmatigheid vind in die staatsdepartemente en in die private sektor plaas. Amptenare in bevoorregte posisies steel en verduister letterlik miljoene rand. Wanneer dit ontdek word en hulle voor die gereg verskyn, word hulle óf vrygespreek óf ‘n baie ligte straf opgelê. Alan Boesak, ‘n vroeëre leier van die Kleurlingkerk, het vir die diefstal van baie duisende rande maar ‘n kort rukkie in die tronk deurgebring en na sy ontslag is hy maar weer in dieselfde kerk as predikant bevestig. Jacob Zuma, die adjunk-president van die ANC-regime, is vir sy verduistering van miljoene, darem deur die president, Thabo Mbeki, uit sy pos onthef, maar die voorval het tot Zuma se populariteit bygedra, sodat hy nou as ‘n held vereer word.

Korrupsie kom al hoe meer voor waar hooggeplaaste amptenare, soos ministers en hoofde van departemente, reuse somme omkoopgeld ontvang van instansies wat daarmee wil verseker dat die uitvoering van sekere staatskontrakte aan hulle firmas toegeken word.

Een voorbeeld daarvan is die veelbesproke wapenskandaal. Die regering het vir miljoene rand in Frankryk wapens aangekoop van ‘n firma wat “onder die tafel deur” ‘n groot bedrag betaal het aan die persoon of persone wat gemagtig was om die koop namens die staat deur te voer. Die betrokke firma het met hierdie omkopery verseker dat hul tender aanvaar sou word.

Die Blankes het baie geld wat ons kan mors

Hierdie waan waaronder die ANC-SAKP-regering blykbaar verkeer, stuur af op ‘n groot katastrofe indien hulle nie

ophou om staatsgeld op roekelose wyse te verkwis nie. Elke minister ry met een of meer van die duurste motors wat verkrygbaar is, op staatskoste rond. Duur onthale wat net ‘n ryk koning kan bekostig, is aan die orde van die dag. Die president, Thabo Mbeki, Mandela se opvolger, jakker die hele wêreld rond in ‘n vliegtuig wat R700 miljoen gekos het om volgens sy smaak in te rig. Hy ry daarmee in groot weelde oorsee en van die een na die ander Afrika-staat, waar hy as vredemaker en raadgewer probeer optree, in plaas van om aandag te gee aan die oplossing van die probleme wat sy regering vir Suid-Afrika skep. Mbeki se vliegkoste beloop ongeveer R24 miljoen per jaar. Hy gaan sy amptelike woning vanjaar (2005) laat opknap teen R14 miljoen. Tydens ‘n besoek aan België, Nederland en Straatsburg, het Mbeki en sy ministers R130 000 se kos opgeëet. Hulle verblyfkoste het R400 000 beloop.

Mbeki idealiseer blykbaar om leier van Afrika te word, maar kom in hierdie strewe van hom as opponent te staan teenoor Gadaffi van Libië, wat dieselfde ideaal nastreef.

Waarheen lei sulke swak en korruptiewe bestuur ?

Die onoordeelkundige besteding van staatsgeld en die gebrekkige beheer en wanbestuur van nasionale instellings soos die SABS, die WNNR en YSKOR is besig om hierdie volksbates te gronde te rig. Dit pla die owerheid blykbaar nie; ook nie hul gebrekkige beheer en powere onderhoud van die staatshospitale nie. Die toestande wat daar heers, is skrikwekkend onhigiënies en vuil en daar is ‘n kroniese gebrek aan noodsaalike mediese toerusting. Die hospitale word al meer gevul met swart vigs-pasiënte. Die mediese verenigings word gedwing om sulke lyers as lede te aanvaar, met die gevolg

dat hulle hul ledegeld moet verhoog en hul mediese voordele aan lede moet beperk, ten einde die mas op te kom. Die prys wat apteke vir voorgeskrewe medisyne mag vra, is ingekort. Die staat-subsidies aan inrigtings soos ouetehuise is reeds drasties verminder en loop gevaar om heeltemal opgeskort te word.

Die Swart beheer oor sport in Suid-Afrika het met sy gedwonge kwotastelsel en ander beperkende maatreëls reeds 'n smorende effek op die beoefening daarvan uitgeoefen. Krieket en rugby ly die swaarste daaronder. 'n Springbok-rugbyspan wat saamgestel is uit 10 blanke en 5 swart spelers, het geen hoop om internasionaal suksesvol mee te ding nie. En watter regverdiging kan aangevoer word vir die feit dat swart oortreders van verkeersreëls op die paaie net R10 boetegeld betaal, terwyl Blankes vir honderde rande aangeskryf word?

Die ANC-SAKP-alliansie weet hulle regeer onwettig en dat baie Blankes hul gesag nie erken nie. Hulle was van die begin van hul magsoorname af bang vir 'n gewapende opstand en het daarom 'n vuurwapenwet opgestel wat eienaars beperk tot die besit van net twee wapens, waarvan die lisensies jaarliks hernu moet word teen astronomiese bedrae. Dieselfde ding het hulle met die uitreiking van motorbestuurderslisensies gedoen. Alle motoriste moes teen groot onkoste weer opnuut lisensies uitneem, wat na vyf jaar weer hernu moet word.

Hulle loop en roem en juig oor die afgelope elf jaar van sogenaamde *d a m ô k r a s i e.* Baie min van hulle weet wat die woord beteken en reken dat dit die teenoorgestelde van apartheid moet wees. Die demokrasie waarop hulle roem, is in elk geval geen volksregering nie, maar die dwingelandy van 'n groepie despote, wat besig is om hulself te verryk op onkoste

van die Blankes, sonder dat hulle 'n snars omgee vir die welsyn van die "people." Nie een van hulle is meer vry as wat hulle onder blanke bewind was nie. Baie van hulle besef dit. Werkloosheid is besig om vinnig toe te neem en daarmee saam styg die misdaadsyfer.

Intussen is hulle regering besig om een na die ander wet te maak en maatreëls te tref wat die Blankes in Suid-Afrika moet onderploeg. Hulle is tans besig om die *Freedom Charter,* wat die bloudruk vorm van 'n kommunistiese bewind, ewe ongeërg in Suid-Afrika in te voer. En dan is daar werklik nog Blankes in die land wat beweer dat Kommunisme dood is.

Wat wag vir Suid-Afrika ? Dit is duidelik dat die maghebbers heeltemal onbekwaam is om die land te regeer en na alle waarskynlikheid binne afsienbare tyd sal inmekaarstort. Kenners voorspel dat dit met geweld sal gepaard gaan, wat sal oorspoel na die Blankes toe en dat daar dan 'n geleentheid sal aanbreek om die land weer vir die Blankes terug te vat.

Dit kan alleen gebeur as elke Blanke in die land hom voor God verootmoedig, want Hy het beloof dat as sy volk berou toon oor hul ongeregtigheid, sal Hy uit die hemel hoor, hulle sonde vergewe en hul land genees.

II Kronieke 7 : 14.

9
Epiloog

Die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk strek oor drie eeue, wat deurgaans deur ’n oorlewingstryd gekenmerk is. Gedurende die 18e eeu was dit teen die onregverdige verwaarlosing en verdrukking van die Nederlandse handelsmaatskappy. In die 19e eeu was dit teen die onreg van die Britse veroweraar, wat hulle geen bestaansreg wou gun nie en hulle wou uitwis. In die 20e eeu was dit die laakbare verraad van ‘n aantal volksgenote wat omgekoop is om gemene saak met die vyand te maak. Die Afrikanervolk verkeer tans onder die hiel van ‘n swart terroristiese bende en sy internasionale vyande heers oor hom.

In 1949 het dr DF Malan by die inwyding van die Voortrekkermonument die volk gewaarsku teen die moontlikheid dat so ’n ramp hom kan tref as hy die Voortrekkergees verloën en saam met ‘n uiterlik beskaafde heidendom in semi-barbarisme versink, wat deur bloedvermenging tot die disintegrasie van die blanke ras sal lei. Hy het gesê indien dit ooit sou gebeur, staan dan stil en draai terug na die volk se hoogste ideale, na die volk se Christelike wandel en geloof en na sy kerk en sy God.

Dit het nou gebeur waarteen hy gewaarsku het. Suid-Afrika het die verfoeilike liberalisme en selfs die duiwelse Kommunisme omarm en ly reeds bitterlik daaronder. Quo vadis, Suid-Afrika ? Waarheen is jy op pad ?

10
Naskrif

Die Afrikanervolk het reeds drie keer in sy geskiedenis sy vryheid verloor. Toe dit die eerste keer gebeur het met die anneksasie van Transvaal deur Shepstone, het hulle hul vry geveg en na die slag van Amajuba in 1881 weer hul vryheid herwin. Die tweede keer is hul onafhanklikheid van hul ontneem by die Vrede van Vereeniging, na beëindiging van die Tweede Vryheidsoorlog. Maar 60 jaar daarna was hulle weer volkome vry in die onafhanklike Republiek van Suid-Afrika. Die derde keer het in 1994 plaasgevind toe ‘n swak terroristiese bende, die ANC, met behulp van laakbare verraaiers in die geledere van die volk, sy vryheid weer ‘n derde keer van hom ontneem het.

Wat wag daar verder in die toekoms op die Afrikanervolk? Sal hy ook weer ‘n derde keer daarin slaag om sy duurverworwe vryheid weer te herwin ?